

Migrasie en verplasing in *Anderkant die stilte* (André P. Brink),
De reis van de lege flessen (Kader Abdolah) en *Idil, een meisje*
(Yasmine Allas): 'n Genderbeskouing

Rochelle Marais
13089277

Verhandeling voorgelê vir die graad Magister Artium in Afrikaans
en Nederlands aan die Vaaldriehoekcampus van die Noordwes-
Universiteit

| | |
|------------------|--------------------------|
| Studieleier: | Prof. A. Nel |
| Medestudieleier: | Prof. P.L. Van Schalkwyk |

Dankbetuigings

My dank en waardering aan my studieleier Professor Adelé Nel vir haar leiding, raad en geduld gedurende hierdie studie. Dit was voorwaar 'n voorreg om onder haar leiding te studeer. My opregte dank ook aan my medestudieleier Professor Phil van Schalkwyk vir sy insae en leiding. Aan my ouers en verloofde vir hul volgehoue ondersteuning, motivering en geduld deur al die jare, baie dankie, sonder julle sou dit nie moontlik gewees het nie. Laastens aan my Skepper vir die voorreg en vermoë om hierdie studie te voltooi – alle eer kom U toe.

Opsomming

Sleutelbegrippe: *mobiliteit, verplasing, grense, migrasie, identiteit, gender, liggaam, ruimte, verlies, herinnering.*

Migrasie en die gepaardgaande oorsteek van grense is 'n literêre tema wat wêreldwyd toenemend aangetref word. Hierdie tema kan onder andere toegeskryf word aan groeiende mobiliteit en globalisering wat massas mense vrylik oor landsgrense laat beweeg. *Mobiliteit* is 'n sleutelwoord vir die 21ste eeu en kan gebruik word as die oorkoepelende konsep vir die oorsteek van grense en migrasie, terwyl konsepte soos *verplasing, diaspora, nomadelewe, reis, ballingskap* en *(post)kolonialisme* ten nouste daarmee verband hou. Migrasie as demografiese fenomeen bring egter nie slegs landsgrense ter sprake nie, maar ook ander soorte grense, soos byvoorbeeld sosiale, kulturele, religieuse, psigologiese en taalgrense. Die geheue of herinnering as grens kan ook hierby gevoeg word, aangesien dit as koppelvlak tussen tyd en ruimte dien. Die oorsteek van (lands)grense hou bepaalde gevolge in met gepaardgaande eiesoortige probleme, soos onder andere die problematiek van herkoms en identiteit, buitelanderskap en/of marginalisering en ervarings van verlies. Twee romans wat as migranteliteratuur geklassifiseer kan word – *Idil, een meisje* (Yasmine Allas) en *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah), en een roman wat tematies met die kwessie van migrasie en verplasing omgaan – *Anderkant die stilte* (André P. Brink) – word geanaliseer. *Idil, een meisje* (Yasmine Allas) is geskryf deur 'n vroulike migranteskrywer vanuit 'n vroulike perspektief, terwyl *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah) 'n manlike perspektief bied deur 'n manlike migranteskrywer. *Anderkant die stilte* (André P. Brink) bied 'n bykomende dimensie ten opsigte van genderbeskouing aangesien 'n manlike skrywer vanuit 'n vroulikeperspektief skryf. Hierdie drie romans, een uit die Afrikaanse en twee uit die Nederlandse letterkunde, word ontleed om die manifestasie van migrasie en verplasing en die uitvloeisels daarvan met klem op die gepaardgaande genderbeleving te bepaal.

Abstract

Title: Migration and displacement in *Anderkant die stilte* (André P. Brink), *Idil een meisje* (Yasmine Allas) and *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah): A gender perspective.

Key concepts: *mobility, displacement, borders, migration, identity, gender, body, space, loss, memory.*

Migration and the concomitant crossing of borders is a growing world wide theme in literature. This phenomenon can be attributed to growing mobility and globalisation which allow people to move freely across national borders. *Mobility* is a key concept for the 21st century and can be used as an umbrella term for the crossing of borders and migration, also connecting with concepts such as *displacement, diaspora, nomad, travel, exile* and *(post)colonialism*. Migration as demographic phenomenon does not only include the borders of countries but also social, cultural, psychological and language borders. Memory as border can be added to this since it acts as a link between time and space. The crossing of (national) borders also holds certain consequences, amongst others the problem of origin and identity, outsidership and/or marginalization as well as the experience of loss. Two novels which can be classified as migrant literature – *Idil, een meisje* (Yasmine Allas) and *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah), and one novel which explores the problem of migration thematically – *Anderkant die stilte* (André P. Brink) – are analysed in this dissertation. *Idil, een meisje* (Yasmine Allas) portrays a female perspective by a female migrant writer, while *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah) offers a male perspective by a male migrant writer. *Anderkant die stilte* (André P. Brink) adds an additional dimension to gender analysis since a female perspective is portrayed by a male writer. These three novels, one from Afrikaans and two from Dutch literature, will be analysed to determine the manifestation of migration and displacement and the outcome(s) thereof with emphasis on gendered experience in these literature texts.

Inhoudsopgawe

| | |
|--|----|
| Hoofstuk 1: Inleiding | 8 |
| 1.1 Inleiding en kontekstualisering | 8 |
| 1.2 Probleemstelling | 15 |
| 1.3 Navorsingsdoelstellings..... | 15 |
| 1.4 Sentrale teoretiese stelling..... | 16 |
| 1.5 Metode van ondersoek | 16 |
| Hoofstuk 2: Teoretiese fundering | 18 |
| 2.1 Inleiding en kontekstualisering | 18 |
| 2.1.1 Definisie: Migrasie..... | 20 |
| 2.1.2 Die skrywer as migrant..... | 23 |
| 2.1.3 Aspekte van migrasie | 25 |
| 2.1.3.1 Transnasionalisme en migrasie..... | 26 |
| 2.1.3.2 Diaspora | 27 |
| 2.1.3.3 Ballingskap..... | 30 |
| 2.1.3.4 Nomadiese bestaan..... | 32 |
| 2.1.3.5 Reis | 34 |
| 2.1.3.6 Kolonialisme en Postkolonialisme..... | 35 |
| 2.2 Gender en migrasie..... | 39 |
| 2.3 Migrasie en grense..... | 43 |
| 2.3.1 Tekstuele sone | 44 |
| 2.3.2 Simboliese sone | 45 |
| 2.3.2.1 Liggaam as grens | 46 |
| 2.3.2.2 Geheue as grens..... | 50 |
| 2.3.3 Temporele sone..... | 53 |
| 2.3.4 Epistemologiese sone | 53 |
| 2.3.5 Topografiese sone (ruimte en identiteit)..... | 53 |
| 2.4 Liminaliteit..... | 57 |
| 2.5 Verlies en migrasie..... | 59 |
| 2.6 Samevatting..... | 64 |
| Hoofstuk 3: <i>Anderkant die stilte</i> – A. P. Brink..... | 66 |
| 3.1 Inleiding en kontekstualisering | 66 |
| 3.2 André P. Brink: Algemene agtergrond | 66 |

| | | |
|--|---|-----|
| 3.3 | Resepsie | 68 |
| 3.4 | Fabula..... | 71 |
| 3.5 | Temas..... | 72 |
| 3.6 | Migrasie as werkswyse: intertekstualiteit as verplasing | 73 |
| 3.6.1 | Geskiedenis van die Duitse weesmeisies | 76 |
| 3.6.2 | Johanna van Arkel | 79 |
| 3.6.3 | Ander intertekste | 82 |
| 3.7 | Migrasie as tema | 86 |
| 3.7.1 | Ruimte..... | 89 |
| 3.7.2 | Heterotopias..... | 90 |
| 3.8 | Migrasie, identiteit en verlies | 98 |
| 3.9 | Samevatting..... | 109 |
| Hoofstuk 4: <i>De reis van de lege flessen</i> – Kader Abdolah | | 111 |
| 4.1 | Inleiding en kontekstualisering | 111 |
| 4.2 | Kader Abdolah: Die skrywer as migrant | 112 |
| 4.3 | Fabula..... | 115 |
| 4.4 | Die oorsteek van grense | 116 |
| 4.5 | Ruimtes en hul invloed op identiteit..... | 121 |
| 4.6 | Verlies en verlieshantering: die rol van herinnering..... | 125 |
| 4.7 | Gender en liggaamlikheid | 127 |
| 4.8 | Sirkulerende motiewe | 129 |
| 4.8.1 | Flesse..... | 129 |
| 4.8.2 | Pruim en pruimboom | 130 |
| 4.8.3 | Seisoen | 132 |
| 4.8.4 | Voëls..... | 132 |
| 4.8.5 | Spieël | 134 |
| 4.8.6 | Foto's..... | 135 |
| 4.8.7 | Sluier (Barqa)..... | 136 |
| 4.9 | Samevatting..... | 137 |
| Hoofstuk 5: <i>Idil, een meisje</i> – Yasmine Allas..... | | 139 |
| 5.1 | Inleiding en kontekstualisering | 139 |
| 5.2 | Biografiese agtergrond – Yasmine Allas..... | 139 |
| 5.3 | Fabula..... | 140 |
| 5.4 | Islam | 142 |

| | | |
|-----|---|-----|
| 5.5 | Grense wat in <i>Idil, een meisje</i> oorgesteek word..... | 145 |
| 5.6 | Vreemde ruimtes en hul invloed op identiteit in <i>Idil, een meisje</i> | 147 |
| 5.7 | Verlies, verlieshantering en die rol van herinnering..... | 155 |
| 5.8 | Genderbelewing..... | 162 |
| 5.9 | Samevatting..... | 164 |
| | Hoofstuk 6: Gevolgtrekking..... | 165 |
| | Bronnelys..... | 169 |

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Inleiding en kontekstualisering

But today, the rapidly expanding and quickening mobility of people combines with the refusal of cultural products and practices to 'stay put' to give a profound sense of a loss of territorial roots, of an erosion of the cultural distinctiveness of places, and of a ferment in anthropological theory. (Gupta & Ferguson, 1992:9)

Migrasie en die gepaardgaande oorsteek van grense is 'n tema in die letterkunde wat wêreldwyd toenemend aangetref word. Hierdie tema kan onder andere toegeskryf word aan groeiende mobiliteit en globalisering wat massas mense vrylik oor landsgrense laat beweeg, hetsy tydelik of permanent. In haar boek *Cartographies of diaspora. Contesting identities* wys Avtar Brah (1996:178) daarop dat daar aan die einde van die twintigste eeu 'n toename in migrasie rondom die aardbol is. Sy stel dan ook die sentrale problematiek wat daarmee gepaard gaan aan bod: "What does it mean to think about the politics of diaspora in the present historical moment?" (Brah, 1996:1). Edward Said (2002:173) sluit hierby aan met die volgende uitspraak: "[...] our age is indeed the age of the refugee, the displaced person, mass immigration". Ponzanesi en Merolla (2005:2) se opvatting is voorts ook relevant in hierdie verband:

Migration as a demographic phenomenon is far from being a contemporary and homogenous movement that concerns Europe as the recipient of global relocations of cultures and resources. Migrations have always been part of human civilization from ancient times to our days, and have been characterized by multiple articulations of difference. It has often concerned human migrations to and from regions. [...] Hence migration becomes a literal and metaphorical transition in space but also a translation in time.

Die aangehaaldeuitsprake van Said sowel as Ponzanesi en Merolla bevestig dat migrasie rondom die aardbol 'n gegewe is en gevolglik ontstaan daar ook vrae rondom die teoretiese konsepte wat daarmee verband hou. Brah (1996:179) verduidelik soos volg: “These recent migrations are creating new displacements, new diasporas. In the context of a proliferation of new border crossings the language of ‘borders’ and of ‘diaspora’ acquires a new currency”. Die vermeerdering in grensoorkruisings en Brah se gevolglike behoefte aan 'n nuwe “ruilwaarde” vir die taal van grense en verplasing, bring die term *mobiliteit* ter sprake. Volgens Aiwah Ong soos aangehaal deur Adey (2010:1) is mobiliteit 'n sleutelwoord vir die 21ste eeu: “Mobilities became a new code word for grasping the global and the new extensive ways in which we live.” Die term *mobiliteit* kan dus gebruik word as die oorkoepelende konsep vir die oorsteek van grense en migrasie, terwyl konsepte soos *verplasing*, *diaspora*, *nomadelewe*, *reis*, *ballingskap* en *(post)kolonialisme* ten nouste daarmee verband hou. Migrasie as demografiese fenomeen bring egter nie slegs landsgrense ter sprake nie, maar ook ander soorte grense soos byvoorbeeld sosiale, kulturele, religieuse, psigologiese en taalgrense. Die geheue of herinnering as grens kan ook hierby gevoeg word, aangesien dit as koppelvlak tussen tyd en ruimte dien. Deur middel van herinneringe word 'n spesifieke tyd of gebeurtenis aan 'n spesifieke ruimte gekoppel. Elizabeth Grosz (1994:23) sien selfs die liggaam as drempel of grens tussen binêre pare en redeneer soos volg: “It hovers perilously and undecidedly at the pivotal point of binary pairs. The body is neither – while also being both – the private or the public; self or other; natural or cultural; psychical or social; instinctive or learned; genetically or environmentally determined”. Sobchack (2004:130) plaas op haar beurt die probleem van die liggaam in verhouding tot die vreemde ruimte op die voorgrond:

What does it mean to be embodied in the multiple and shifting spaces of the world – not only the familiar spaces that seem of our own making and whose meanings we take up and live as “given” but also those spaces that seem to us strange or “foreign” in their shape and value?

As uitvloeisel van bogenoemde tendense, is dit 'n toenemend voor die hand liggende verskynsel om op die oorsteek van grense in die letterkunde te fokus. As gevolg van die massas mense wat migreer is daar ook 'n groot toename in die hoeveelheid migranteliteratuur wat daaruit ontstaan het. Letterkunde in alle vorme word deur migrante aangewend om hul belewing en ervarings gedurende migrasie en verplasing neer te pen. Hierdie tema was byvoorbeeld ook die fokus van 'n kongres in Leicester, Engeland (Julie 2008) met die titel: *Unsettling Women: Contemporary Women's Writing and Diaspora*. Migranteliteratuur van regoor die wêreld het onder die soeklig gekom.

Twee romans wat as migranteliteratuur geklassifiseer kan word – *Idil, een meisje* (Yasmine Allas) en *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah), en een roman wat tematies met die kwessie van migrasie en verplasing omgaan – *Anderkant die stilte* (André P. Brink) – sal vir hierdie verhandeling as voorbeeldtekste gebruik word. Dit is veral teen bogenoemde agtergrond dat hierdie drie romans¹ ontleed gaan word – een uit die Afrikaanse en twee uit die Nederlandse letterkunde. Verplasing of migrasie as gewilde tema in die Nederlandse letterkunde word deur Buikema en Meijer (2006:1,3) soos volg verduidelik: “Nederlandse kultuur de laazte honderd jaar is veranderd door de komst van migranten. De Nederlandse cultuur is altijd in beweging geweest, niet alleen door de invloed van migranten, maar wel mede daardoor [...] Wat Nederlands was, werd opnieuw gedefinieerd in relatie tot de identiteit van anderen”. Migrasie kom onder andere ter sprake in *Idil, een meisje* as gevolg van die biografiese agtergrond van die skryfster Yasmine Allas. Sy is 'n werklike migrant wat vanaf Somalië na Nederland gevlug het, en sy skryf haar debuutroman terugskouend na die land van oorsprong. Seyhan (2001:9) se uitgangspunt ten opsigte van migranteliteratuur in haar gesaghebbende boek *Writing Outside the Nation* is geldig en ook van toepassing op Allas:

I do not use the terms *exilic*, *diasporic*, or *ethnic writing* in a strictly technical sense, but as signifiers of texts conceived in and operative between two or more

¹ Hoewel *Idil, een meisje* deur sommige as novelle beskou word, word dit onder andere deur Buijs (2008) sowel as Maaiké (2003) as 'n roman in die Nederlandse letterkunde geklassifiseer.

languages and cultural heritages. The subjects of this study speak with varying degrees of accents indicating national, ethnic, geographical, and historical origins and the transitions that have shaped the memory of these origins. [Kursivering: AS.]

Hoewel André P. Brink 'n manlike skrywer is, beskryf hy in *Anderkant die stilte* die spesifiek vroulike beleving, en wend hy hom tot die werklike geskiedenis van Duitse weesmeisies wat as migrante na Suid-Afrika gekom het. Dié historiese gegewens verleen geloofwaardigheid aan die verhaal. Tematies handel die roman by uitstek oor die verplasing van die hoofkarakter oor verskillende grense heen wat onder andere die fisiese verplasing vanaf Duitsland na Afrika insluit. Dit kan moontlik bevraagteken word of Brink wel in staat is om 'n vroulike belewenis te bemiddel. Bal (2001:43) se opvatting bied 'n moontlike antwoord hierop: "Nevertheless, it is possible, both in fiction and reality, for one person to express the vision of another."² *De reis van de lege flessen* sluit op sy beurt by die tema van migrasie aan deurdat die skrywer Kader Abdolah in Iran gebore is, maar gedwing word om uit sy geboorteland na Nederland te vlug. Die roman vertel ook die verhaal van die Iranse vlugteling Bolfazl wat vir homself 'n nuwe lewe in Nederland probeer skep. Ten spyte van ooglopende verskille kan al drie die romans dus binne die kartering van migranteliteratuur geplaas word.

Alhoewel bogenoemde romans uit twee verskillende letterkundes kom, is daar enkele opmerkbare ooreenkomste ter sprake – onder andere dat die twee vroulike hoofkarakters byvoorbeeld ruimtelik aan Afrika verbind is. Hanna X kom van Duitsland as weesmeisie na Afrika, terwyl Idil se wortels in Afrika lê. (Enkele ander ooreenkomste word later aangedui.) Die oogmerk is egter nie om 'n formele vergelykende studie van die tekste te doen nie. Daar sal eerder gepoog word om die romans as eksemplaartekste te ondersoek en te ontleed, ten einde die verskillende wyses waarop daar met die tema van migranteliteratuur in die letterkunde omgegaan word aan bod te stel.

² Hierdie stelling van Bal motiveer dat dit wel moontlik is vir een persoon om vanuit die perspektief van 'n ander te skryf. Dié stelling sal egter verder beredeneer word in afdeling 3.3. waar die resepsie van die roman *Anderkant die stilte* aan bod kom.

Vir die doel van hierdie studie [verhandeling] sal die oorsteek van grense ondersoek word met die klem op die **ervaring** van migrasie ten opsigte van verlies, identiteit, ruimte en gender. Die inkorporering van 'n genderbeskouing word gemotiveer deur die feit dat die manlike en vroulike beleving van migrasie ooglopend verskil. Bogenoemde stelling word onder andere deur Brah (1996), Buijs (1993), Clifford (1997) en Sweetman (1998) beredeneer. Brah (1996:85) wys byvoorbeeld daarop dat vroue 'n steeds groter segment van migreerders in alle dele van die wêreld uitmaak, en gevolglik word kwessies rondom klas, ras, gender en seksualiteit binne die globale sosiale orde 'n dwingende gegewe. As gevolg van die volgehoue magsbasis van mans in talle wêrelddele is daar eiesoortige probleme wat voortvloei uit spesifiek vroulike migrasie. Die vroulike liggaam is onder andere minder weerbaar as die van die manlike eweknie, en daarom die prooi van misbruik of van patriargale geweld. Vroue word dikwels emblematies van die migrantbeleving, juis omdat migrante dikwels minderheidsgroepe is en uitgelewer is aan die magsstrukture binne die nuwe gasheerland. Interessante ooreenkomste en verskille ten opsigte van die redes vir migrasie kan ook by verskillende genders onderskei word.

Die oorsteek van (lands)grense hou bepaalde **gevolge** in met gepaardgaande eiesoortige **probleme**, soos onder andere die problematiek van herkoms en identiteit, buitelanderskap en/of marginalisering, die rol van geheue en/of herinneringe, en ervarings van verlies. In die romans word verskeie konkrete en abstrakte grense deur die hoofkarakters, Hanna, Idil en Bolfazl oorgesteek met ingrypende gevolge. As gevolg van hul ruimtelike verplasing bevind Idil, Hanna en Bolfazl hul voortdurend in vreemde ruimtes, en hierdie vreemde ruimtes (en veral hoe hul hierdie ruimtes ervaar) speel 'n definitiewe rol in die definiëring en selfs herdefiniëring van hul onderskeie identiteite. Wasserman (2006) is van mening dat migrante, "mense wat uit hul moederland gegly het", die vanselfsprekendheid van identiteit verloor. Hanna word gemarginaliseer, nie net as gevolg van die feit dat sy 'n vrou is nie, maar ook juis omdat sy as migrant haarself in 'n vreemde en vyandige omgewing bevind. Idil word op haar beurt ook gemarginaliseer omdat sy 'n vrou is. Sy word ook deur haar familie verstoot wanneer sy op 'n wit man verlief raak, en sodoende ervaar sy 'n dubbele marginalisering. *De reis*

van de lege flessen is 'n psigologiese reis vir beide Bolfazi en René wat aangewakker word deur fisiese reise. Hierdie voortdurende **soeke na identiteit** is 'n bindingselement tussen die boeke – al die karakters moet konkrete sowel as abstrakte grense oorsteek ter wille van identiteitskonstruksie. Aansluitend hierby is die rol van **geheue en herinnering**, asook die ervaring van nostalgie en heimwee. Van Alphen (1999:25) se siening oor herinnering is bruikbaar en relevant: “[...] memory is usually seen as a special case of experience. It is not the voluntary controlled retrieval of the past itself, but rather of the experience of the past”. Die psige is dus 'n plek van resonansie waarin die karakters terug in die verlede kan reis, maar ook 'n toekoms kan verbeeld. Herinnering word dus nie net geskep nie, maar word ook voortdurend herskep. Mieke Bal (1999:xii) se opvatting oor herinnering is hier van toepassing:

The memorial presence of the past takes many forms and serves many purposes, ranging from conscious recall to unreflected re-emergence, from nostalgic longing for what is lost to polemical use of the past to reshape the present.

Wanneer herinnering ter sprake kom, moet die ervarings van nostalgie en heimwee ook ondersoek word. Ingebed in beide die begrippe *heimwee* en *nostalgie* is 'n gepaardgaande **ervaring van verlies**. Rushdie (1991:10) beklemtoon onomwonde hierdie verlieservaring wat met migrasie verband hou: “It may be said that writers in my position, exiles or emigrants or expatriates, are haunted by some sense of loss, some urge to reclaim, to look back, even at the risk of being mutated into pillars of salt.” Die problematiek wat hieruit voortspruit is die vraag *hoe* die verlies hanteer word. Smith (2004:36) se opvatting ten opsigte van die verlieservaring bied 'n bruikbare raamwerk. Sy bring die ervaring van verlies in verband met die oorsteek van 'n bepalende grens of drempel. Hierdie transgressie veroorsaak gevolglik ook 'n ervaring van afwesigheid of leegheid, wat aanleiding gee tot angs. As gevolg van dié gemis wat ontstaan het, ontwikkel 'n nuwe emosie, naamlik begeerte. Hierdie begeerte word nou nagestreef om te kompenseer vir dit wat verlore is. Indien 'n persoon die verlies ontken in plaas daarvan om daarvoor te rou, kan 'n drempelfiksasie ontstaan. 'n Tweede moontlike

gevolg van ontkenning kan ook wees dat die persoon onttrek in 'n staat van melancholie.

In die romans is daar sprake van verskillende verlieservarings as direkte gevolg van die migrasie na 'n ander ruimte. In die eerste plek is daar 'n verlies aan moederland en taal. Hanna kom vanaf Duitsland na Afrika waar sy gekonfronteer word met 'n radikaal vreemde taal en omgewing. Die verlies van 'n stem gaan gepaard met letterlike en figuurlike stilte, want Hanna se tong word uitgesny en so word sy letterlik stil gemaak. Idil lei op haar beurt aan 'n spraakgebrek en word figuurlik stilgemaak binne haar kulturele verband. In *De reis van de lege flessen* word veral klem gelê op die taalgrens waarmee Bolfazl gekonfronteer word. Die hoofkarakter, net soos die skrywer, oorbrug hierdie taalgrens deur homself Nederlands te leer deur gereeld woordeboeke te lees. Verlies ten opsigte van die liggaamlike kom ook ter sprake in die romans, veral waar die vroulike hoofkarakters slagoffers is en koloniserings van die vroulike liggaam op die hoogste vlak ervaar. Vanuit 'n ideologiese en politiese magsbasis word Hanna onherkenbaar geskend deur die manlike offisiere, terwyl Idil op haar beurt, as gevolg van die religieuse en kulturele mag van die manlike oorheersers, die vroulike besnydenis (en skending) ondergaan. Die liggaamlike skending veroorsaak 'n letterlike verlies aan identiteit by Hanna. Sy weier om vir haarself in die spieël te kyk en dit dui moontlik daarop dat die uiterlike ook verband hou met identiteit. Hanna is bang dat sy nie haarself in die spieël sal herken nie en dan haarself moet afvra wie sy werklik is. Bolfazl word op sy beurt ook gemarginaliseer op grond van sy velkleur. Hy is pynlik daarvan bewus dat sy velkleur baie donkerder is as die van sy buurman René. Grosz (1995:33) onderskei tussen twee maniere waarop die liggaam ervaar word. Die eerste is die voorgestelde of “inscriptive body” wat fokus op die sosiale waardes en norme van 'n persoon. Die tweede is die werklike of “lived body” wat op sy beurt fokus op die liggaam se psigiese inskripsies of verbeelde ervaring daarvan. Die liggaamlike verliese wat Hanna en Idil ervaar word dus op twee maniere beleef – die fisiese skending word ook innerlik deur die karakters ervaar.

Saam met liggaamlike verlies word ook verlies aan onskuld op die voorgrond gestel. Albei karakters word reeds op 'n jong ouderdom deur hulle leraars gemolesteer en verloor so hul onskuld. Albei verwerk wel die onderskeie verliese en is sodoende in staat om ten slotte 'n nuutgevonde identiteit te ontdek. Brison (1999:39) verduidelik 'n soortgelyke gebeurtenis soos volg: “[...] working through, or remastering, traumatic memory (in the case of human-inflicted trauma) involves a shift from being the object or medium of someone else’s (the perpetrator’s) speech (or other expressive behaviour) to being the subject of one’s own.”

1.2 Probleemstelling

Die volgende vrae staan in hierdie studie sentraal:

1. Watter teoretiese konsepte hou verband met die oorsteek van grense?
2. Watter soort grense word in die romans oorgesteek waar migrasie ter sprake kom, en watter rol speel grense en die oorsteek daarvan in die onderskeie romans?
3. Wat is die invloed van die vreemde ruimte(s) waarin die karakters hulle bevind, en hoe vind die (her)definiëring van identiteit plaas?
4. Hoe word die ervaring van verlies beleef en hanteer?
5. Hoe word die rol van die geheue en herinnering in die drie romans hanteer?
6. Op watter wyse gaan die gekose tekste met die temas van migrasie en genderkwessies/-belewing om?

1.3 Navorsingsdoelstellings

Die breë doelstelling van hierdie verhandeling is om die gender-belewing van verplasing en die oorsteek van grense te ondersoek en te analiseer. Spesifieke doelstellings is:

1. om 'n teoretiese raamwerk wat verband hou met die oorsteek van grense te ondersoek en indien nodig ook 'n raamwerk te skep;

2. om vas te stel watter soorte grense in die romans oorgesteek word wat met migrasie verband hou, en wat die rol van hierdie grense is;
3. om vas te stel watter invloed die vreemde ruimtes waarin die karakters hulle bevind het op die definiëring of selfs herdefiniëring van identiteit;
4. om die rol wat verlies in die romans speel te ondersoek;
5. om die rol van geheue en herinnering in die onderskeie romans uit te lig en bespreek;
6. om vas te stel of die gekose tekste wel oortuigend omgaan met die temas van migrasie en genderkwessies.

1.4 Sentrale teoretiese stelling

Die sentrale teoretiese argument is dat die oorsteek van sekere geografiese grense – meer spesifiek landsgrense ook die oorsteek van ander soorte grense impliseer³, wat bepaalde gevolge vir die hoofkarakters inhou. Die oorkoepelende gevolg van die ruimtelike verplasing is dikwels die ervaring van verlies op verskeie vlakke. Uit die interpretasie van die romans sal die hantering van verlies, sowel as die rol wat geheue en herinneringe (sowel persoonlik as kollektief) speel, ondersoek word. Waar daar gefokus word op die vrouekarakters se ervaring van migrasie, sal waarskynlik bewys kan word dat daar soms sprake is van 'n bykomende dimensie van verlies, omdat die vroulike liggaam dikwels in die proses uitgebuit en selfs geskend word. Daar sal krities met die gekose tekste omgegaan word om te bepaal of dit wel die temas van migrasie en genderkwessies/belewing effektief aanraak.

1.5 Metode van ondersoek

Die rol van grense en verplasing in die onderskeie romans sal ondersoek word deur relevante teoretiese aspekte hieroor te bestudeer en toe te pas. 'n Teoretiese fundering

³ Soos reeds aangedui op p.3: “[...] **soorte grense** soos byvoorbeeld sosiale, kulturele, religieuse, psigologiese en taalgrense.”

van verbandhoudende konsepte soos *migrasie*, *diaspora*, *nomadelewe*, *reis*, *ballingskap* en *kolonialisme* sal gegee word, waarna dit op die romans toegepas sal word. Deur middel van 'n ontleding van die gekose tekste sal die soorte grense wat oorgesteek word, uitgelig en bespreek word. Probleme en gevolge van die oorsteek van grense sal ondersoek en bespreek word. Dit sluit onder andere in: die verband tussen herkoms en identiteit asook ras, geslag, klas en seksualiteit; die kwessie van marginalisering en buitelanderskap; die rol van verlies, asook die hantering van verlies; en die rol van die geheue en herinnering (persoonlik sowel as kollektief); en die gevolge van die ruimtelike verplasing op die vroulike liggaam. Daar sal krities met die gekose romans omgegaan word, om sodoende vas te stel of hulle wel 'n oortuigende perspektief op die genderbeleving van migrasie bied.

Hoofstuk 2: Teoretiese fundering

2.1 Inleiding en kontekstualisering

Denkers soos Adey (2010), Creswell (2006), Urry (2007) is dit eens dat mobiliteit 'n sleutelwoord van die een en twintigste eeu is. Mobiliteit is die integrale en oorkoepelende konsep vir ruimtelike en geografiese verplasing soos migrasie, diaspora, transnasionisme en reis. Die konsep *mobiliteit* is van toepassing op 'n wye verskeidenheid situasies. Mense sowel as goedere word toenemend verplaas oor ruimtelike en geografiese grense heen en dit gee dus aanleiding tot die tendense van migrasie, diaspora en globalisering. Mobiliteit kan egter ook op abstrakte wyse manifesteer deur die verplasing van idees, konsepte en inligting. Die bestaan van moderne tegnologie soos televisie en internet dra ook by tot die bestaan van visuele mobiliteit: 'n persoon kan naamlik verplaas word deur visuele beelde van ander ruimtes of omgewings sonder dat hy/sy fisies daarheen reis of verplaas word. Mobiliteit het 'n invloed op kulture en sosiale verhoudinge en hou ook implikasies vir persoonlike en kollektiewe identiteit in. Verder word religie ook deur mobiliteit beïnvloed aangesien meer mense blootgestel word aan ander godsdienste waarvan hulle voorheen geen kennis sou dra nie. Mobiliteit hou ook implikasies in op ekonomiese en politieke vlak vanweë die feit dat handel tussen verskillende lande deur die proses van tegnologiese vordering en globalisering vereenvoudig word.

Dit is duidelik dat mobiliteit talle aspekte van die mens se daaglikse bestaan raak, en daarom kan daar uiteindelik ook ondersoek ingestel word na die wyse waarop mobiliteit in die literatuur manifesteer. Intertekstualiteit impliseer byvoorbeeld die beweging oor en tussen tekste en verteenwoordig sodoende een manifestasie van mobiliteit in literatuur. Die blootstelling aan ander tale dra ook daartoe by dat tekste nou meer gereeld vertaal word in ander tale, wat die teks toerus en mobiel maak om ook oor taalgrense heen te beweeg. Mobiliteit, en spesifiek die beweging van mense (migrasie), het tot gevolg dat migrante en transnasionale skrywers ook in die letterkunde opspraak maak.

Sogenaamde transnasionale skrywers⁴ in die Afrikaanse letterkunde sluit onder meer Breyten Breytenbach, Eben Venter, Marita van der Vyver en S.J. Naudé in. Met transnasionale skrywers word bedoel, skrywers wat oor landsgrense migreer, maar hulle nie noodwendig permanent in 'n ander land vestig nie, en/of skrywers wat hul tyd tussen twee of meer lande verdeel. Malan (2012:14) skryf byvoorbeeld in hierdie verband dat die Man Booker-langlys (benewens Brink met Philida) vanjaar nog twee Suid-Afrikaanse verbintenisse het. Die skrywer van die roman *The garden of evening mists*, die Maleisiër Tan Twan Eng, woon deelyds in Kaapstad, en die Brit Deborah Levy (*Swimming home*) is in Suid-Afrika gebore. Twan woon ook deels in Kuala Lumpur. Hierdie tendens is egter nie slegs beperk tot die Suid-Afrikaanse konteks nie, maar word wêreldwyd gevind.

'n Verdere implikasie van mobiliteit vir die literatuur is dat die verskynsel van migrasie, verplasing en mobiliteit as tema aangewend word in verskeie letterkundige werke en ook films. Hannam, Shelly en Urry (2006:10) beklemtoon voorts dat migrasiestudies “are crucial to the field of mobilities research”⁵. Adey (2010:1) maak die stelling dat daar tans nagenoeg 200 miljoen internasionale immigrante wêreldwyd is, wat die opmerking van die voormalige UN Sekretaris-generaal Kofi Annan, dat ons in 'n nuwe era van mobiliteit leef, staaf. Adey (2010:12-13) onderskei ook tussen die terme *beweging* (movement) en *mobiliteit* (mobility) en beklemtoon: “Mobility involves a kind of transformation of the contexts and spaces they occur through”. Transformasie as gevolg van die proses van mobiliteit het betrekking op plekke, maar ook op mense. *Mobiliteit* word deur Adey (2010:34) omskryf as: “Mobility is movement imbued with meaning.” Creswell soos aangehaal deur Adey (2010:35) wys op die verband tussen mobiliteit, betekenis en mag. Waar mobiliteit ter sprake is, is daar altyd 'n element van mag betrokke. Om te reis kan jou bemagtig, maar jy kan ook ontmagtig word. Sheller (2008:25) sluit hierby aan wanneer sy die volgende vraag stel: “What is the relation between mobility and freedom?”. Mobiliteit beteken nie noodwendig vryheid nie, en inperking kan byvoorbeeld plaasvind ten opsigte van kleredrag of taal wanneer van een

⁴ Sien ook 2.1.3.1

⁵ Die tendens van mobiliteit geniet soveel aandag dat daar selfs 'n tydskrif met die titel *Mobilities* bestaan wat toegewy word aan navorsing in hierdie area.

land na 'n ander beweeg word. Uiteindelik kan Peter Adey (2010:81) se stelling as uitgangspunt dien: "Mobility is always meaningful and, therefore, never simply movement."

Daar bestaan tans (na my wete) geen definitiewe teoretiese raamwerk waarteen literatuur ontleed kan word ten opsigte van migrasie en verplasing nie. Dit is egter ook so dat elke literatuurstudie wat hom leen tot ontleding ten opsigte van migrasie en verplasing 'n unieke raamwerk aanwend vir ontleding aangesien nie alle aspekte van migrasie in alle vorme van letterkunde ooreenstem nie. Die doel van hierdie hoofstuk is om teoretiese konsepte te identifiseer wat direk met migrasie en verplasing verband hou. Die verhouding tussen hierdie teoretiese konsepte en migrasie en verplasing sal nagespeur en uitgelig word. Uiteindelik sal hierdie hoofstuk 'n teoretiese raamwerk vorm waarteen die drie romans ontleed kan word ten opsigte van migrasie en verplasing.

2.1.1 Definisie: Migrasie

Migrasie is van alle tye gewees, maar nog nooit het die literatuur van migranten so sterk die aandag van die boekrak bepaal as in die laaste decennia (Van Kempen soos aangehaal deur Foster, 2008:57).

Migrasie is 'n internasionale tendens wat aan die toeneem is soos blyk uit die feit dat die geraamde aantal internasionale migrante wêreldwyd toegeneem het van ongeveer 176 miljoen in 2000 tot meer as 200 miljoen in 2010 (Adey, 2010:1). *Migrasie* is een van die sleutelbegrippe in die studie en daar sal eerstens 'n omskrywing van hierdie term gegee word. Tweedens sal daar gepoog word om te bewys dat die terme *migrasie* en *verplasing* as verwante begrippe gebruik kan word in die konteks van hierdie studie. Laastens sal daar onder hierdie hofie gemotiveer word waarom migrasie 'n relevante hedendaagse verskynsel is wat ondersoek moet word.

Migrasie word deur Twardros (2004:333) soos volg gedefinieer: "The movement of persons from one country or abode to settle in another. The act of moving oneself and

one's ideas away from fixed geographical and cultural locations, to new positions determined through a creative negotiating and assembling of cultural identities." Die WAT (1996:371) tref onderskeid tussen die terme *migrasie* en *migreer*. *Migrasie* word gedefinieer as 'n "1) Handeling, proses of (mv. migrasies) geval van te migreer; sin. *migrering* (ongewoon): *Migrasie uit 'n land. Stadwaartse migrasie van werkers. Noordwaartse migrasies van voëls. Seisoenale migrasies van diere*". *Migreer* word op sy beurt gedefinieer as: "1a) Een land, streek of plek verlaat ten einde jou in 'n ander te vestig: *Die inter- en intrakontinentale bevolkingsbeweging laat miljoene mense uit bykans alle lande en volke met uiteenlopende tale migreer.* 1b) Na ander omstandighede beweeg, bv. deur van beroep te verander". Vanuit hierdie definisies kan daar afgelei word dat migrasie ter sprake kom wanneer iemand die sentrum van sy bestaan verlaat, wat gevolglik verwys na verplasing ten opsigte van 'n landstreek of omgewing. Bogenoemde definisies fokus spesifiek op die oorsteek van landsgrense, migrasie behels egter by implikasie ook die oorsteek van verskeie abstrakte of psigiese grense⁶. Hierdie stelling word deur Rushdie (1991:12) gemotiveer: "It may be argued that the past is a country from which we all have emigrated, that its loss is part of our common humanity". Rushdie is hier van mening dat die verlede een so 'n abstrakte grens is wat oorgesteek word. Migrasie word nou 'n abstrakte konsep aangesien dit nie slegs die oorsteek van fisiese grense behels nie, maar dat selfs die oorgang tussen die verlede en hede as 'n migrasieproses beskou kan word; daar is dus sprake van verplasing. Die HAT (2004:1267) gee die volgende definisie vir verplasing: "Oorplasing na 'n ander plek". Die Engelse term vir *verplasing* is *displacement*. Tawardros (2004:331) definieer *dislocation*, wat direk verband hou met *displacement*, soos volg: "The act of disrupting an established order so it fails to continue. A displacement of a person or ideology from its normal position. A condition of being disconnected from a location, identity or time from which emerges a different interpretation of the world". Die term *verplasing* verskuif die klem vanaf landsgrense na abstrakte grense, tog fokus beide op die oorsteek van grense. Die proses van migrasie (die oorsteek van 'n landsgrens) gaan egter by implikasie gepaard met die oorsteek van ander abstrakte grense (onder andere psigiese, taal- en geloofsgrense). Die terme *migrasie* en

⁶ Die grense wat hier ter sprake kom, sal breedvoerig onder afdeling 2.3 bespreek word.

verplasing het dus 'n noue verband en hoewel dit nie algemeen as sinonieme gebruik word nie, sal dit wel in die konteks van hierdie studie wel as verwante begrippe aangewend word. Migrasie as 'n abstrakte konsep word verder uitgelig deur Van Alphen (2002:5) se mening dat migrasie selfs ook virtueel kan plaasvind:

This cultural hybridity is not only the result of a literal, bodily migration of people, but also of a phenomenon which has been called “virtual migrancy”. Even those peoples who have never migrated – peoples who lived for centuries in the same location, in the same homogenous community – do not live in the same “local” culture as before because of radio, television, film and the internet [...] Virtual migrancy complicates a person’s “culture”. It creates cultures “within”, which ultimately also leads to a hybridization of culture in general.

Die genuanseerde definisies van migrasie en verplasing dui daarop dat die ervaring van migrasie as kompleks beskou kan word, aangesien soveel aspekte daardeur aangeraak word. Skrywers gebruik dikwels die skryfproses om hul emosies en ervaring van verlies te verwerk, terwyl hulle ook dikwels worstel met die moontlikheid van terugkeer (hetsy fisies of metafories). Samers (2010:325) noem dié psigologiese toestand, waartydens die migrant droom van die terugkeer na die land van oorsprong, die mite van terugkeer (“the myth of return”). White (1995:14) se opvatting is in hierdie verband relevant aangesien dit lig werp op die feit dat die idee van terugkeer dikwels deur skrywers gekoester word en ingesluit word in hul skrywe, of dit uiteindelik realiseer of nie:

But finally, it must be noted that amongst all the literature of migration the highest proportion deals in some way with ideas of return, whether actualized or remaining imaginary. To return may be to go back but it may equally be to start again: to seek but also to lose. Return has both a temporal and a spatial dimension. For the individual returning to their ‘own’ past and place it is rarely fully satisfying: circumstances change, borders in all senses are altered, and identities change.

Soos uit hierdie aanhaling blyk, word identiteit ook deur die ervaring van migrasie beïnvloed⁷. Aangesien beide *Idil, een meisje* en *De reis van de lege flessen* deur migrante in Nederland geskryf is, is dit ook insiggewend om die komplekse fenomeen van migrasie na Nederland te ondersoek. Foster (2008:61) maak die stelling dat dit 'n opvallende tendens is wat toeneem in Nederland, dat skrywers wat nie oorspronklik van Nederlandse afkoms is nie, nou in Nederlands publiseer. Sy skryf hierdie tendens toe aan die ryk kulturele interverwysing as gevolg van die koloniale geskiedenis van die land. Hierdie koloniale geskiedenis verwys hoofsaaklik na die naoorlogse migrante, asook die sogenaamde gaswerkers uit lande soos Turkye en Marokko. In plaas daarvan om terug te keer na hul land van herkoms het hulle en hul gesinne of huweliksmaats, ook na Nederland migreer. Vandaar die aansienlike hoeveelheid Moslemmigrante wat vandag in Nederland woon. Hierdie migrante word dan volgens Foster (2008:62) aangemoedig om in sowel Nederlands as hul moedertaal te skryf, deur middel van taalverwerwingskursusse en kreatiwiteitsprojekte. Vandaar dan die verskynsel van migrante wat in Nederlands publiseer, byvoorbeeld skrywers soos Kader Abdolah, Yamine Allas, Ayaan Hirsi Ali, asook digters soos Mustafa Stitou en Abdelkader Benali. Hierdie verskynsel van migrasie na Nederland gee aan die kultuur 'n eiesoortige karakter, soos Buikema & Meijer (2006:1) beaam: “[...] rijst een onverwacht dynamisch beeld op van de Nederlandse cultuur: het beeld van een bewegelijke veelheid van culturen, die steeds nieuwe verbindingen met elkaar aangaan”.

2.1.2 Die skrywer as migrant

Die teenwoordigheid van migranteskrywers in hierdie studie noodsaak eerstens die omskrywing van migranteliteratuur. Tweedens sal daar onderskeid getref word tussen migranteliteratuur en literatuur waar migrasie as tema aangewend word. Laastens sal die relevansie van migranteliteratuur vir hierdie studie gemotiveer word en klem sal gelê word op die verskuiwing ten opsigte van genderperspektiewe binne migranteliteratuur.

⁷ Die verhouding wat daar bestaan tussen ruimte en identiteit word onder afdeling 2.3.5. ondersoek.

Volgens Carter (1992:101) kan migranteliteratuur beskou word as: “Die literêre uitsette van verskillende lande waarin daar sowel ’n konstruksie as ’n verwerking plaasvind van verplaastes se ervaring van ’n wêreldruimte waarin die norm beweging is, in plaas van stilstand”. Dit is belangrik om hier te onderskei tussen tekste waarvan die skrywer ’n migrant is en tekste wat handel oor migrasie of migrasie as tema aanraak. ’n Teks wat oor migrasie handel is nie noodwendig deur ’n migrant geskryf nie en omgekeerd, tog val albei onder die oorhoofse tema van migrasie. *Idil, een meisje* en *De reis van de lege flessen* is albei deur migrante geskryf, terwyl André Brink tematies omgaan met migrasie in *Anderkant die stilte*. White (1995:9) se opvatting is relevant in hierdie verband: “A very high proportion of creative writing relating to migration and its impacts is, however, strongly autobiographical. Artistic or commercial considerations play a part, but there are also, in many cases, strongly personal motivations drawn from a possible need for catharsis or to allow the act of writing to contribute to the re-definitions of identity [...]”. Die skryfproses word nou vir die migrant terapeuties om sy (dikwels traumatiese) ervarings te verwerk en om sy of haar nuwe identiteit te vestig.

Die kwessie van die skrywer as migrant word gekompliseer wanneer daar in ag geneem word dat manlike sowel as vroulike migrante hul ervarings rondom migrasie neerpen. Die wyse waarop hulle met hierdie ervarings omgaan verskil egter op grond van gender. Vandaar is dit dus ook belangrik om ondersoek in te stel na die genderbeleving wat met migrasie gepaard gaan. Die rol wat vroulike skrywers in hierdie verband speel word deur White (1995:11) soos volg beskryf: “The writing of women migrants often challenges the hegemony of views of gender roles in migration derived largely from male-dominated research. This is becoming increasingly the case in writing by migrant women from ethnic minority backgrounds [...] they also document the result struggles of migrant women, triply marginalized through their gender, their race and their poverty”. Deur middel van migranteliteratuur verkry die voorheen gemarginaliseerde vrou nou ’n stem of platform vanwaar daar oor die ervaring van migrasie en gepaardgaande gevolge geskryf kan word. Die toename in veral vroulike Moslemmigranteskrywers word bevestig deur hedendaagse skrywers soos: Naeema Tahir (die skrywer van *A Muslimwoman Unveils* wat in 2005 uitgegee is), Naima El Bezaz, Irshad Manji, Azar

Nafisi, Bharati Mukherjee, en die Somalies-Nederlands-feminis en migranteskrywer Ayaan Hirsi Alli.

King *et al.* (1995:71) maak die volgende stelling ten opsigte van die migrant en die skryfproses: “For those who come from elsewhere, and cannot go back, perhaps writing becomes a place to live”. Hierdie stelling is veral van toepassing op Kader Abdolah en Yasmine Allas wat albei om politieke redes hul moederland verlaat het. Sulke individue dink dikwels met nostalgie terug aan hul geboorteland – dit is dan wanneer die skryfproses terapeuties word. Sodoende word ’n ruimte geskep waarbinne hulle emosies kan ervaar en in ’n mate verwerk deur uiting daaraan te gee. Dit is egter dan ook so dat dit wat die individu onthou baie selektief is en dit is juis hier waar die rol van die geheue ter sprake kom.⁸

Behalwe vir die temas wat met migrasie verband hou, is dit belangrik om daarop te let dat die term *migrasie* in hierdie verband oorkoepelend gebruik word vir die verskynsel van migrasie as sodanig: “[...] consider the overlap and resonance of the term ‘diaspora’ with meanings of words such as migrant, immigrant, expatriate, refugee, guest worker and exile”. (Brah, 1996:16) Vrae ontstaan gevolglik soos: Waarom (im)migreer mense of groepe? Watter faktore moedig migrasie aan of bied die geleentheid vir spesifieke soorte migrasie om voort te gaan? Watter rol speel ruimte en grense in hierdie verband? Die term *migrasie* sluit dus verskillende fasette in wat vervolgens kortliks bespreek sal word.

2.1.3 Aspekte van migrasie

Samers (2010:52) beklemtoon die feit dat migrasie ’n verwarrende stel prosesse is wat moeilik is om te verstaan en te verduidelik, juis omdat daar soveel verskillende teorieë is oor waarom en waarheen mense migreer: “A key theoretical issue then is that the explanation of migration may be different for different (groups of) people over time and space”. Hoewel verskeie redes aangevoer kan word waarom ’n individu of groepe

⁸ Sien ook bespreking van die rol van die geheue 2.3.2.2.

mense sal migreer, kan dit hoofsaaklik in twee hoofkategorieë verdeel word: Samers (2010:323) tref onderskeid tussen *gedwonge migrant* (forced migrant) en *vrywillige migrant* (voluntary migrant). Vrywillige migrasie sluit dikwels persoonlike redes in, soos byvoorbeeld beter werkgeleenthede of familieledede wat verhuis of die behoefte na andersoortige kulturele ervarings, terwyl gedwonge migrasie onder andere politieke redes insluit, byvoorbeeld kolonialisme en ballingskap. Die begrip *vrywillige migrant* word deur Samers (2010:328) omskryf as:

[...] a general term to describe an individual who is not forced to migrate from their country or countries of origin. 'Voluntary' is an imprecise and relative term, and there are various degrees of voluntarism. Voluntary migrants may migrate for marriage purposes, to be closer to family, friends, or for other relationships. They also may migrate for a particular job, or simply to experience other cultures. In short, the reasons are very diverse.

Gedwonge migrasie is op sy beurt 'n algemene term wat gebruik word om 'n individu te beskryf wat gedwing word om hul land of land van geboorte te verlaat: "Forced is an imprecise term that may have economic, environmental, political, or social origins, or a combination of all or any of these" (Samers, 2010:328).

Vervolgens word enkele begrippe wat met migrasie verband hou, bespreek. Hierdie begrippe kan as aspekte en ook uitvloeisels van migrasie beskou word.

2.1.3.1 Transnasionaalisme en migrasie

Transnasionaalisme is 'n sleutelbegrip in die hedendaagse diskoers rondom mobiliteit en migrasie. Transnasionaalisme word allerweë beskou as 'n manifestasie van globalisering. Samers (2010:328) definieer *transnasionaalisme* soos volg: "In the context of migration, this usually refers to the multiple cultural, economic, political and social ties that bind migrants across one or more countries." Volgens Basch, Glick-Schiller en Blanc (soos aangehaal deur Samers, 2010:94) kan transnasionaalisme

gekonseptualiseer word as: “the processes by which immigrants forge and sustain multi-stranded social relations that link together their societies of origin and settlement”. Transnasionale verhoudings maak met verhoudings oor landsgrense heen. Migrante behou byvoorbeeld een of ander kontak met die land van herkoms en familie deur die nuwe tegnologiese ontwikkelings soos internet, goedkoop internasionale telefoonnetwerke, ensovoorts.

2.1.3.2 Diaspora

“Paradoxically, diasporic journeys are essentially about settling down, about putting roots ‘elsewhere’.” (Brah, 1996:182)

Diaspora is een van die terme wat in verhouding tot migrasie bespreek word. Dit is daarom nodig om ’n omvattende definisie van diaspora na te speur en om te bewys waarom diaspora as ’n manifestasie van migrasie voorgehou kan word. Brah (1996:181) se definisie is bruikbaar in hierdie verband:

The word derives from the Greek – *dia*, ‘through’, and *speirein* ‘to scatter’. According to Webster’s Dictionary in the United States, diaspora refers to a ‘dispersion from’. Hence the word embodies a notion of a centre, a locus, a ‘home’ from where the dispersion occurs. It involves images of multiple journeys.

Samers (2010:323) definieer diaspora op sy beurt soos volg:

A highly contested term in meaning and scope, it generally refers to migrants from some sort of ‘homeland’ who in turn spread out across the world and re-settle in various countries of immigration and re-establish inter-linked communities.

Diaspora behels dus die verstrooiing van mense regoor die aardbol, wat in sekere gevalle oorspronklik almal lede van ’n bepaalde groep of volk is. Israel (2000:1) sluit

hierby aan: “Diaspora’ indicates the dispersal or scattering of a body of people from their traditional home across foreign lands; yet, like the agricultural sowing of seeds from which the word comes to us (from the Greek *speirein*), it also suggests an anticipation of root-taking and eventual growth”.

Diaspora beskik ook oor ’n religieuse konnotasie aangesien dit dikwels verwys na die verspreidheid van lede van ’n spesifieke geloof. Die term het sy oorsprong gehad na die verspreiding van die Jode tydens die Babiloniese ballingskap. Die Jode het hierna almal dieselfde lokus gedeel, maar was ver van mekaar verwyderd ten opsigte van die land of plek waar hul woon. Brah (1996:181) maak ook die stelling dat die term vandag steeds gelade is met historiese waarde, maar dat dit nou eerder as vertrekpunt gebruik word as ’n “model”. Diaspora het egter ook ’n politieke konnotasie verkry met verwysing na die groepe politieke vlugteling vanuit Sri Lanka, Somalië en Bosnië.

Verskeie redes kan aangevoer word waarom diaspora plaasvind. Gilroy (1997:303) voer die volgende moontlike redes aan: “Diasporas are the result of the scattering of peoples whether as the result of war, oppression, poverty, enslavement or the search for better economic and social opportunities, with the inevitable opening of their culture to new influences and pressures.” Alhoewel Woodward (1997:318) van mening is dat diaspora altyd gedwonge is of met huiwering gepaard gaan, is dit nie by uitstek die geval nie. Diaspora kan ook die gevolg wees van vrywillige verplasing, juis as gevolg van die soeke na beter omstandighede of ontvlugting uit huidige politieke en sosiale omstandighede. Seyhan (2001:11) verduidelik waarom diaspora wat eens slegs as gedwonge beskou is, in die moderne era ook vrywilliglik kan plaasvind:

In current usage, the term diaspora has moved into a broadly conceived semantic realm. Although it originally designated the forced dispersion of major religious and ethnic groups, such as the Jews and Armenians, a dispersion precipitated by a disaster often of a political nature in the modern age, greatly diversified exile and ethnic communities, expatriates, refugees, “guest” workers,

and other dispossessed groups sharing a common heritage have moved into the semantic domain of the term.

Tawardros (2004:332) verskaf die volgende omvattende definisie van *diaspora*:

The historical movement, migration or scattering of people, their language and culture from their original homelands. Body of people living outside of their homelands or place of origin. A lateral dispersion with many sources connected though some sense of common cultural origins, shared ideas and beliefs.

Chailand en Rageau (1997: xiii-xxi) se opvatting som die kwessie rondom diaspora op. Hulle is van mening dat diaspora 'n gesamentlike geforseerde verspreiding van 'n religieuse en/of ander groepe is, wat aangevuur word deur 'n ramp meestal van politieke aard. Diaspora kan ook gedefinieer word deur die rol wat die kollektiewe geheue speel. Deur kollektiewe geheue word beide historiese feite asook kulturele oorerwing oorgedra, waarvan laasgenoemde meestal religieuse konnotasies behels. Die laaste aspek in Chailand en Rageau se opvatting is dat diaspora nie slegs deur geografiese verspreiding gekenmerk word nie, maar ook aan 'n wil om te oorleef deur 'n erfenis na te laat. Hubbard (2006:241-242) is van mening dat die term *diaspora* nou op 'n willekeurige wyse aangewend word om na migrante, vlugteling, gaswerkers en reis-identiteite te verwys: "In fact the term diaspora is commonly used to describe any ethnicised community visible in the host community". Net soos Chailand en Rageau lê hy sterk klem op die kollektiewe geheue wat so 'n groep deel aangaande hul tuisland.

Diaspora is egter nie die enigste konsep wat onder die oorkoepelende term *migrasie* val, wat of vrywillige of gedwonge migrasie behels nie. Die volgende konsep wat as moontlike rede vir migrasie voorgelê kan word, is dié van *ballingskap*.

2.1.3.3 Ballingskap

Die omstandighede (veral politiese omstandighede) van die era waarin ons leef dra by tot die feit dat ballingskap meer gereeld aangetref word en as rede vir migrasie voorgehou kan word. Said (2002:174) beaam hierdie stelling: “Our age – with its modern warfare, imperialism and the quasitheological ambitions of totalitarian rulers – is indeed the age of the refugee, the displaced person, mass immigration.” Die term *ballingskap* word deur Tawardros (2004:333) as volg gedefinieer:

To be *voluntarily* absent from home or country or *expelled* from there by the ruling authority. A conceptual break with one’s original culture which may stimulate new perceptions of the self but which may lead to feelings of isolation or displacement. (Eie kursivering)

Ballingskap behels verbanning van ’n individu uit ’n spesifieke geografiese area, as gevolg van politieke redes. Hierdie verbanning kan gedwonge of vrywillig wees soos in die definisie hierbo uitgelig word. Durham Peters (1999:17) bevestig hierdie stelling:

Exile suggests a painful or punitive banishment from one’s homeland. Though it can be either *voluntary* or *involuntary*, internal or external, exile generally implies a fact of trauma, an imminent danger, usually political, that makes the home no longer safely habitable. (Eie kursivering)

Ballingskap gaan dikwels gepaard met ’n gevoel van dualisme: enersyds roep ballingskap ’n konnotasie met verlies op, soos Said (2002:273) beaam:

Exile is strangely compelling to think about but terrible to experience. It is the unhealable rift forced between a human being and a native place, between the self and its true home: its essential sadness can never be surmounted. And while it is true that literature and history contain heroic, romantic, glorious, even triumphant episodes in an exile’s life, these are no more than efforts meant to

overcome the crippling sorrow of estrangement. The achievements of exile are permanently undermined by the loss of something left behind forever.

Andersyds koester die balling so 'n sterk wrok teen die vaderland en dit wat hy daar ervaar het, dat hy nie 'n gevoel van verlies wil ervaar nie. Hoewel ballingskap dikwels met verlies gepaard gaan, lig Israel (2000:1) uit dat ballingskap ook in 'n mate positiewe groei kan impliseer: “‘Exile’ denotes banishment from a particular place in a institutional act of force; but, appropriately for a word that probably derives from the Latin *exsilire* is also expresses a sense of ‘leaping out’ toward something or somewhere, implying a matter of will”.

Beide ballingskap en diaspora kan dus of uit vrye wil of onder dwang geskied. Die gevaar ontstaan nou dat daar moeilik onderskeid tussen die twee terme getref kan word. Israel (2000:3) differensieer soos volg tussen ballingskap en diaspora:

Yet there is a subtle, though important, distinction to be made between the words. In terms of contemporary literary and cultural studies, at least ‘exile,’ perhaps most closely associated with literary modernism, tends to imply both a coherent subject or author and a more circumscribed, limited conception of place and home. Maintaining a stronger link to minority group solidarity and associated with intersection of postcoloniality and theories of post structuralism and postmodernism, ‘diaspora’ by contrast, aims to account for a hybridity or performativity that troubles such notions of cultural dominance, location and identity.

Hoewel ballingskap en diaspora vrywilliglik of gedwonge plaasvind, is daar egter ook gevalle waar migrasie of verplasing slegs uit vrye wil plaasvind. Hierdie opvatting noodsaak dan ook ondersoek na die volgende term *nomadiese bestaan*.

2.1.3.4 Nomadiese bestaan

“For nomads, home is always mobile.” (Durham Peters:1999:20)

Onder hierdie hofie sal ondersoek ingestel word na wat presies 'n nomadiese bestaan behels. Daar sal ook gepoog word om te bewys dat 'n nomadiese bestaan uit vrye wil gevoer word en daar sal ook betoog word dat daar vir die doel van hierdie studie 'n verband getrek kan word tussen die terme *nomade* en *pelgrimstog*. Die term *nomade* se oorsprong word deur Durham Peters (1999:25) soos volg verklaar: “Like *diaspora*, *nomad* is of Greek origin. It comes from *nomos* (*nomados* in the genitive case), a word for feeding or pasturing, and its related to *nomos* (law) and *nemesis*, the root *nem-* having to do with allotment or sharing.”

'n Nomadiese bestaan vereis van die subjek om konstant rond te beweeg, soos Durham Peters (1999:20) dit beskryf: “[...] nomadism dispenses altogether the idea of a fixed home or centre”. Die woord *nomade* roep 'n sterk konnotasie met die idee van wortelloosheid op, vanweë die feit dat daar geen vaste heenkome bestaan nie. 'n Moontlike rede waarom die subjek geen vaste heenkome het nie, word deur Durham Peters (1999:20) toegeskryf aan die mag van die staat en hul invloed op 'n nomadiese bestaan: “[...] nomadism can involve active defiance of or furtive avoidance of the sedentary authority of state and society”. Die subjek wat kies om 'n nomadiese bestaan te voer, doen dit dikwels om die mag van die staat te ontglip en 'n gevoel van vryheid te ervaar. Pallasmaa (2008:144) verwys ook na stedelike nomade (urban nomad) wat verwys na: “[...] the increasing frequency of changing one's domicile. Die term *nuwe nomade* (New Nomadism) word hieruit gemunt wat meer spesifiek verwys na:

[...] a contemporary metropolitan nomadism, a novel life style without home altogether, without a fixed point of reference and return. The mobility of life today however, extends far beyond urban nomadism; it is turning increasingly into an existential nomadism, an experience of life itself in constant transition without roots and domicile.

Ons moet ook kennis dra van die term *eksistensiële nomadisme* soos deur Edward Relph (aangehaal deur Pallasmaa, 2008:144) voorgestel: “Existential outsidership involves a self-conscious and reflective uninvolvement, an alienation from people and places, a homelessness, a sense of unreality of the world, and of not belonging”.

Die nomadiese bestaan kom veral ter sprake in die roman *Anderkant die stilte*, wanneer Hanna die besluit neem om van Frauenstein af weg te loop om ’n nomadiese bestaan in die woestyn te voer. Hanna voer egter nie ’n doellose nomadiese bestaan net om vry te wees nie. Sy trek deur die woestyn met ’n doel voor oë en daarom kan dit ook as ’n moderne pelgrimstog beskou word. ’n Verband word hier getrek met die Israeliete se veertig jaar lange pelgrimstog deur die woestyn op pad na Kanaän. Christene onderneem ’n pelgrimstog in ’n poging om die ewige Koninkryk of beloofde land te vind, terwyl Hanna hierdie “pelgrimstog” onderneem om wraak te neem en sodoende ewige rus te vind. Die rede wat Bauman (1996:20) aanvoer waarom gelowiges die besluit neem om ’n pelgrimstog te onderneem, kan ook voorgehou word as die rede waarom Hanna besluit om haar eie pelgrimstog aan te pak:

Here, wherever one moved, one was in a place, and being in place meant staying put, doing what the place needed to be done. The desert, on the contrary, was a land not yet sliced into places and for that reason it was the land of self-creation.

Gedurende hierdie nomadiese pelgrimstog is Hanna in beheer van haar eie lewe en het sy nie nodig om verantwoording te doen teenoor enige iemand nie. Haar besluit is glad nie gedwonge nie en vind by uitstek uit vrye wil plaas. Nog so ’n aspek wat verband hou met migrasie en wat hoofsaaklik uit eie wil geskied, is die konsep *reis*.

2.1.3.5 Reis

In die moderne era waarin ons leef, is reis oor landsgrense heen 'n alledaagse verskynsel. Dit kan toegeskryf word aan tegnologiese vooruitgang (byvoorbeeld vervoermiddele wat die proses van reis vergemaklik) en globalisering. Globalisasie vereis dat mense hedendaags om verskeie politieke, ekonomiese en persoonlike redes in nadere kontak met diegene in ander lande leef. Individue onderneem reise na ander lande vir onder meer besigheidstransaksies en geleenthede sowel as persoonlike redes (wat verkenning en besoeke aan familielede of vriende oorsee insluit). Dit sal nou insiggewend wees om vas te stel watter verskil (indien enige) tussen reis en migrasie, sowel as die reisverhaal en migranteliteratuur bestaan. Die HAT (2004:703) definieer migrasie as “Landverhuising”, terwyl reis (904) gedefinieer word as 'n “Tog van een plek na 'n ander”. Clifford (1997:1) definieer op sy beurt reis as: “A range of practices for situating the self in a space or spaces grown too large, a form both of exploration and discipline”. Reisliteratuur verwys dus na literatuur wat ontstaan uit 'n skrywer se ervaring gedurende die reisproses.

Seyffert (1992:421) is van mening dat dit steeds 'n opwindende ervaring bly om die aard van die landskap en die mense in die vreemde te leer ken, en juis om hierdie rede ervaar die literatuur 'n opbloeit van reisprosa. Hy identifiseer die volgende kenmerke (konstituerende elemente) waarvoor die reisverhaal beskik: Eerstens word alle reisindrukke vertel en beskryf vanuit die gesigshoek van die reisiger-waarnemer – die skrywer is dus die spreker en vervul in alle opsigte die funksie van die eerstepersoonsverteller. Tweedens dra die feit dat die reisverhaal altyd vanuit die perspektief van die eerste persoon aangebied word daartoe by dat hierdie subgenre 'n subjektiewe, intieme en persoonlike karakter aanneem. Laastens poog die reisverhaalskrywer om sy belewenisse van die vreemde so in taal te manifesteer en die gebeure so te orden dat hy die belangstellende leser 'n reisgenoot kan maak. Dit word egter duidelik dat hierdie kenmerke ook as kenmerkend van die migranteliteratuur beskou kan word. Die enigste verskil wat nou geïdentifiseer kan word, is dat migranteliteratuur verwys na literatuur wat ontstaan as gevolg van die migrasieproses,

terwyl die reisverhaal ontstaan as gevolg van die reisproses. Daar kan dus geargumenteer word dat reis slegs die tydelike oorsteek van grense impliseer, terwyl migrasie dikwels permanente oorsteek van grense behels. Aan die hand van hierdie argument kan al drie die romans bespreek word ten opsigte van migrasie of verplasing, aangesien beide die reisverhaal (*Anderkant die stilte*), sowel as migranteliteratuur (*Idil, een meisje* en *De reis van de lege flessen*), die oorsteek van grense behels.

Roos (2006:59) is van mening dat 'n identiteitskrisis die kern vorm van die grootste deel van die hedendaagse literatuur. Hierdie identiteitskrisis word egter verder gekompliseer wanneer die aspek van reis ook ter sprake kom. 'n Komplekse verhouding ontwikkel tussen die skrywer as reisiger en die plaaslike bevolking. Viljoen (2003:10) skryf byvoorbeeld met betrekking tot Leipoldt se reisverhale dat hy uiters selfbewus was oor sy rol as “waarnemer” en “die ander”. Reis en beweging kan wel 'n identiteitskrisis vererger en verdere verwarring by 'n persoon veroorsaak, maar terselfdertyd stel dit ook die persoon in staat om sy/haar identiteit te skep en te herskep. Identiteit word aan reis gekoppel deur middel van die idee dat reis sowel as identiteit die soeke na die self of selfontdekking behels. Viljoen (2003:80) bevestig hierdie stelling: “Die reis is 'n vorm van ondersoek wat lei tot selfondersoek en selfontdekking”. Twee vorme van reis kan geïdentifiseer word, naamlik geografiese reis en psigologiese reis. Geografiese reis verwys na konkrete reis – met ander woorde 'n reis oor fisiese grense heen. Verskillende geografiese liggings neem verskillende betekenis aan vir elke individu. Psigologiese reise verwys terselfdertyd na abstrakte reise of reise oor psigiese grense heen. Hierdie psigiese reis sluit ook aan by die soeke na die self en 'n soeke na identiteit. Psigiese reise tesame met die geografiese reise dra dan by tot die karakters se vermoë om te groei, sin te maak uit hul omstandighede en hul identiteit te vind.⁹

2.1.3.6 Kolonialisme en Postkolonialisme

Kolonialisme is die volgende term wat by die bespreking van migrasie ondersoek moet word, aangesien dit ook as uitvloeisel van migrasie beskou kan word. Vir hierdie studie

⁹Die verhouding tussen ruimte en identiteit word onder hofie 2.3.5 breedvoerig bespreek.

is kolonisasie relevant aangesien dit veral in *Anderkant die stilte* 'n belangrike rol speel. Om te bewys dat kolonialisme as uitvloeisel van migrasie voorgehou kan word, moet die verband wat daar bestaan tussen migrasie en kolonialisme eers uitgelig word. Deur die verduideliking van kolonialisme wat Tawardros (2004:331) verskaf, kan die verband tussen migrasie en kolonialisme duideliker na vore kom:

One country's domination of another country or people where the dominant assumes political and economic control over the other – usually achieved through aggressive, often military action. Practiced by European states such as Britain, France, Spain and the Netherlands since before the 15th century throughout Africa, Asia and Australia/Oceania. More commonly an attribute of the late 19th century, where the control extended to the eradication of a people's cultural identity through assimilation and coercion.

Kolonialisme behels dus die oornome van een land deur 'n ander Europese land vir eie ekonomiese en politieke gewin. Koloniseerders het dikwels vanuit die standpunt opgetree dat inboorlinge minderwaardig is en daarom nie die hulpbronne wat aan hul beskikbaar is, ten volle kan ontgin en benut nie. Wanneer 'n land gekoloniseer is, het dit behels dat koloniseerders na die gekoloniseerde land migreer om sodoende ten volle beheer oor te neem van die bepaalde land, sy hulpbronne en inboorlinge. Ponzanesi & Merolla (2005:2) is egter van mening dat hierdie proses as 'n vorm van interne beweging beskou moet word – eerder as migrasie – aangesien die hegemoniese verhouding “territoriale voortsetting” verseker, selfs al was die koloniseerders ver van hul lokus verwyderd.

Kolonisasie het egter ook met 'n verskeidenheid uitdagings vir die gekoloniseerdes en koloniseerders en beide se kultuur gepaard gegaan. Gupta & Ferguson (1992:7) maak ons attent op die volgende problematiek wat deur kolonialisme ontstaan: “Does the colonial encounter create a ‘new culture’ in both the colonized and colonizing country, or does it destabilize the notion that nations and cultures are isomorphic?”. Daar kan geargumenteer word dat geen kultuur in isolasie kan bestaan nie. Ons eie Afrikaanse

kultuur kan as voorbeeld vir hierdie stelling voorgehou word. Nie net is die Afrikanerkultuur beïnvloed deur die Nederlandse koloniseerders nie, maar ook deur die kultuur van die plaaslike inboorlinge. Selfs die Afrikaanse taal is saamgestel uit elemente van die verskillende tale van onder meer die koloniseerders en die gekoloniseerdes. Die Suid-Afrikaanse konteks word verder geïnterpreteer deurdat apartheid ook deel vorm van ons geskiedenis. 'n Eiesoortige situasie ontstaan waar die voorheen gekoloniseerdes (die wit Afrikaner) nou ook die koloniseerder word deur die onderdrukking van ander rasse. Viljoen (1998:73) beklemtoon die ambivalensie waarin die Afrikaanse taal en die Afrikaanse letterkunde staan: “[...] wit Afrikaansprekendes was in die loop van die geskiedenis beide koloniseerders en gekoloniseerdes [...]”. Afrikaans kan dus terselfdertyd as die taal van die koloniseerder asook die gekoloniseerde beskou word.

Hoewel kolonisasie nie meer 'n moderne verskynsel is nie, is dit steeds relevant. Ponzanesi & Merolla (2005:11) sluit hierby aan: “The colonial paradigm of the west going to Africa in search of raw material seems to repeat itself within the new global system of corporate multi-nationals digging for resources at both mineral, intellectual and spiritual levels”. 'n Moderne voorbeeld van kolonialisme word deur globalisasie aangevuur. Rou materiaal of goedkoop arbeid word deur geïndustrialiseerde/ ontwikkelde lande¹⁰ by ontwikkelende¹¹ of onderontwikkelde lande verkry. Die proses kan as moderne kolonisasie beskou word aangesien die ontwikkelende lande ekonomies afhanklik is van die ontwikkelde lande. Hulle word gedwing om die aanbod te aanvaar, aangesien hul nie self oor die infrastruktuur beskik om hul hulpbronne effektief te bestuur nie.

Die migrasie van koloniseerders na die kolonie is egter nie die enigste verband wat bestaan tussen kolonialisme en migrasie nie. Gedwonge migrasie was ook 'n gevolg van kolonialisme deurdat slawe vanuit Afrika deur die koloniseerders gedwing is om hul

¹⁰ 'n Land met 'n sterk ekonomie, 'n hoogs ontwikkelde nywerheidssektor en 'n groot stedelike bevolking met 'n hoë lewenstandaard. (Fowler *et al.*, 2006:34)

¹¹ 'n Land met 'n swak ekonomie, nie veel nywerheidsontwikkeling nie en 'n groot landelike bevolking met 'n lae lewenstandaard. (Fowler *et al.*, 2006:34)

land van herkoms te verlaat om fisiese arbeid in ander lande te gaan verrig. Die verband tussen reis en harde arbeid word deur Kaplan (2003:208) uitgelig: “But if theory can be defined as a kind of travelling, travel can be defined as a manifestation of pain or work. Etymologically travel is linked to travail or ‘labour, toil, suffering, trouble’. Thus in addition to the more commonplace meaning of taking a journey, travel evokes hard labour and difficulty”. Vir diegene wat onderworpe is aan slawerny roep migrasie dus ’n sterk konnotasie met verlies en pyn op. Vir beide koloniseerders en gekoloniseerdes bied kolonialisme nou ’n agtergrond of geskiedenis waarna daar altyd teruggekeer kan word, solank die herinneringe daaraan voortbestaan. Bal (2001:48) sluit hierby aan:

Memory also links time and space. This is especially true of stories set in former colonies: the memory of a past in which people were actually displaced from their homes by colonizers can become a past in which they did not yield. Going back to a time when the space was a different kind of place is a way of countering the effects of the colonizing acts of focalization [...]

In hierdie sin word kolonisasie die geskiedenis of verlede waarna Rushdie (1991:12) verwys: “It may be argued that the past is a country from which we all have emigrated, that its loss is part of our common humanity”. Solank daar teruggereis kan word na die verlede sal daar altyd ’n onderwerp bestaan waaroor daar geskryf kan word.

Postkolonialisme op sy beurt hou ook verband met migrasie, en alhoewel dit nie as rede vir migrasie beskou kan word nie, kan dit wel dien as platform of vertrekpunt vanwaar daar sin gemaak kan word van die ervarings en gebeure rakende kolonialisme. Voordat hierdie stelling bewys kan word, sal dit sinvol wees om die term *Postkolonialisme* te ondersoek. Viljoen (1996:63) is van mening dat daar op twee wyses met dié term omgegaan kan word. Die eerste behels dat die “post” dui op “dit wat volg op kolonialisme”. Die tweede wyse behels dat “post” verwys na dit wat kolonialisme ondermyn. Hierdie stelling is geloofwaardig aangesien postkoloniale literatuur reeds gedurende kolonialisme ontstaan het. Hierin bevraagteken skrywers dikwels die gebruike en gebeure tydens kolonialisme. Enersyds het postkoloniale literatuur na

afloop van kolonialisme verskyn waarin daar meestal gereflekteer word oor die gebeure en ervarings van kolonialisme. Vandaar die stelling dat postkoloniale literatuur dikwels gebruik is om sin te maak van die gebeure tydens kolonialisme. Wenzel (2008:144) bevestig hierdie stelling: “[...] Postcolonial novels have played a major role in creating symbolic or narrative spaces that enable the colonized to come to terms with their past and attempt to reconstruct a semblance of identity and cultural context”. Postkoloniale literatuur sluit beide skrywe deur die koloniseerders en gekoloniseerdes in. Soos reeds genoem, wys Viljoen (2003:10) daarop dat Leipoldt selfbewus was oor sy rol as “waarnemer” en “die ander” op dieselfde tyd. Net so wys Wasserman (2001:72) daarop dat ook die gekoloniseerdes dikwels skryf oor die binariteit waarmee hulle tydens kolonialisme gekonfronteer is: “Dat daar in ’n postkoloniale era vanuit die kant van die voormalige gekoloniseerdes krities gekyk word na die sentrum van waar hierdie binariteit gekonstrueer is, is te verwagte”. Die binariteit waarna hier verwys word sluit in: wit of swart, Westerling of Oosterling, manlik of vroulik, self of ander. Postkoloniale skrywe bevat dikwels ontstellende temas waarin die onmenslike behandeling waaraan die gekoloniseerdes onderwerp was, uitgebeeld word. Wasserman (2001:73) sluit hierby aan: “Die diskoers van ontnugtering sou gesien kon word as een van die maniere waarop ’n postkoloniale kulturele identiteit gekonstrueer word.” *Anderkant die stilte* is ’n uitstekende voorbeeld hiervan waar Hanna se ervarings op ’n brutale en baie visuele wyse aan die leser beskryf word. Postkoloniale literatuur dien in hierdie sin as ’n terapeutiese wyse waarop die skrywer die ervarings en verliese wat met kolonialisme gepaard gaan, kan verwerk.

2.2 Gender en migrasie

Die ervarings en (moontlike) verliese wat met migrasie gepaard gaan, kan verder ondersoek word wanneer ’n genderperspektief by die studie betrek word. Nadat ’n omvattende definisie van die term *gender* verkry is, sal moontlike verskille in die genderbeleving van migrasie uitgelig en bespreek word. Hierdeur sal dan gepoog word om te bewys dat genderbelevings wel verskil en die moontlike areas waar hierdie

verskille voorkom, sal geïdentifiseer word sodat dit uiteindelik op die gekose tekste toegepas kan word.

“Within each generation the experience of men and women will also be differently shaped by relations.” Die verhoudings waarna Brah (1996:194) hier verwys, verwys na die verhouding wat daar bestaan tussen ’n individu en die samelewing. Hierdie verhoudings word dikwels bepaal deur gender. Die aanhaling impliseer verder dat hierdie verhoudings van generasie tot generasie verander en dat gender dus veranderlik of beïnvloedbaar is. Gender word dikwels met geslag verwar en die *World Health Organization* (2012) tref duidelik onderskeid tussen die twee terme: “Sex refers to the biological and physiological characteristics that define men and women. *Gender* refers to the socially constructed roles, behaviours, activities, and attributes that a given society considers appropriate for men and women”. Judith Butler lê in *Bodies that matter* (2011) sterk klem daarop dat gender nie soos ’n uitrusting is wat aan- of uitgetrek kan word nie. Dit word tradisioneel aanvaar dat daar egter ook ’n derde begrip is wat deel is van die menslike samestelling, naamlik *seksualiteit* (byvoorbeeld heteroseksueel of homoseksueel¹²). Valocci (2005:752) wys daarop dat Queer teorie erken dat die terme *geslag* (biologies), *gender* en *seksualiteit* sosiale konstruksies is met gevolge. Biologiese eienskappe van geslag sal selde verskil van een gemeenskap tot ’n volgende, terwyl eienskappe van gender dikwels van een gemeenskap tot ’n volgende kan verskil. Dit is byvoorbeeld steeds in verskeie Oosterse lande onaanvaarbaar vir vroue om te rook, terwyl dit geensins ’n vreemde verskynsel in Westerse lande is nie. Fearon (1999:16) tref onderskeid tussen rol- en tipe identiteit en hieruit kan afgelei word dat gender as ’n rolidentiteit geklassifiseer kan word:

Role identities refer to labels applied to people who are expected or obligated to perform some set of actions, behaviour, routines or functions in particular situations. Type identities refer to labels applied to persons who share or are thought to share some characteristic or characteristics, in appearance,

¹² Die onderskeid tussen homoseksueel en heteroseksueel beteken egter nie dat dit die enigste faktore is wat in ag geneem moet word wanneer seksualiteit ter sprake kom nie. ’n Verdere genuanseerde onderskeid sluit ook biseksualiteit, transgenderisme en transseksualiteit in.

behavioural traits, beliefs, attitudes, values, skills (e.g. language), knowledge, opinions, experience, historical commodities (like region or place of birth) and so on.

Genderrolle word geskep deur die invloed van die samelewing asook die media, soos Gauntlett (2008:140) bevestig: "Of course the mass media conspicuously circulates certain kinds of male and female performance as preferable, thereby making the gender categories more 'real'". Indien gender beïnvloed kan word deur die media en samelewing, beteken dit dat gender 'n veranderlike is. Gauntlett (2008:135) sluit ook hierby aan deur te argumenteer dat gender 'n veranderlike is wat kan verskuif gedurende verskillende omstandighede en verskillende tye. Gender word dan net soos enige ander aspek van identiteit 'n vertoning wat deur herhaling versterk word of soos Gauntlett (2008:139) dis stel: "Gender, then, is what you do at particular times rather than a universal who you are". Die vraag ontstaan nou of daar wel 'n verskil bestaan in die wyse waarop verskillende genders migrasie of verplasing ervaar. Daar is egter geen eenstemmigheid indien 'n antwoord op hierdie vraag verskaf word nie. Daar is diegene wat argumenteer dat mans en vroue dieselfde ervaring van migrasie sal hê as gevolg van die feit dat beide menslike wesens is. Buijs (1993:4) argumenteer op haar beurt téén hierdie opvatting. Sy baseer haar argument op 'n studie wat gedoen is op Chileense vlugteling (beide vroue en mans) wat die Verenigde Nasies se korporatiewe wêreld noodgedwonge moes betree. Terwyl die vroue nou die geleentheid gekry het om hul eie inkomste te verdien en selfs motors te bestuur, het die mans gesukkel om aan te pas, hoofsaaklik as gevolg van die tekort in deelname aan aandelemarkte en politiese aktiwiteite. Sy haal Colson aan wat die stelling maak dat vrouevlugtelinge en ander vroulike migrante meer aanpasbaar voorkom as mans:

Women refugees and other women migrants appear to show greater resilience and adaptability than men, and it has been suggested that this is because they have the responsibility of maintaining household routines which provide them with occupation, and also that they are less conscious of status deprivation associated with the failure to find positions comparable to those they left.

Hierdie argument dui daarop dat dit wel insiggewend is om die ervaring van migrasie vanuit 'n genderperspektief¹³ te ondersoek aangesien dit blyk dat daar 'n kombinasie van ooreenstemming en verskil in die genderbeleving van migrasie bestaan. In bepaalde opsigte deel die genders sekere ervaringe en stem hul reaksies ooreen, in ander opsigte is daar verskille. Hierdie verskille hang af van die spesifieke geval en konteks. Die deurslaggewende faktor is dus nie altyd gender nie, maar kan ook 'n aspek van kulturele identiteit wees. Buiten die verskil in manlike en vroulike aanpasbaarheid, lig Buijs (1993:6) uit dat geweld teen juis vroue ook 'n verskynsel is wat met migrasie of ballingskap gepaard gaan. Hierdie verskynsel bied nog 'n moontlike verskil tussen die manlike en vroulike beleving van migrasie. Vroue se weerloosheid veroorsaak dat hul ervaring verskil:

Women's vulnerability and ways of protecting themselves in their new environment differ from men's experience of and reaction to violence. White men may be subject to racist attacks, they are rarely subject to assaults by women.

Samers (2010:98) identifiseer 'n definitiewe klemverskuiwing in die benadering tot genderkwessies en migrasie. Hy is van mening dat daar gedurende die 1980's en 1990's min klem geplaas is op die kwessie van gender tydens ondersoeke oor internasionale migrasie. Vroue het veral min aandag geniet aangesien daar in hierdie tydperk algemeen geglo is dat vroue slegs as afhanklikes migreer. Samers (2010:98) is van mening dat kritiese akademici – in 'n poging om manlike vooroordeel uit te skakel – die klem so verskuif het dat die manlike migrant nou in dieselfde mate verdwyn: “[...] the pendulum has shifted so far in the opposite direction that the male migrant as study subject disappeared almost to the same degree as the female migrant had previously”. Samers (2010:98) maak die stelling dat die oplossing vir hierdie tendens is “to treat gender less as 'n variable and more as 'n central concept for studying migration”.

¹³ Sien ook die verhouding tussen gender en migrant onder indeling 2.1.2

Sweetman (1998:2) is van mening dat 'n ondersoek vanuit 'n genderperspektief nie net insiggewend sal wees nie, maar noodsaaklik: "International and national migration cannot be fully understood until women become visible both in statistics and as major actors in the migration process." Twee van die tekste (*Idil, een meisje* en *Anderkant die stilte*) wat later bespreek sal word, fokus dan juis op die ervaring van die migrasieproses deur die vroulike karakters Idil en Hanna. *De reis van de lege flessen* fokus op sy beurt op die ervaring van migrasie deur die manlike karakter Bolfazl. Die tekste leen hul dus daartoe om vanuit 'n genderperspektief ondersoek te word sodat daar bepaal kan word wat die verskil tussen die manlike en vroulike beleving van migrasie is.

2.3 Migrasie en grense

Wanneer migrasie ter sprake kom, kan die aanname gemaak word dat bepaalde grense oorgesteek word. Net soos met reis, kan die moontlike grense wat tydens migrasie oorgesteek word, beide simbolies en letterlik wees. Tawardros (2006:33) definieer grense as volg:

A band or line around the edge of something; the dividing line between political or geographic regions; the boundary of a country or nation state. A metaphysical limitation of the psyche, e.g. a border mentality.

Schimanski en Wolfe (2007:12) definieer op hul beurt grense as 'n proses wat spesifieke gevolge dra:

Borders involve movements of people from one place to another; attempts to control space with borders, creating situations of radically asymmetrical relations of power; and attempts to imagine the spatial dislocations of people, objects, or ideologies within the globalized economy.

Voorbeelde van grense wat gedurende die migrasieproses oorgesteek word, sluit in: ruimtelike grense (spesifiek landsgrense), talige, kulturele, godsdienstige, psigologiese,

metaforiese, en tydsgrense. Algemene grense wat oorgesteek word en op al drie romans van toepassing is, sluit onder meer in: ruimtelike grense, liminale ruimtes, die liggaam as grens, die geheue as grens, asook historiografiese grense. Schimanski en Wolfe (2007:9) baan die weg met hul teoretiese besinning oor die poëtika van grense. Hulle is van mening dat grense hul tot onstabiele sones leen, waar etiese, politieke, kulturele en nasionale vrae onderhandel word. Die poëtika van grense bestaan uit 'n stel strategieë waarmee die oorstek van grense (hetsy suksesvol of onsuksesvol) geanaliseer kan word. Hulle maak dit egter duidelik dat daar nooit 'n voor die hand liggende universele teorie sal bestaan nie aangesien verskillende skrywers die grens verskillend benader. Hulle is van mening dat die grens kan skuif en verander en daarom moet die teorie rakende die grens ook as veranderlik beskou word. Schimanski (2006:53) identifiseer vyf sones waaruit enige grens-oorstekende teks ondersoek kan word. Die vyf sones sluit in: tekstueel, simbolies, temporeel, epistemologies en topografies. Hierdie teorie sal as uitgangspunt gebruik word in hierdie studie.

2.3.1 Tekstuele sone

Die eerste sone behels die tekstuele sone of tekstuele grense binne die teks self. Dit verwys na onderbrekende segmente of gemerkte oorgange tussen verskillende temas, episodes en style. Die teks self is 'n tekstuele sone aangesien dit die lewe van sy leser verdeel tussen 'n tyd toe die teks nog nie gelees is nie en 'n tyd nadat die teks gelees is, asook die begin en einde van die teks. Ander tekste sluit onder meer sones geskep deur kategorieë of genres in. Tekstuele sones is van belang in hierdie studie veral by die bespreking van intertekstualiteit. Intertekstualiteit wat hoofsaaklik in *Anderkant die stilte* aangetref word, kan as tekstuele sone geïdentifiseer word¹⁴. Historiografie kan ook as 'n tekstuele sone beskou word en kom veral ter sprake by die bespreking van *Anderkant die stilte*. Coetzee (2000:144) se teorie ten opsigte van historiografie is ter sake. Hy is van mening dat die moderne literatuur 'n bewustheid laat ontstaan het dat die verlede nie meer 'n realiteit is wat selfstandig bestaan nie. Historiografie kan beskryf word as 'n interpretasie van die verlede en selfs 'n herskepping daarvan. Die grens

¹⁴ Intertekstualiteit in *Anderkant die stilte* word breedvoerig bespreek in afdeling 3.4.

tussen werklikheid en fiksie word vervaag, asook die grens tussen letterkunde en geskiedenis. Brink begin die roman met werklike geskiedkundige opskrywings, wat die suggestie laat ontstaan dat die roman eerder 'n werklike weergawe van geskiedkundige gebeure is. Viljoen en Du Pisani (1999:8) sluit by hierdie stelling aan:

Historians have made it their task to “reconstruct” the past [...] Today it is generally accepted that historiography consists of both factual and fictional elements. If facts are the bricks in the house of history, fiction is the mortar that keeps the construction together and gives it shape.

Daar is reeds gesien dat wanneer historiografie ter sprake kom, problematiek ontstaan rondom *wat* die waarheid is. 'n Nuwe probleem ontstaan egter nou: *Wie* besluit wat die waarheid is? Van Heerden (1994:4) maak die volgende relevante stelling, waarin hy 'n skildery van Simonsberg as 'n metafoer vir geskiedskrywing gebruik: "Dit gaan dus nie om die opvatting dat Simonsberg nie bestaan nie, maar eerder die besef dat watter skildery ons ook al van die berg maak, dit slegs een tydelike interpretasie deur een persoon sal wees". Die gevolgtrekking waartoe Van Heerden dus met hierdie stelling kom, is dat daar nie net een weergawe van die geskiedenis bestaan wat as die waarheid beskou kan word nie, maar eerder verskillende weergawes van die waarheid soos deur verskillende individue in verskillende tydperke waargeneem is.

2.3.2 Simboliese sone

Die tweede sone ter sprake is die simboliese of konseptuele sone. Dit sluit veral verskille rakende die leefwyse van mense en ander agente soos sosiale aspekte (gender, geloof en klas), individuele aspekte (soos liggaam en psige) of interpersoonlike verhoudings in. Die eerste sosiale aspek van die simboliese sone, naamlik gender, is reeds breedvoerig onder hofie 2.2 bespreek, terwyl die oorsteek van geloof- en klasgrense in *De reis van die lege flessen* voorkom en onder hofie 4.4 bespreek word. Die volgende individuele aspekte wat onder die simboliese sone geklassifiseer kan word, is onderskeidelik die liggaam en geheue as grens.

2.3.2.1 Liggaam as grens

Vir die doel van hierdie ondersoek moet daar bepaal word of die liggaam enigsins as 'n grens beskou kan word en indien wel, in watter opsig die liggaam as 'n grens dien wat óf die subjek beperk, óf deur die subjek oorgesteek kan word. Marginalisering ten opsigte van vroue en selfs etniese groepe, vind dikwels juis op grond van gender plaas of selfs as gevolg van stereotipering. Grosz (1994:xiv) is van mening dat vroue geobjektiveer en gemarginaliseer word hoofsaaklik as gevolg van die minagting en inperking wat met die vroulike liggaam geassosieer word: "Women have been objectified and alienated as social subjects partly through denigration and containment of the female body."

Die kwessie van die liggaam as 'n grens sluit ook by die oorkoepelende tema van migrasie aan, aangesien individue dikwels soos migrante of buitelanders in hul eie liggame kan voel. Grosz (1994:5) lig uit dat die liggaam soms as't ware 'n tronk is waarin die siel en gees vasgekeer word: "The body is a betrayal of and a prison for the soul, reason or mind". Hierdie stelling sluit aan by dié van Sobchack (1999:47): "[...] the body can be seen as home, as house, and as prison", wat impliseer dat die liggaam op verskeie maniere deur individue ervaar kan word. In die eerste geval kan dit gesien word as 'n tuiste waar ons in gemak leef en wat ons toegang bied tot die wêreld daar buite. In die tweede geval kan die liggaam 'n huis wees wat ons verfraai en ten toon stel vir beide die self en ander. Laastens kan die liggaam as 'n tronk beskou word wat ons inhibeer en ons toegang tot die wêreld daar buite bemoeilik. Die liggaam kan in hierdie verband as 'n beperking of selfs 'n struikelblok gesien word¹⁵. Kaplan (2003:211) is egter van mening dat hierdie tendens in die moderne era hoofsaaklik deur die media en tegnologie uitgeskakel kan word: "In this structuring fantasy, the body may be imprisoned or constrained, but through print media or communication technologies ideas can move where bodies cannot or achieve mobility in ways that are denied to bodies."

¹⁵ Verskeie oorsake kan daartoe lei dat die liggaam as 'n beperking, struikelblok of tronk beskou kan word. Hierdie oorsake sluit onder meer ouderdom, liggaamlike skending en gebreke in.

Verskeie teorieë oor die liggaam sluit hierby aan of brei selfs daarop uit. Waskul & Vannin (2006:5-12) identifiseer vyf tipes liggame: Eerstens die spieël-liggaam (“Looking glass body”) wat refleksiwiteit as verpersoonliking van die liggaam behels. Hierdie kykglas-liggaam is nie ’n direkte refleksie van ander se oordeel nie, maar eerder ’n verbeelde refleksie wat gebaseer word op leidrade wat van ander ontvang word. Die tweede liggaam wat geïdentifiseer word, is die dramatiese liggaam, wat van die standpunt uitgaan dat die liggaam ’n opvoering of vertoning is: “[...] people do not merely have a body – people actively **do** a body [...] Although sometimes intentional and manipulated – but often times not – the body is always performed, staged, and presented: the theatre of the body are the raw materials by which the drama of our everyday embodied life are produced”. (Waskul & Vannin, 2006:6-8) Derdens is daar die fenomenologiese liggaam wat behels dat die liggaam gesien word as ’n provinsie of gebied wat betekenis dra: “These bodies of meaning are both literal and metaphorical: meaning is comprised in embodied action and the body is interpreted by frameworks of meaning”. Die vierde liggaam wat Waskul & Vannin identifiseer, is die sosio-semiotiese liggaam, waar die liggaam beskou word as ’n bewys van kultuur. Hierdie sosio-semiotiese liggaam word gebaseer op die stelling van Foucault soos aangehaal deur Waskul en Vannin (2006:7), waar hy homself uitlaat oor enige merke wat op die liggaam gemaak word as gevolg van kulturele gebruike of oortuigings: “[...] such cutting is a practice by which power/knowledge leaves traces on the surface and depths of our bodies; technologies of the self, in his words, that operate on the political anatomy of the body”. Die laaste liggaam wat geïdentifiseer word, is die liggaam as narratief (die liggaam as ’n storie of vertelling): “By telling what happened to us once upon a time, we make sense of who we are today”. (Waskul & Vannin, 2006:12). Hierdie liggaam is gebaseer in die stories wat ons vir onself vertel oor onself en ons eie liggame, asook die stories wat ons vertel oor die liggame van ander.

Grosz (1995:33) differensieer op haar beurt tussen twee benaderings tot die liggaam. Alhoewel hierdie twee benaderings opsigself minimalisties voorkom in vergelyking met ander teorieë rakende die liggaam, neem dit geensins weg van die kompleksiteit wat met die liggaam as simboliese sone gepaard gaan nie. Die eerste benadering stel die

liggaam voor as 'n oppervlak waarop sosiale reg, moraliteit en waardes gegraveer is. Die tweede verwys grootliks na die liggaam se interne of psigiese inskripsie. Terwyl die eerste die sosiale of publieke liggaam analiseer, neem die tweede die verbeelde anatomie as objek om te analiseer. Die tweede benadering verwys na die werklike of geleefde liggaam en is geïnspireer deur sielkundige benaderings en die fenomenologie.

Verder hou die liggaam ook direk verband met die vorming van identiteit en soos vroeër genoem, is identiteit ook 'n sosiale konstruksie. Grosz (1994) maak die volgende relevante stelling in hierdie verband:

[...] the body, or rather, bodies, cannot be adequately understood as ahistorical, precultural, or natural objects in any simple way; they are not only inscribed, marked, engraved, by social pressures external to them but are the products, the direct effects, of the very social constitution of nature itself. It is not simply that the body is represented in a variety of ways according to historical, social and cultural exigencies while it remains basically the same; these factors actively produce the body as a body of determinate type.

Fortier (2000:171) maak ons egter ook daarop attent dat alhoewel die liggaam as't ware 'n sosiale produk is, dit ook dikwels juis die vlak skep waarop die sosiale en individuele in verband gebring word:

The reliance of practices of identity on bodily codings of culture thus begs the question of how the body becomes a site of connection between the social and the individual. Corporeal feminism is useful because it brings forth the tension between multiple interpretations of bodies and universal definitions of selfhood (collective and individual), and the difficulties that arise in attempts to stitch both poles together 'not in a dialectic manner of supersession, but rather, as irreducible different'.

Die rol van die liggaam en die mate waarin dit as 'n grens beskou kan word, verskil in die onderskeie romans. Die liggaam as grens word byvoorbeeld in *De reis van de lege flessen* aangetref as 'n beperking as direkte gevolg van die karakter se voorkoms. Graumann (soos aangehaal deur Taljard, 2002:63) se stelling dat individue geïdentifiseer word aan die hand van hul liggaamlike voorkoms en hul naam, kom hier ter sprake. Nie net speel geslag 'n deurslaggewende rol nie, maar ook ras. Hierdie aspek dra daartoe by dat 'n migrant selfs nog moeiliker omstandighede ervaar juis as gevolg van sy velkleur. Dit kan moontlik bydra tot 'n meer traumatiese ervaring van die migrasieproses, soos White (1995:3) dan ook uitlig:

This is probably most significant in terms of ethnic identities, where many migrants may not have held a particularly strong view of their own ethnicity, prior to movement, but where they are confronted by an alternative ethnic awareness that labels them and confines them to a stereotyped 'otherness' from which there appears little chance of escape, although a number of differently contained responses are possible.

In *Idil, een meisje* ervaar die hoofkarakter op haar beurt haar liggaam as 'n grens of beperking, hoofsaaklik op grond van gender en kulturele oortuigings en gebruike. *Anderkant die stilte* se hoofkarakter ervaar haar liggaam as 'n grens of beperking as gevolg van 'n kombinasie van fisiese voorkoms, gender en sosiale oortuigings. In al drie hierdie gevalle kan die liggaam as sodanig ook aansluit by die teorie rondom liminaliteit aangesien die liggaam nie slegs as 'n beperking of grens ervaar word nie, maar as't ware ook dikwels as 'n drempel: "The body can be regarded as a kind of hinge or threshold; it is placed between a psychic or lived interiority and a more socio-political exteriority that produces interiority through the inscription of the body's outer surface". (Grosz, 1995:33) Dit behels dat die liggaam 'n oorgangsruiimte tussen 'n persoon se psige en die sosiale uiterlike is. Die liggaam is die werklike tussenruimte waarin daar geleef word tussen die sosiale beeld wat uitgeleef word en die psige.

2.3.2.2 Geheue as grens

Die volgende grens wat oorgesteek word deur die migrant is sy of haar eie geheue. Die geheue kan beskou word as grens aangesien dit as 'n koppelvlak tussen tyd en ruimte dien. Jy bevind jou in een ruimte terwyl jy teruggedink in tyd (en dus in 'n ander ruimte). Bal (2001:48) maak die volgende stelling wat dit beaam: "Memory also links time and space. This is especially true of stories set in former colonies: the memory of a past in which people were actually displaced from their homes by colonizers can become a past in which they did not yield". Die geheue word hier dus 'n liminale ruimte waarin jy jousef kan bevind en waarin jy as't ware kan reis: "This means that these multiple journeys may configure into one journey via a *confluence of narratives* as it is lived and re-lived, produced, reproduced and transformed through individual as well as collective memory and re-memory". (Brah, 1996:183)

Volgens Gupta en Ferguson (1992:11) dien herinneringe 'n baie belangrike doel vir die migrant: "Remembered places have often served as symbolic anchors of community for dispersed people. This has long been true of immigrants, who use memory of place to construct imaginatively their new lived world. 'Homeland' in this way remains one of the most powerful unifying symbols for mobile and displaced people". Die migrant dra dus die herinnering van sy tuisland met hom saam en dit is dikwels wat hom of haar geanker hou. Herinneringe dien egter nie net as ruimte waarna die migrant van tyd tot tyd kan terug beweeg nie, maar het dikwels ook terapeutiese waarde. Bal (1999) is van mening dat herinneringe 'n meervoudige doel verrig en dat dit nie net die individu in staat stel om die verlede op te roep nie, maar ook om daardeur die toekoms te vorm. Dit is egter ook so dat die waarheid dikwels verdraai kan word as gevolg van die feit dat herinneringe vervaag of selektief herroep word. Op hierdie vlak sluit die rol van herinnering aan by die teorie van historiografie.

Verder kan die begrip *herinnering* ook in verband gebring word spesifiek met bannelinge, soos dit deur Said (2002:186) uitgelig word:

For an exile, habits of life, expression, or activity in the new environment inevitably occur against the memory of these things in another environment. Exile is a life led outside habitual order. It is nomadic, decentred, contrapuntal; but no sooner does one get accustomed to it than its unsettling force erupts anew.

Vir die balling is sy of haar gedagtes en herinnering die enigste ruimte waarin daar momenteel teruggekeer kan word na die tuisland.

Wanneer die rol van herinnering in die onderskeie romans ontleed word, is dit insiggewend om Foster (2008:60) se artikel in gedagte te hou. Hierin stipuleer sy dat Reeves en Wedding tussen drie soorte herinneringe onderskei. Dit sluit onder meer persoonlike herinneringe in wat verwys na outobiografiese herinneringe wat met spesifieke gebeurtenisse en ervarings verband hou. Tweedens is daar feitelike of semantiese herinneringe wat as algemene kennis beskou word. Laastens onderskei hulle prosedurele of gewoonte herinneringe, wat beliggaamde herinneringe en vaardighede omvat, soos byvoorbeeld hoe om fiets te ry. Vir die doel van hierdie navorsing is dit egter ook belangrik om die rol wat kollektiewe herinnering speel, te ondersoek. Volgens Bal (1999:vii) kan kulturele herinnering verdeel word in onderskeidelik die individuele (psigo herinnering) en kollektiewe (sosiale herinnering). Individuele herinnering verwys na daardie herinnering wat 'n individu verkry deur middel van persoonlike ervarings en belewings, terwyl kollektiewe herinnering al die herinneringe bevat wat sosiaal geproduseer word. 'n Voorbeeld van kollektiewe herinnering sal byvoorbeeld die Holocaust wees – 'n historiese gebeurtenis waarvan die herinneringe gedeel word deur 'n bepaalde kulturele groep of selfs land. Uit kollektiewe herinneringe spruit die verskynsel dat individue hul eie herinneringe herskryf deur die herinneringe van ander.

Laastens is dit ook nodig om heimwee en nostalgie oorsigtelike te bespreek by die hantering van die geheue as grens. Bernet (2005:635) maak ons daarop attent dat die siening bestaan dat die proses van migrasie dikwels met heimwee gepaard gaan. Hy gebruik die voorbeeld van iemand wat in die buiteland woon en Switserland steeds as

heimat beskou en 'n gevoel van heimwee ervaar. Bernet (2005:636) tref verder onderskeid tussen hierdie twee begrippe en verduidelik soos volg: “[...] heimwee ontstaat nadat men, doorgaans onvrijwillig, van thuis is weggegaan; het uit zich in een gebrekkige aanpassing of acclimatisering aan de nieuwe levensomstandigheden”. Hy verduidelik voorts (2005:647): “*Nostos* is het Griekse woord voor terugkeer of aankomst, en als daar een *algos* mee verbonden is, dat wil zeggen een pijn, leed of kommer, dan moet de nostalgie als het lijden onder een onmogelijke terugkeer worden begrepen”.

Heimwee verwys volgens die HAT (2004:372) na 1. “Sterk verlange na 'n mens se tuiste: *Heimwee het hom na sy geboorteland teruggedryf.*” 2. “Verlange na 'n vroeëre omgewing of toestand of na wat jy as jou bestemming geskou: *Heimwee na die berge, vlaktes, ons kinderjare, die gedroomde geluk*”. *Heimwee* is dus 'n sterk verlange na die plek van herkoms.

Die HAT (2004:747) definieer *nostalgie* soos volg: “*Heimwee, verlange: Met nostalgie aan jou kinderjare terugdink. In nostalgie versink*”. Die term *nostalgie* is egter meer kompleks as heimwee. Dit is afgelei van die Griekse woord *nostos* wat terugkeer na tuiste of aankoms beteken, sowel as die Griekse woord *algos* wat pyn, leed of kommer beteken. Hierdie kort beskrywings van *nostalgie* en *heimwee* stel ons in staat om onderskeid te tref tussen die begrippe in die onderskeie romans waar dit ter sprake kom.

Deur die vraag, “Misschien is heimwee niets anders dan het gevolg van een in het verleden geprojecteerd ideaalbeeld of utopie van een heimat?” te stel, lig Bernet (2005:636) die verband tussen heimwee en die rol van herinneringe wat selektief deur die migrant opgeroep word, uit. Rushdie (1991:10-11) som die invloed wat die geheue (nostalgie en heimwee) uiteindelik op herinnering het, uitstekend op: “It may be that when the Indian writer who writes from outside India tries to reflect that world, he is obliged to deal in broken mirrors, some of whose fragments have been irretrievably lost.”

2.3.3 Temporele sone

Temporele sones is daardie grense wat verwys na die oorgang tussen twee periodes van tyd. Hierdie beweging kan werklik of verbeeld wees. In literatuur het dit hoofsaaklik te make met die mens se lewensiklus: geboorte, volwassenheid, huwelik, sukses, verandering en die dood. Alle topografiese grensoorskrydings sal in 'n mindere of meerdere mate gepaard gaan met 'n temporele grensoorskryding.

2.3.4 Epistemologiese sone

“Knowledge doesn't only spring from travel, but equally from remaining where you are.”
(Hoving, 2002:125)

Die epistemologiese sone bou op die verskil tussen die bekende en onbekende. Epistemologiese sones word geplaas tussen die tuisgrond en buitelandse of vreemde grond. Topografiese grensoorskryding gaan onvermydelik gepaard met epistemologiese grensoorskryding.

2.3.5 Topografiese sone (ruimte en identiteit)

Die laaste sone wat by uitstek teenwoordig moet wees tydens die oorsteek van grense, is die topografiese sone. Die topografiese sone behels fisiese grense soos nasionale grense en omheining. Wanneer topografiese sones ter sprake kom, is dit nodig om onderskeid te tref tussen verskeie terme wat met die begrip *ruimte* verband hou. Viljoen (1998:74) tref in haar artikel “Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans” onderskeid tussen die terme *ruimte*, *plek* en *landskap*. Verskeie teoretici voer aan dat ruimte as 'n neutrale term gesien moet word, terwyl plek as 'n historiese en kultureel gelade term hanteer moet word. Gupta & Ferguson (1992:7) sluit hierby aan: “[...] space itself becomes a kind of neutral grid on which cultural difference, historical memory, and societal organization are inscribed”. Die term *landskap* het volgens Viljoen (1998:75): “[...] sowel 'n geografiese as 'n estetiese verwysingskomponent, deurdat dit

gebruik word om te verwys na 'n bepaalde terrein en die algemene aard daarvan, maar ook 'n geskiedenis het [...]". Dorothea van Zyl (2010:46) poog in haar artikel "Identiteit en landskap in *Raka die Roman* (Koos Kombuis) en *Asbesmiddag* (Etienne van Heerden)" om onderskeid te tref tussen ruimte en landskap, deur te fokus op die verskil in die subjek se verhouding ten opsigte van ruimte en landskap:

Die subjek vorm die middelpunt van die landskap en word omring deur 'n horison wat sinchronies verskuif, soos wat die individu beweeg. Sodra met 'n objektiewe oog waargeneem word, word die horison deurbreek en is daar eerder sprake van ruimte as landskap. Landskap en geografiese ruimte staan dus in 'n omgekeerd eweredige verhouding tot mekaar: landskap staan tot gewaarwording soos wat geografiese ruimte staan tot waarneming. Sonder dat die een die ander noodwendig uitsluit.

Hoving (2002:125) is egter van mening dat 'n definisie van ruimte nog gevind moet word wat beweging impliseer, aangesien ons in 'n moderne samelewing woon waar die terme reis en woning ast' ware sinoniem aan mekaar gestel word. Na aanleiding van voorafgaande aanhaling sal die term *ruimte* deurgaans in die studie gebruik word, aangesien ruimte nie noodwendig landskap uitsluit nie (en omgekeerd), tensy spesifiek vermeld word.

'n Plek is nie 'n voorgeskrewe saak nie, maar iets wat tot stand kom in die interaksie tussen mense en hul omgewing. Mense maak van hul ruimte 'n plek deur daaraan betekenis te gee, herinnering daaraan te koppel en so kleur en tekstuur daaraan te verleen. Hierdie waarheid dring egter eers tot 'n mens deur wanneer jy jou in die vreemde bevind en genoodsaak is om opnuut jou ruimte in 'n plek te omskep. (Brand, 2007:6)

Hierdie stelling van Brand is pasklaar op die situasie waarin die migrant hom bevind. Die migrant moet van voor af 'n vreemde ruimte in 'n plek of tuiste omskep, en dit is eers dan wanneer die ware waardering vir jou tuisland of tuiste besef word. Taljard

(2002:35) beweer dat identiteitskonstruksie op sy aktiefste is in tye van oorgang of verandering, en Schimanski en Wolfe (2007:12) sluit hierby aan: “Identity is unthinkable without border processes whether individual or communal”. Oorgang beteken dikwels vervreemding en verlies aan identiteit en sekuriteit. Ten spyte van hierdie moeilike proses wat die migrant moet ervaar, lig Wasserman (2006:4) ook uit dat ’n migrant in ’n bevoorregte posisie is, omdat hy ’n nuwe identiteit kan saamflans, met stukkies uit die moederland en stukkies uit ’n nuwe aangenome land. Tog kan hierdie nuwe identiteit nie totaal en al los gemaak word van die migrant se vorige ervarings en ruimtes nie. Gupta en Ferguson (1992:7) stel dit soos volg: “But in all these cases, space itself becomes a kind of neutral grid on which cultural difference, historical memory, and societal organizations are inscribed”. Ruimte en landskap is dus interafhanklik van mekaar deurdat identiteit enersyds gevorm word in verhouding tot ruimte, en ruimte andersyds gevorm word in verhouding tot identiteit. Mense heg betekenis aan ’n ruimte en maak daarvan ’n persoonlik gelade ruimte, soos bepaal deur die identiteit wat hy of sy konstrueer (selfidentiteit), of wat vir hom of haar gekonstrueer word (sosiale identiteit).

Chow (2000:157) trek die volgende verband tussen ruimte (migrasie) en identiteit: “Indeed, memory becomes a primary ground of identity formation in the context of migration, where ‘territory’ is decentred and exploded into multiple settings”. Identiteit is nie net ’n konstruksie wat uit nikshede saamgeflans word nie, maar ’n komplekse sisteem wat volgens Castells, soos aangehaal in Viljoen (2003:20), gekonstrueer word deur gebeure in die geskiedenis, geografie, biologie, produktiewe en reprodutiewe instellings, die kollektiewe geheue en persoonlike fantasieë, deur magspatrone en godsdienstige openbarings. Viljoen (2003:20) maak die stelling dat die faktore wat die konstruksie van identiteit beïnvloed, geweldig varieer. Faktore soos nasionaliteit, etnisiteit, godsdienstige agtergrond, professie, sosiale groep, politieke oortuigings, groepsdruk, familie-omstandighede en ruimtelike faktore, speel almal ’n rol in die ontwikkeling van identiteit. Identiteit word dus gevorm deur elke aspek van ’n mens se lewe en elke ervaring sal ’n invloed op jou identiteit hê. Identiteit is ook ’n veranderlike struktuur en die idee van die palimpsestes word hier geïntegreer – iets wat herhaaldelik

herkonstrueer kan word namate lewensondervinding toeneem. Snyman (1999:56) beaam hierdie stelling:

Elke mens het 'n verlede waaruit hy voortdurend beweeg. Die verlede is iets wat elke mens voortdurend met hom of haar saamdra, maar nie noodwendig 'n las waarvan hy of sy ontslae moet raak nie. Dit is materiaal vir 'n kreatiewe skepping van identiteit in die hede. Identiteit moet opnuut uitgevind word met die stof wat die verlede tot nadenke bring.

Identiteitskonstruksie is oor die algemeen nie 'n eenvoudige proses nie, maar wanneer migrasie ook nou ter sprake kom, word nuwe uitdagings en probleme rondom identiteitsvorming ervaar. King *et al.* (1995:1) sluit hierby aan: "Migration therefore changes people and mentalities. New experiences result from the coming together of multiple influences and people, and these new experience lead to altered or evolving representations of experience and of self-identity". As gevolg van migrasie word die migrant se identiteitsvorming nou vir hom of haar gekompliseer. Wasserman (2006:5) maak die volgende stelling wat hierdie uitdaging puik uitlig: "Wat meer is: die migrant se herinnering aan herkoms begin in 'n gesprek tree met nuwe impulse, nuwe kulturele geluide wat opgevang en ingeneem word. Die migrant kan onmoontlik 'n ou kulturele identiteit in isolasie in stand hou". Wanneer die migrant eers die migrasieproses ondergaan het, word sy/haar identiteit so gekonstrueer dat hul nooit weer hul "vorige" identiteit sal kan terugkry nie. Brand (2007:5) sluit by hierdie stelling aan deur te redeneer dat 'n terugkeer nooit moontlik is nie. Wat wel moontlik is, is om 'n nuwe verhouding met die verlede tot stand te bring, 'n dinamiese verhouding waarin die meegenome verlede net een bestanddeel van vele is vir die voortdurende konstruksie en rekonstruksie van kulturele identiteit.

Identiteit, veral wanneer dit in terme van migrasie bespreek word, moet ook voorsiening maak vir identiteit as 'n sosiale konstruksie. Fearon (1999:2) tref onderskeid tussen sosiale en persoonlike identiteit:

I argue that identity is presently used in two linked senses, which may be termed 'social' and 'personal'. In the former sense, an identity refers simply to a social category, a set of persons marked by a label and distinguished by rules decided membership and (alleged) characteristic features or attributes. In the second sense of personal identity, an identity is some distinguishing characteristic (or characteristics) that a person takes a special pride in views socially consequential but more-or-less unchangeable.

Fearon (1999:13) verduidelik verder dat sosiale identiteit of kategorieë eerstens gedefinieer word deur implisiete en eksplisiete reëls. Hierdie reëls dien dan as riglyne of 'n persoon as lid van 'n sekere groep geklassifiseer word, al dan nie. Tweedens word sosiale kategorieë verstaan aan die hand van 'n stel karaktereienskappe soos byvoorbeeld: oortuigings, behoeftes, morele verpligtinge of fisiese eienskappe wat van 'n spesifieke kategorie verwag word of aan hul toegeken word.

2.4 Liminaliteit

Die begrip *liminaliteit* word ingesluit by hierdie ondersoek aangesien dit ook met ruimte verband hou. Clifford (1997:3) voer aan dat daar geen toestand van ballingskap of kritiese afstand bestaan nie, maar eerder 'n tussen-in-ruimte, wat beteken dat selfs die toestand van ballingskap behels dat die persoon hom tussen twee ruimtes bevind (tussen die ruimte waar die persoon nie 'n balling was nie en die ruimte wat sal volg na die ballingskap: "[...] a place of betweenness, a hybridity composed of distinct historically-connected postcolonial spaces". Die begrip *liminaliteit* is afgelei van *limen* of drempel, dit is dus 'n tussenruimte; 'n oorgangsruimte of halfwegstasie wat transformasie en individuasie verteenwoordig. Hall soos angehaal deur Schwartz-Salant & Stein (1991:156) noem dat die term *liminaliteit* in 1909 gemunt is toe Arnold van Gennep in *Rites of Passage* onderskei het tussen drie stadia in primitiewe inisiasieseremonies: 1) skeiding, 2) liminaliteit en 3) inlywing. Liminaliteit verwys dus na daardie stadium waar 'n persoon "tussen-in" twee ruimtes is. Nadat hy/sy weggeneem

is, bevind hul hulself in 'n tussenruimte, voordat hul weer by hul stam ingelyf word met 'n nuutgevonde status.

Om enige ruimte te betree, moet daar oor grense beweeg word. Hierdie grense is nie noodwendig letterlik nie, maar kan ook abstrak of denkbeeldig wees. Dit is dan juis hier waar die konsep *migrasie* met liminaliteit verbind is: die migrant bevind homself dikwels in 'n liminale ruimte, hetsy letterlik of denkbeeldig, terwyl daar van een ruimte (fisies of psigies) na 'n ander beweeg word. Die term *diaspora* is net soos die terme *migrasie* en *grense* verweef met die konsep *liminaliteit*. Brah (1996:180) beaam hierdie stelling: "Inscribed within the idea of diaspora is the notion of 'border'"¹⁶. Diaspora kan ook as liminale of dualistiese ervaring beskryf word. Fortier (2000:160) maak die leser op die volgende attent:

[...] association between diaspora and dispersal produces three dualities that lie at the basis of what is conceived as the constitutive betweenness of diaspora: here and there: homeland and hostland: indigenouness and dispersal. These dualities, I argue, emerge from understandings of culture that remain deeply connected to territoriality.

Die oorsteek van grense gaan ook gepaard met liminaliteit:

A threshold is [...] 'a point of entry or beginning'. So it is something to be crossed in order to move from one space to another, and also a point of entry (and presumably exit also) to and from space [...] A boundary or threshold is a problematic concept: it belongs neither to one space nor the other, and at the same time it belongs to both – there cannot be a threshold without a space on either side of it. (Smith, 2004:48)

Die migrant as skrywer sluit aan by die kwessie van liminaliteit, aangesien die migrant hom- of haarself dikwels in 'n liminale ruimte bevind. Israel (2000:1) verduidelik dit soos

¹⁶ Sien Grense onder indeling 2.3.

volg: “Perched precariously between a familiar zone of knowledge and an uncharted destination, the writer, in the beginning, leaps into the bibulous betweenness of force and will, cohesion and dispersion”¹⁷.

Liminaliteit moet nie met die term *derde ruimte* verwar word nie. Hoving (2002:127) brei uit op die werk van Edward Soja en differensieer tussen werklike ruimte, verbeelde ruimte en derde ruimte. Eerste ruimte verwys na die werklike ruimte wat gekarteer en verstaan kan word – dus die topografiese ruimte¹⁸. Tweede ruimte verwys op sy beurt na ’n verbeelde ruimte, dus die ruimte soos wat dit deur herinnering in die geheue voortleef¹⁹. Van Alphen (2002:56) vestig die aandag op die betekenis van verbeelde ruimte: “Imagined places are not fairy-tale places, they are not just fantasy. In one way or another, imagined places do have a connection with a place that exists geographically”. Derde ruimte verwys na ’n sosiale produk wat geposisioneer kan word tussen verbeelde en werklike ruimte, in die “lived space” soos dit ervaar word. Van Alphen (2002:57) verduidelik die bestaan van derde ruimte as volg:

[...] the act of imagining migrant and homeland identity is always framed from the historical dimensions of that place and the migration that started from there, but it is also inflected by those acts of imagining that produce the cultural identity in the present.

2.5 Verlies en migrasie

Die begrip *verlies* word by hierdie studie betrek om vas te stel hoe verlies in verband gebring kan word met die proses van migrasie. Sodoende kan vasgestel word tot watter mate (indien wel) verlies in die onderskeie romans beleef en hanteer word. Rushdie (1991:12) maak die volgende stelling wat as uitgangspunt vir hierdie argument dien, waarin die verband tussen migrasie en verlies uitgelig word: “It may be argued that the past is a country from which we all have emigrated, that its loss is part of our common

¹⁷ Sluit ook aan by die epistemologiese sone 2.3.4.

¹⁸ Sien 2.3.5.

¹⁹ Sien 2.3.2.2.

humanity". In voorgenoemde stelling word enige individu wat 'n verlede het, beskou as 'n migrant, aangesien ons as't ware verlies ervaar omdat die verlede vir altyd verlore is. Hieruit kan afgelei word dat migrasie (hetsy fisies of psigologies) wel verweef is met die kwessie van verlies. Dominick LaCapra (soos aangehaal deur Ester, Van der Merwe en Mulder, 2012:6) onderskei tussen die terme *verlies* en *afwesigheid*:

Afwezigheid bevindt zich op het niveau dat de werkelijkheid transcendeert, verlies houdt verband met persoonlijk verlies, met objecten, met geschiedenis. Wanneer afwezigheid verlies wordt, aldus LaCapra, is het gevolg een zoektocht naar de verloren eenheid. Wanneer verlies afwezigheid wordt, zijn eindelose melancholie en doelloze rouw het gevolg. Verlies heeft betrekking op een bijzondere gebeurtenis. Het verleden is de plaats van verliezen en de daarmee samehangende vormen van verlies kunnen verteld worden. Afwezigheid is geen gebeurtenis.

Die vraag ontstaan egter nou of letterlike migrasie altyd met verlies gepaard gaan? Rushdie (1991:10) bied ook 'n moontlike antwoord op hierdie vraag wanneer hy die volgende stelling maak: "It *may* be that writers in my position, exiles or emigrants or expatriates, are haunted by some sense of loss, some urge to reclaim, to look back [...]". (My kursivering) Alhoewel die aanname nie gemaak kan word dat die migrant noodwendig verlies ervaar nie, is my argument dat die migrasieproses meestal met 'n verlies van een of ander aard gepaard gaan. My argument kan gestaaf word aan die hand van die drie romans wat in hierdie studie ter sprake is. Migrasie as tema figureer duidelik in al drie die romans en al drie die hoofkarakters in die onderskeie romans ervaar wel verskillende vorme van verlies, wat direk met die migrasieproses in verband gebring kan word. Brah (1996:193) redeneer op verhelderende wyse: "The word diaspora often invokes the imagery of traumas of separation and dislocation, and this is certainly a very important aspect of the migratory experience". In die voorafgaande stelling word melding gemaak van 'n volgende term wat verklaar moet word tydens die bespreking van verlies, naamlik *trauma*. Luckhurst (2008:2) verduidelik dat die woord *trauma* afgelei is van die Griekse woord wat "wond" beteken. Die eerste gebruike van

hierdie term het voorgekom in die mediese veld, wanneer daar na fisiese beserings verwys is wat deur eksterne agente veroorsaak is. Die moderne gebruik van die term *trauma* se klem het egter verskuif vanaf die fisiese na die psigiese, soos vermeld deur Luckhurst (2008:3): “The predominant popular connotations of trauma now circle around metaphors of psychic scars and mental wounds”. Hermans (soos aangehaal deur Ester, Van der Merwe en Mulder, 2012:5) verskaf die definisie van trauma soos bepaal deur die Psigiatrisiese Vereniging van Amerika: “Een traumatische gebeurtenis is een gebeurtenis waarbij iemand geconfronteerd wordt met de dood, een dreiging van dood, een ernstige verwonding of een bedreiging van de fysieke integriteit van zichzelf of anderen en reageert met intense angst, hulpeloosheid of afschuw.” By nadere ondersoek word daar ook vasgestel dat hierdie term ’n verband lê tussen herinnering en uiteindelik identiteit: “Aside from myriad physical symptoms, trauma disrupts memory, and therefore identity, in peculiar ways”. (Luckhurst, 2008:1) Die herinnering wat ’n traumaslagoffer oorhou, kan op sig self traumaties wees. Die ervaring van trauma word deur Van Alphen (1999:25) beskryf as die teenoorgestelde van “ervaring”. Trauma is dus die onvermoë om iets te ervaar. Om hierdie stelling ten volle te verstaan, is dit insiggewend om vas te stel presies wat dit beteken om iets te ervaar. Volgens Van Coller (2005:123) beteken *ervaar* reeds ’n mate van distansiëring en om gebeure te ervaar beteken om dit te representeer. Trauma kan dus met ander woorde beskryf word as die onvermoë om jouself van gebeure te distansieer of dit te representeer. Ester, Van der Merwe en Mulder (2012:6) skryf dat Caruth in haar publikasie, *Unclaimed experience: trauma narrative, and history*, sterk klem lê op die feit dat daar geen eksklusiewe benadering bestaan by die ontleding van traumatiese ervarings nie: “Traumatische verhalen zijn elk voor zich bijzonder en niet te herleiden tot één schema”. Trauma kom veral ter sprake in die roman *Anderkant die stilte* waar die hoofkarakter, Hanna, die slagoffer van verskeie traumatiese gebeure is. Ondersoek kan gevolglik ingestel word oor hoe Hanna die trauma hanteer en (of) uiteindelik verwerk²⁰.

Die filosoof Said (2002:173) se stelling: “True exile is a condition of permanent loss”, kan ook aangehaal word om die argument te versterk dat verlies wel aanwesig is tydens

²⁰ Sien 3.8 vir die bespreking van verlies en verlieshantering in *Anderkant die stilte*.

die proses van migrasie. Indien daar van die argument uitgegaan word dat verlies wel met migrasie gepaard gaan, is die volgende insiggewende aspek wat ondersoek moet word *hoe* verlies hanteer word. Smith (2004:36) se teorie wat sy na aanleiding van Freud formuleer, kan ook toegepas word. Haar teorie behels dat verlies 'n afwesigheid of leegheid veroorsaak, wat aanleiding gee tot angs. 'n Nuwe emosie ontstaan gevolglik hieruit naamlik begeerte. Die begeerte word nou nagestreef om in die plek te staan van dit wat verlore is ('n tipe van 'n plaasvervanger). Wanneer hierdie begeerte vervul is, gee dit aanleiding tot 'n volgende begeerte. Wanneer 'n persoon die verlies ontken in plaas van om daarvoor te rou, kan 'n drempelfiksasie ontstaan. Marlene van Niekerk in Aucamp (2004:24) sluit by Smith se argument aan wanneer sy twee posisies beskryf van waaruit daar met verlies omgegaan kan word: eerstens vanuit 'n posisie van woede en tweedens vanuit 'n posisie van rou. Verder maak Hennie Aucamp (2004:24) die belangrike stelling dat herinneringsliteratuur in Afrikaans van die negentigerjare van die vorige eeu af toenemend ook verliesliteratuur geword het. Marlene van Niekerk, soos aangehaal deur Burger (2004:18), onderskryf Aucamp se gedagte by implikasie as sy die stelling maak dat ons die bestaan van letterkunde te danke het aan verlies en aan die verwerking van verlies:

Die vraag wat wel gestel kan word, is hoe die verlies literêr verwerk word, uit watter psigiese posisie: uit 'n posisie van woedende of pruilende aanval en/of verweer. Hierby staan en val alles, en wat betref ook die oordeel oor die uiteindelijke waarde van literêre werke. Ek dink die rouende posisie het 'n invloed nie net op die inhoud wat gekies word deur die skrywers nie, maar ook op die vormgewing en taalgebruik.

Bogenoemde stelling wat handel oor die genesende uitwerking wat die skryfproses self het op die skrywer (ook migrant) sluit aan by Van der Merwe (2007:106) se uitlating: "Die verwerking van trauma hou verband met die hervind van taal, met die herskrywing van die lewensverhaal". Hieruit kan afgelei word dat die skryfproses self alreeds as 'n vorm van verlieshantering aangewend kan word. Van der Merwe (2007:159) maak ons egter ook bewus van Phillip John se teenargument vir die skryfproses as 'n wyse van

verlieshantering: “John (2006:159) is skepties oor die entoesiastiese propagering van die wonderwerking van ‘stories’, soos hy dit stel en ter staving vir sy skeptisisme noem hy dat baie skrywers, ondanks die skryf van stories, selfmoord gepleeg het”. Van der Merwe (2007:105) is eerder van mening “[...] dat ’n bepaalde boek vir ’n bepaalde leser op ’n bepaalde tyd ’n terapeutiese werking kan hê”. Van der Merwe lig dus nie slegs die terapeutiese waarde van die skryfproses vir skrywers uit nie, maar ook die terapeutiese waarde wat letterkunde vir slagoffers van verlies en trauma kan dra.

“Displacement wounds people – this ought not to be forgotten – but it need not be perceived as a condition of terminal loss.” Hierdie stelling van Israel (2000:17) dui daarop dat verlies wel verwerk kan word. Wanneer verlies ervaar word, geskied die verwerking daarvan in fases. Elisabeth Kübler-Ross (1997) identifiseer in haar teorie vyf fases wat ’n persoon ervaar tydens die verwerking van verlies. Die vyf fases sal op die gekose tekste toegepas en bespreek word. Die eerste fase wat sy identifiseer is die ontkenningfase. Dit behels dat die slagoffer bewustelik of onbewustelik die realiteit ontken. Ontkenning is ’n beskermingsmeganisme, maar dit is ook baie moontlik vir ’n slagoffer om in hierdie fase vasgesluit te word. Dit sluit dan op sy beurt aan by ’n drempelfiksasie.

Die tweede fase wat die slagoffer ondervind, is ’n fase van woede. Gedurende hierdie fase ondervind die slagoffer ’n gevoel van woede. Die woede kan gerig wees op hom- of haarself of selfs mense rondom hulle, veral diegene naaste aan die slagoffer. Die woede is meestal irrasioneel en ongegrond.

Die derde fase tydens die verwerking van verlies behels onderhandeling. Die mate van onderhandeling sal afhang van die tipe verlies wat ondervind word. In die geval van ’n geliefde se dood sal die slagoffer dikwels met God (of watter hoër krag hy ook al in mag glo) probeer onderhandel. In minder ernstige ervarings van trauma (byvoorbeeld die beëindiging van ’n verhouding), kan die slagoffer dikwels met die ander party onderhandel (byvoorbeeld: “Kan ons nog vriende wees?”).

Depressie is kenmerkend van die vierde fase van verlies. Dit behels 'n mate van aanvaarding met 'n emosionele ondertoon. Dit gaan dikwels gepaard met emosies soos angs, verwyte, onsekerheid en hartseer. Wanneer 'n slagoffer hierdie fase bereik, dui dit op die eerste stap tot aanvaarding.

Aanvaarding is dan die laaste fase by die verwerking van verlies. Die ervaring van hierdie fase sal afhang van die tipe verlies wat die slagoffer ervaar het. Dit behels dikwels emosionele losmaking en objektiwiteit.

Ten slotte maak Rushdie (1991:10) ons ook bewus van die rol van die geheue tydens die verwerking van verlies: “[...] we will not be capable of reclaiming precisely the thing that we lost, that we will, in short, create fictions, not actual cities or villages, but invisible ones, imaginary homelands, Indias of the mind.”

2.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar vasgestel dat mobiliteit 'n sleutelwoord van die twintigste eeu is en 'n impak het op talle aspekte van ons daaglikse bestaan. Mobiliteit is as 'n relevante konsep geïdentifiseer aangesien dit ook in die letterkunde manifesteer deur intertekste, vertalings, transnasionalistiese skrywe en die tematiese aanwending van mobiliteit. Daar is vasgestel dat migrasie beskou kan word as 'n kategorie van mobiliteit en dus hou die terme met mekaar verband. Migrasie het verskeie implikasies en uitvloeisels waaronder transnasionalisme, diaspora, ballingskap, die nomadiese, reis en kolonialisme geïdentifiseer is. Die ervaring van migrasie kan beïnvloed word deur gender en 'n omvattende bespreking sal my toerus om in die romananalise ondersoek in te stel na die moontlike verskille in die ervaring van migrasie ten opsigte van gender. Die proses van migrasie behels dat verskeie grense of sones oorgesteek word. Die sones wat in hierdie verband geïdentifiseer is, sluit in: tekstuele sones, simboliese sones (waaronder die liggaam en geheue as grense beskou kan word), temporele sones en topografiese sones (waaronder die verhouding tussen ruimte en identiteit uitgelig is). Verder is die aanwesigheid van liminaliteit tydens die proses van migrasie

omskryf en gemotiveer. Laastens is daar 'n verband getrek tussen verlies en migrasie. Daar is vasgestel dat die proses van migrasie dikwels met verlies gepaard gaan. 'n Raamwerk vir die ontleding van verlies is geïdentifiseer wat aangewend kan word tydens die romananalise om verlies en verlieshantering te ontleed.

Hoofstuk 3: *Anderkant die stilte* – André P. Brink

3.1 Inleiding en kontekstualisering

Migrasie as uitvloeisel van mobiliteit manifesteer in verskeie vorme in die literatuur. In hierdie hoofstuk sal die roman *Anderkant die stilte* ontleed word om vas te stel op watter wyse die skrywer André Philippus Brink met migrasie omgaan. Eerstens sal daar deur biografiese gegewens gesif word om sodoende die agtergrond van die skrywer se oeuvre te verstaan. Gegewens in die skrywer se algemene agtergrond wat moontlik verband hou met migrasie en verplasing sal ook geïdentifiseer word. Vervolgens sal die resepsie ondersoek word om vas te stel hoe lesers en kritici die roman ontvang het. Die fabula sal kortliks geskets word sodat die romananalise aan die hand daarvan kan geskied. Die hoofemas in die roman sal dan spesifiek uitgelig word. Intertekstualiteit in die romans sal ondersoek en bespreek word om vas te stel óf en in watter mate dit by die tema van migrasie en verplasing aansluit of dit versterk. Die konsepte wat verband hou met migrasie en verplasing (soos in hoofstuk 2 geïdentifiseer is) sal dan toegepas word. Daar sal spesifiek ondersoek ingestel word na die verskeie grense wat in die roman oorgesteek word en die funksie daarvan. Die invloed van die (vreemde) ruimtes waarin die karakters hulle bevind en die invloed daarvan op die definiëring en herdefiniëring van hulle identiteite sal nagevors word. Verder sal die rol van verlies en die wyse waarop verlies in die roman hanteer word ook nagespeur word om vas te stel wat die invloed hiervan op die karakter/s se identiteit/e is. Laastens sal daar gepoog word om unieke genderervarings te identifiseer wat verband hou met die proses van migrasie.

3.2 André P. Brink: Algemene agtergrond

Lindenberg (1998:294) wys daarop dat Brink van meet af aan polemies ingestel is en daarom dikwels kwaai reaksie by lesers uitlok. Dit was dan ook die geval met die publikasie van sy twintigste roman *Anderkant die stilte* wat in 2002 verskyn het. Gedurende 2003 ontvang Brink vir hierdie roman onder meer die Alan Paton toekenning

vir fiksie en ook die Statebond toekenning vir die beste boek in die Afrikastreek. Brink se oeuvre kan onderskeidelik in drie fases verdeel word: die eksperimentele fase, die betrokke fase en die intertekstuele fase. Hoewel Brink se werk in hierdie drie fases verdeel kan word, is Lindenberg (1998:297) van mening dat Brink se oeuvre tot 'n eenheid gebind word deur 'n paar bestendige temas en patrone soos byvoorbeeld die Danteske helle- en hemelvaart, geloof, hoop, liefde; die verkenning van die self en die Ander asook die seksuele as eksistensiële ervaring. Volgens Prono (2009:2) ondersoek Brink regdeur sy literêre oeuvre sy liefde-haat-verhouding met die Afrikaner en sy posisie as Afrikaanse skrywer. Hierdie tendens in Brink se werk kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat Brink se werk deur die Suid-Afrikaanse staat gesensor is vanweë sy kontroversiële temas gedurende die apartheidsjare. Hierna het Brink begin om ook sy romans in Engels te skryf en te publiseer. Gedurende die 1970's en 1980's het Brink voortgegaan om die instelling van apartheid aan te spreek en het hy sy werk gebruik as mondstuk vir sosiale verandering en bewusmaking. Lindenberg (1998:305) skryf oor Brink se betrokke fase die volgende: "Tog het Brink saam met sy tydgenote deel gehad aan die ideaal om op 'n indringend eerlike wyse te werk met die tragiek van 'n gemeenskap wat toelaat dat rasseverskille uitloop op vooroordeel, uitbuiting en onmenslikheid". Brink word ook deur Els (2000:12) beskryf as 'n omstrede skrywer juis oor hy (Brink) die Afrikaner se gewete was wat deur sy karakters bly rebelleer het teen die onreg van apartheid. Na afloop van hierdie fase het Brink veral in sy post-apartheid romans begin fokus op die koloniale geskiedenis van Suid-Afrika. Voorbeelde van hierdie romans sluit in: *Anderkant die stilte* en *Bidsprinkaan*. Prono (2009:3) is van mening dat Brink veral geïnteresseerd is in twee tipes 'stilte', die een wat ontstaan as gevolg van die marginalisering van vroue en die ander wat veroorsaak word deur die geskiedenis wat hoofsaaklik deur die wit man gedomineer is. Koloniserings as tema word ook in *Inteendeel* ontgin. Daar word ook gepoog om erkenning aan die rol van vroue te gee – soos in *Sandkastele*. *Anderkant die stilte* word dan ook gekenmerk aan temas soos kolonialisering, marginalisering en die rol van die vrou. Beukes (1998:316) maak die stelling dat die mees dwingende tematiese fokus in die Brink-oeuvre, die Suid-Afrikaanse samelewing en politieke bestel is en ook dat identiteit die kern van die soeke in elke Brink-tekst vorm. Botha (2000:23) identifiseer drie kenmerke van die skrywerskap

van André P. Brink soos dit deur meer as veertig jaar ontvou het: Dat hy in sy werk krities in gesprek tree oor en met toestande (wantoestande, meermale) wat onder andere deur politieke bewegings veroorsaak word; dat hy verder in gesprek tree met literêre en ander tekste wat op beduidende wyse “lewend” is in die kontekste van sy afsonderlike romans; dat hy as storieverteller onmiskenbaar die stempel van die romantiek dra.

Anderkant die stilte is geen uitsondering op hierdie verskynsel nie aangesien Brink “wantoestande” soos kolonialisme inkorporeer terwyl die roman ook ryk is aan intertekste.

3.3 Resepsie

Die roman is veral gekritiseer op grond van die kritiese uitbeelding van die Duitse kolonialiste en uiteindelik die Westerse kultuur in geheel. Dan Roodt (2002:5) maak die aanvegbare stelling dat die roman ’n uiterste standpuntname verteenwoordig waar die Westerse beskawing as’t ware as ’n fout gesien word, en gaan ook so ver om die roman literêr gesproke ’n ronde nul te noem. In nog ’n resensie spreek Roodt (2004) verder sy misnoeë uit oor Brink se tematiese gebruik van kolonialisme: “As hy hom reeds in sy mees onlangse roman *Anderkant die Stilte*, belaglik gemaak het met sy gepreek oor kolonialisme en die wreedheid van alle blanke Duitse mans [...]”. Hierdie kritiese beskouing word ook deur Kannemeyer (2005:337) gedeel wanneer hy die stelling maak dat “die opstapeling en oordaad aan geweld en oordrewe eensydigheid van die stoet vlak figure” in *Anderkant die Stilte* nog steeds Brink se groot gebrek is. Dit gaan egter hier om een vrou – Hanna X – se stryd om oorlewing en teen die totale mensdom. Brink beeld dus bewustelik die wit man en spesifiek koloniale heersers as oordrewe wrede karakters uit. Dit gee geloofwaardigheid aan die wrok wat Hanna koester en die dryfkrag agter haar wraaktog. Brink reken (Nieuwoudt, 2002:4) dat die leser hom nie moet blindstaar teen sy kritiese persepsie van die wit man nie aangesien Hanna ook aan enkele wit mans blootgestel word, wat nie aan hierdie stereotipe voldoen nie.

Verder het die grusame beskrywing van die hoofkarakter Hanna se onmenslike verminking en ander gewelddadige insidente in die roman, ook heelwat kritiek ontlok. James Mitchell (2002:17) is van mening dat hierdie element die roman minder lesersvriendelik maak: "Brink nowhere over-dramatizes: the very normality of the casual inhumanity to which Hanna is subjected is what horrifies the reader". Brink verduidelik egter aan Stephanie Niewoudt (2002:4) dat hy begrip het vir die feit dat verskeie lesers van mening is dat die geweld in die roman hulle afskrik. Hy verduidelik dat hy al die voorvalle waarin geweld voorkom, oor en oor oorweeg het om seker te maak dat daar binne die opset van die roman, in elke geval 'n diepliggende rede was waarom hy dit nie ontwyk of versag het nie. Brink se in-diepte beskrywing van Hanna se brutale skending dra by tot die vlak waarop die leser met die karakter omgaan. Alles oor Hanna en haar ervarings word blootgelê en niks word van die leser weerhou nie. Die leser word nie deur Brink beskerm nie en daardeur verskaf hy uiteindelik helderheid oor die keuses waarvoor Hanna te staan kom en die besluite wat sy later moet neem.

'n Volgende punt van kritiek is dat Brink poog om vanuit 'n vroulike perspektief te skryf. Talle kritici het bedenkinge oor die geloofwaardigheid van 'n roman deur 'n sterk manlike skrywer vanuit 'n vroulike perspektief. Dit is juis hierdie aspek wat *Anderkant die stilte* anders maak as sy vorige romans (met die uitsondering van *Sandkastele*, 1995). Brink maak die stelling aan Els (2000:12) dat hy dikwels vir hom 'n verteller kies wat juis van hom verskil sodat die skryfproses 'n uitdaging is. 'n Verdere moontlike rede hoekom Brink verkies om vanuit 'n vroulike perspektief te skryf, hou verband met die teorie van Bahktin soos bespreek word deur Allen (2000:160):

The concept of a woman's text in the wild zone is a playful abstraction: a reality to which we must address ourselves as critics, women's writing is a "double-voiced discourse" that always embodies the social, literary, and cultural heritage of both the muted and the dominant.

In die roman word Hanna gemarginaliseer juis vanweë die feit dat sy 'n vrou is. Deur Hanna se verhaal vanuit 'n vroulike perspektief te vertel, gee Brink nou 'n (vroulike

stem) aan die vroeër stemlose Hanna. Dit kan moontlik bevraagteken word of Brink wel in staat is om 'n vroulike belewenis te bemiddel. Vir Hambidge (2002:28) is dit juis hierdie element wat die roman vir haar uiters fassinerend maak: “Sy (Hanna X) word nie die voertuig van 'n manlike fokalisator of skrywende instansie se ‘boodskap’ nie”. Hierdie verskynsel verleen aan die roman selfs meer diepte, veral vanuit 'n genderbeskouing, en moet eerder as katalisator in plaas van struikelblok gesien word.

Ten spyte van die negatiewe kritiek is *Anderkant die stilte* ook deur ander geprys: Hambidge (2002:28) skryf onder meer dat Brink hier met 'n radikale teks besig is, waar die roman vir die eerste keer werklik feministies radikaal is. Sy maak hierdie stelling op grond van die feit dat die hoofkarakter Hanna X (in teenstelling met sy vorige vroulike hoofkarakters) in hierdie roman onaantreklik en geskend is. Vir die eerste keer is Brink se vroulike hoofkarakter nie die objek van die manlike karakters se begeerte nie, maar eerder 'n uitgeworpene wat onder andere vanweë haar fisiese voorkoms verwerp word: “Dit moet dan seker sy wees. Dit moet wees wat hulle sien wanneer hulle na haar kyk. Maar gewoonlik kyk hulle natuurlik nie. Hulle draai hul koppe weg.” (Brink, 2002:17) Hierdie uitbeelding van die hoofkarakter het sterk feministiese ondertone soos tereg deur Roodt (2002:5) opgemerk word: “Daar is 'n sterk onderlaag van fundamentalistiese feminisme”. Karam (2004:184) noem dat feminisme oor die algemeen die teenoorgestelde is van patriargie – of 'n man-gedomineerde samelewing. Feminisme het hoofsaaklik in die 1960's ontstaan en Barry (1995:123) onderskei tussen vier tipes feminisme naamlik: ‘Cosmo’ feminisme wat verwys na die sexy beroepsvrou, ‘liberale’ feminisme wat afstuur op gelykheid en kapsie maak teen stereotipering, ‘radikale’ feminisme wat die ekstreme feminisme behels en ‘Marxistiese’ feminisme wat ontstaan het as gevolg van kapitalisme en die klassistiem. Brink steun veral op die liberale en radikale feminisme in *Anderkant die stilte*. Die ganse roman is deurtrek van die misbruik van mag deur die manlike karakters (kolonialiste) en Hanna wat inderdaad kapsie maak teen hierdie mag en onderdrukking. Verder neig die gebeure in die roman na die ekstreme feminisme, vanaf Hanna wat haarself bewustelik lelik maak (deur haar hare af te sny) sodat mans haar nie begeerlik kan vind nie, tot die wraaktog wat sy onderneem.

Hambidge (2002:28) kom ook tot 'n gevolgtrekking rondom die omstredenheid waarin die roman gehul is en verreken ook bogenoemde kritiek van Dan Roodt: “As kritici só kan lees (en verskil van mekaar) is 'n boek nie 'n ronde nul nie. Inteendeel. Dit neem ons inderdaad anderkant die stilte van 'n droogte binne die letterkundige polemieks”.

3.4 Fabula

Anderkant die stilte is André P. Brink se twintigste roman en vertel die verhaal van Hanna X ('n weesmeisie in Bremen) wat vroeg reeds begin droom oor 'n beter lewe of soos sy dit stel 'n lewe wat “Anderkant die stilte” lê. Sy word gedurende haar kinderjare in die weeshuis *Kindertjies van Jesus* by verskeie families geplaas, waar sy as diensmeisie werk en keer-op-keer mishandel word (soms emosioneel, soms fisies, soms seksueel).

In die vroeë jare van die twintigste eeu begin die owerhede meisies werf om in Duits-Wes-Afrika in die koloniste se behoeftes aan vroue te voorsien. Hanna identifiseer dit as 'n gulde geleentheid om uit haar omstandighede te ontsnap en uiteindelik self te ontdek wat “Anderkant die stilte” van pyn en mishandeling lê. Haar drome van palmbome wat wuif in die wind, is egter van korte duur. Hanna word aan boord die Hans Woermann²¹ na Duits-Suidwes-Afrika gebring en smee op die skip 'n hegte band met Lotte (die meisie waarmee sy 'n slaapbank moet deel). Lotte word egter deur die amptenare op die skip seksueel aangerand en dit dryf haar tot selfmoord. Voordat Hanna hierdie verlies kan verwerk, arriveer sy in Duits-Wes-Afrika en bevind sy haar in 'n nagmerrie van haar eie. Sy verset haar op 'n trein tussen Swakopmund en Windhoek teen die attenties van 'n Duitse offisier Hauptmann Heinrich Böhlke. Sy word wreed aangerand,

²¹ Die Hans Woermann SS was 'n Duitse passasiers- en vragskip wat in 1900 deur David J. Dunlop & Co. gebou is. Nadat dit in 1914 geannekseer is deur HMS Cumberland, is sy herdoop as Gold Coast SS, maar is in 1917 deur 'n torpedo gesink terwyl dit vanaf Wes-Afrika na Liverpool gevaar het. (Allen, 2005)

Hilditch (1915:27) maak in sy boek *Battle Sketches* melding van die Hans Woermann as een van die grootste stoomaangedrewe skepe tydens die 1914 Duitse kolonisasie van Kameroen. Die Hans Woermann is dus nie 'n fiktiewe skip nie, maar historiese Duitse skip wat verantwoordelik was vir die vervoer van passasiers en goedere na Wes-Afrika.

haar tong afgesny, van die trein afgegooi en vir dood agtergelaat. Die vroue van 'n inheemse Nama-stam²² ontferm hulle oor haar en versorg haar, voordat hul haar na Frauenstein neem. Frauenstein is 'n huis/inrigting vir verwerpe vroue van die gemeenskap. Hier voer Hanna 'n eentonige alledaagse bestaan wat gekenmerk word aan die daaglikse takies wat sy in en om die huis moet verrig. Haar rustige bestaan word egter omvergegooi wanneer die jong Katje (nog 'n inwoner van die huis) gedreig word met verkragting. Hierdie insident laat Hanna in opstand kom teen die Duitse Reich en inderwaarheid almal wat haar al ooit onreg aangedoen het: “Haar hele lewe lank het sy stil en ingehoue 'n NEE bly leef teen hulle en hulle wêreld. Nou hoef sy dit nie meer so stilweg te doen nie. Uiteindelik het sy die haat in haar geëien. Dit gee rigting aan al die onstuimigheid in haar. Vannag het dit haar gedryf om 'n man dood te maak wat Katja wou verkrag.” (Brink, 2002:161) Sy besluit om Frauenstein te verlaat en bring haar eie klein leërtjie op die been (wat uit ander uitgeworpenes en buitelanders bestaan) om haar te help in haar wraaktog teen die Duitse Reich. Wanneer Hanna egter uiteindelik voor die einddoel van haar wraaktog te staan kom – Hauptmann Böhlke – kom sy tot nuwe insigte en besef sy dat sy wat Hanna X is, reeds die “Anderkant” bereik het en sy sien daarvan af om hom dood te maak.

3.5 Temas

Die temas wat in *Anderkant die stilte* aangetref word, kan almal gegroepeer word onder die sambreelterm of hooftema **migrasie** en **verplasing**. Die tema van migrasie en verplasing manifesteer op onderskeidelik drie wyses in die roman, naamlik: migrasie as werkswyse, letterlike migrasie en simboliese migrasie. Eerstens het migrasie as werkswyse te make met intertekstualiteit wat deur Brink in die roman aangewend word. Deur middel van intertekste **migreer** die skrywer na ander tekste en ook na die geskiedenis. Intertekstualiteit dwing ook die leser om oor tekste heen te migreer en

²² Die Nama-stam is een van agt etniese groepe wat vandag in Namibië erken word. 'n Eeu gelede het hierdie groep uit agt stamme bestaan onder andere die Rooinasie, Franzmanns en Swartboois. Die voorman van die Nama's gedurende die kolonisasie van Duits-Wes-Afrika was die bekende Hendrik Witbooi. (Sarkin, 2010:33)

verplaas te word na die verlede. Tweedens word letterlike migrasie tematies in die roman aangewend, dit wil sê die oorsteek van fisiese grense. Subtemas in *Anderkant die stilte* wat spruit uit die tematiese gebruik van migrasie sluit veral kolonialisme en ruimtelike verplasing in. Kolonialisme het op sy beurt verdere temas tot gevolg, onder meer patriargale en magsverhoudinge, marginaliseringe en onderdrukking. Laastens word migrasie op 'n abstrakte of simboliese vlak as tema aangewend. Hanna onderneem 'n simboliese reis vanaf 'n toestand van trauma tot moontlike heling. Hoewel sy nooit ten volle genees nie is sy wel *op pad* na heling en dus op reis. Hierdie simboliese reis impliseer ook 'n soeke na identiteit wat op verskeie vlakke manifesteer. In Hanna se geval is haar soeke nou verweef met genderkwessies en haar vroulike identiteit op persoonlike sowel as kulturele vlak.

3.6 Migrasie as werkswyse: intertekstualiteit as verplasing

Intertekstualiteit is in Hoofstuk 2 geïdentifiseer as manifestasie van migrasie of verplasing in die letterkunde. Intertekstualiteit kan as abstrakte grens gedefinieer word aangesien dit die beweging van een teks na 'n ander behels. In *Anderkant die Stilte* sluit die nie-literêre tekste onder meer kolonialisme, die geskiedenis van die Duitse weesmeisies van Duits-Wes-Afrika en die geskiedenis van Johanna van Arkel in. Literêre intertekste wat in die roman aangetref word, sluit die motto uit George Eliot se *Middlemarch*, sprokies (beide Westerse en Afrika-sprokies) en verskeie Bybeltekste in. Deur die gebruik van intertekste dwing Brink die leser na ander tekste of gebeure en sodoende word die resepsie van die roman deur die leser se verwysingsraamwerk bepaal. Die term *intertekstualiteit* word volgens Foster en Viljoen (1997:115-132) aangewend wanneer daar onbeskaamd van 'n ander teks geleen of gesteel word en dikwels tree skrywers ook in gesprek met 'n ander teks. Dit verwys dus na 'n verhouding tussen twee of meer tekste. Malan (1992:187) maak ons daarop attent dat die term intertekstualiteit deur die Franse strukturalis Julia Kristeva onder die literêre aandag gebring is en dat spesifiek strukturalistiese en semiotiese benaderings die term gebruik om literêre werke te ontleed volgens die beginsels van 'n wisselwerking tussen verskillende tekste. Die teks waarna daar verwys word, staan ook bekend as die

buiteteks en hierdie buiteteke kan sowel nieliterêr as literêr wees. Nieliterêre tekste sluit historiese, sosiale en kulturele verwysings in.

Soos reeds genoem, kan Brink se oewre onderskeidelik in drie fases verdeel word (Lindenberg,1998:294), naamlik: die eksistensiële fase, die betrokke fase en die intertekstuele fase. Aansluitend by Hambidge (2002:28) se stelling dat die talle intertekste wat in die roman aangetref word, tekstuur daaraan verleen, vorm *Anderkant die stilte* by uitstek deel van Brink se intertekstuele fase. Bothma & Roos (2006:145) is van mening dat verskeie romans wat André P. Brink sedert die begin van die negentigerjare geskryf het, deur 'n samespel van verwysings die teenwoordigheid van 'n besondere intertekstuele patroon suggereer. Brink migreer deur middel van intertekste na ander tekste en migreer ook na die verlede deur die geskiedenis te herbesoek. Hierdie geskiedenis sluit onder meer kwessies soos apartheid, kolonialisme, blanke en patriargale oorheersing in. Roodt (2002:5) reken dat Brink se politieke opportunisme uiteindelik sy hele oewre gekelder het. Waarom dan sal 'n skrywer amper sy totale oewre sentreer rondom hierdie temas? Die antwoord op hierdie vraag kan gevind word in die volgende kragtige stelling van Coetzee (2000:134): “Skuld wat ontdek is, wat gepleeg is, wat verabsoluteer is, skuld het ingegroei in die vesels van die geskiedenis van die Afrikaner”. Deurdat Brink migreer na die geskiedenis gee hy deur middel hiervan 'n stem aan die verontregtes en gemarginaliseerdes. Volgens Atwood (2002:156) word alle tekste gemotiveer deur 'n vrees vir of fassinatie met verganklikheid – 'n begeerte om die gevaarlike reis na die onderwêreld te ondergaan en iemand of iets terug te bring uit die dood. Hierdie teorie sluit aan by die skryfwerk van Brink: Deur sy skrywe migreer hy na 'n metaforiese “doderyk” naamlik die vergete geskiedenis om die verontregtes uit die dood op te wek, en hul 'n spreekwoordelike tweede geleentheid te gee om hulle stem hoorbaar te maak. Vandaar die uiterse oordrywing van die blanke man en Hanna as prototipe van die postkoloniale subjek. Brink oordryf die wreedheid van die patriargale blanke man juis om te beklemtoon hoe mag en respek tydens koloniale oorheersing afgedwing is.

Stephanie Niewoudt (2002:4) vra tydens 'n onderhoud aan Brink tot watter nuwe insigte sy navorsing hom gebring het oor die sogenaamde “beskawing” van die Duitsers en die kolonialisme in die algemeen? Hy gee die volgende antwoord:

Die koloniale praktyk bring, lyk dit my, in enige volk die ergste na vore. Of dit Duitsland, Engeland, Frankryk, België of wie ook al is. Waarom? Vir my bly die antwoord dit wat 'n karakter van Toni Morrison gesê het toe sy gevra word hoekom sy haar baba vermoor het: “Because I could”.

Die ganse koloniale praktyk gaan dus oor mag en onderdrukking en indien enige iemand hul sou teensit, soos in Hanna se geval, word sonder meer geweld gebruik. Ook oor die brutale geweld in die roman het Brink erge kritiek ontvang en weereens regverdig hy dit teenoor Niewoudt (2002:4) deur te verduidelik dat dit vir hom daarvoor gaan om sy uiteindelige doel te bereik – om aan die stemloses 'n stem te gee: “Ek self is langer as 'n dekade afgeskrik deur die uiterse geweld dat ek nie die boek kon skryf nie maar vir my was dit gewoon iets wat gesê moes word”.

Beukes (1998:328) som op sy beurt die funksie van Brink se gebruik van geskiedkundige intertekste in sy werk uitstekend op:

Brink het in sy tekste verantwoording gedoen oor wat hy glo reg, geregtigheid en waarheid is. Sy ganse oeuvre dien as pleitstaat vir regverdiging. Al sy nuwe skryfsels is sy verweer in 'n simboliese Nuremberg verhoor [...] Elke teks word bloot supplement, aanvulling, oorvertel en weervertel, teksfragmente wat die waarheid van 'n bedrieglike bestaan probeer vertaal.

Vervolgens sal verskillende voorbeelde van intertekste wat in die roman aangetref word en die effek wat daardeur verkry word, bespreek word.

3.6.1 Geskiedenis van die Duitse weesmeisies

By nadere ondersoek word die leser daarvan bewus dat Brink vir *Anderkant die stilte* werklike geskiedkundige gebeure as fondasie vir sy verhaal gebruik. Die gebruik van geskiedkundige gebeure as interteks word regdeur Brink se oeuvre aangetref. Hy wend hom onder meer in *Bidsprinkaan* (2005) tot die geskiedenis van die eerste Khoi sendelinge wat aan die Kaap die Goeie Hoop georden is gedurende die agtiende eeu. *Donkermaan* (2000) is nog 'n roman met 'n geskiedkundige interteks wat ook stem gee aan die vroulike slaaf. Kannemeyer (2005:329-330) identifiseer 'n *Oomblik in die wind* en *Kennis van die aand* as nog twee van Brink se romans wat oor die slawegeskiedenis handel, terwyl "*Houd-den-Bek* (1982) steun op die weinig bekende 'Bokkeveldse Opstand' onder die slawe van 1825". Verder gebruik Brink in *Inteendeel* (1993) die bewind van die VOC as boustof voordat hy *Sandkastele* in 1995 publiseer wat afspeel twee weke voor Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing in 1994. In *Anderkant die stilte* maak hy gebruik van die geskiedenis van die Duitse weesmeisies (Brink 2002:325) wat aan die einde van die negentiende eeu en begin twintigste eeu na Duits-Wes-Afrika gebring is. Die Duitse regering het hierdie meisies ingevoer om die tekort aan huweliksmaats vir die Duitse offisiere te verlig, of bloot om as huishoudsters te dien of in die Duitse soldate se behoeftes te voorsien. Dit was meestal weesmeisies wat geglo het dat nuwe geleenthede en die moontlikheid van 'n nuwe begin op hul wag. Hierdie geskiedenis geniet egter nie veel aandag in die geskiedenisboeke nie en Brink (2002:325) gee verder erkenning aan die mondelinge vertelling van George Weideman waarop hy gesteun het gedurende die skryf van *Anderkant die stilte*.

Die hoofkarakter Hanna in *Anderkant die stilte* is dan ook een van hierdie optimistiese meisies wat na Duits-Wes-Afrika gekom het met die hoop op 'n beter toekoms: "Is dit nie waaroor sy haar lewe lank al droom nie? [...] As Hanna gaan, sal dit op 'n manier die afronding van haar eie drome wees." (Brink, 2002:143-144) Dubbele marginalisering kom in die roman ter sprake, aangesien die meisies eerstens hulself in 'n vreemde land bevind en dus buitelanders is, en tweedens omdat hul uitgeworpe is as weesmeisies: "Maar wat hulle met mekaar gemeen gehad het, was dat almal deur die gemeenskap

uitgewerp was – hetsy as weduwees, armes, as gevolg van morele ontaarding of die een of ander gebrek – en dat niemand anders met hul sorg belas kon of wou word nie.” (Brink, 2002:21) Hanna X kom dan in Januarie 1902 aan boord van die *Hans Woermann* na Duits-Wes-Afrika nadat sy saam met honderde meisies wat aansoek gedoen het, deur die regering en “Kolonialgesellschaft” (Brink, 2002:144) goedgekeur is.

Deurdat Brink hom tot die werklike geskiedenis van Duits-Wes-Afrika wend, kom die kwessie van kolonialisering ter sprake. Kolonialisme hou direk met migrasie verband, aangesien daar dikwels van koloniseerders vereis was om te migreer. Die koloniale geskiedenis wat Brink in *Anderkant die stilte* aanwend, is die kolonisering van die voormalige Duits-Wes-Afrika deur Duitse owerhede. Levinson (1961:15) verduidelik dat Duits-Wes-Afrika geleë is aan die weskus van Afrika. Dit was vroeër bekend as die Transgariëp, Namaland, Kamaraland en Ovamboland. Die Sweedse verkenner Charles John Anderson was die eerste persoon wat hierdie stuk land die titel Suid-Wes-Afrika gegee het. Gedurende die 1890's is die gebied deur Duitsers gekoloniseer, waarna dit bekend gestaan het as Duits-Suidwes-Afrika. In 1915 het die kolonie oorgegee aan Generaal Louis Botha en die gebied het weer onder die heerskappy van die Unie van Suid-Afrika geval. Vandag staan die gebied bekend as Namibië. Bogenoemde geskiedenis skep die ruimtelike agtergrond waarteen *Anderkant die stilte* afspeel.

In *Anderkant die stilte* herskryf Brink as't ware die geskiedenis en vind ons die tendens dat die verlede herskep word. Deur historiografie²³ word die grens tussen werklikheid en fiksie vervaag, asook die grens tussen letterkunde en geskiedenis. Viljoen en Du Pisani (1999:8) sluit by hierdie stelling aan:

Historians have made it their task to “reconstruct” the past [...] today it is generally accepted that historiography consists of both factual and fictional elements. If facts are the bricks in the house of history, fiction is the mortar that

²³Coetzee (2000:144) omskryf *historiografie* as 'n interpretasie en selfs 'n herskepping van die verlede: “Die rekonstruksie kan narratiewies op verskillende maniere plaasvind soos bepaal deur die skrywer se persoonlike visie van die herskryf of herinterpretasie van die geskiedenis”.

keeps the construction together and gives it shape. Historical reconstruction is now mostly seen in terms of “reimagining” the past.

Na 'n kort inleiding in die roman wend Brink hom dadelik tot die werklike dokumente en opskrywings rondom die toepaslike geskiedenis, wat die suggestie laat ontstaan dat die roman eerder 'n werklike weergawe van geskiedkundige gebeure is. Volgens Coetzee (2000:144) kan historiografie daartoe lei dat die literatuur en geskiedenis dikwels so nou vervleg is dat onderskeid moeilik getref kan word en dit problematies word:

In die meeste van die moderne plaasromans (literatuur) is daar 'n sentrale gebeurtenis geskep wat dan “geskiedenis” word, en die handeling draai dan om die herleef, interpretasie, herskepping of verwerping van daardie geskiedenis. Die rekonstruksie kan narratiewies op verskillende maniere plaasvind – soos bepaal deur die skrywer se persoonlike visie van die herskryf of herinterpretasie van die geskiedenis.

Die geskiedenis waartoe Brink hom wend in *Anderkant die stilte* moet dus nie as histories korrek of inkorrekt ontleed word nie, maar moet gesien word as een persoon se interpretasie (Hanna X) van die betrokke geskiedenis. Van Coller (2005:127) gee 'n samevattende verduideliking hiervoor:

Vir Brink is die geskiedenis een van die vrugbaarste terreine wat herbesoek kan word deur skrywers, omdat die oorheersende, dominante historiografiese blanke diskoers, stilte opgedwing het aan baie. Die teenoorgestelde strategie of om dit te verban deur 'n dominante swart historiografie, beteken om in dieselfde slag te trap. Brink verwys na sy eie werk in *Inteendeel*, maar *Anderkant die stilte* sou 'n goeie illustrasie kon wees van 'n kreatiewe interaksie met (versweë) geskiedenis. Dit raak nie 'n blote opposisie nie, maar 'n diepgaande bevraagtekening.

Alhoewel Brink hom grootliks wend tot die Suid-Afrikaanse geskiedenis as interteks in *Anderkant die stilte*, maak hy ook telkens gebruik van internasionale geskiedenis en geskiedkundige figure om as intertekste aan te wend.

3.6.2 Johanna van Arkel

Die volgende nieliterêre interteks wat in die roman figureer, is die geskiedenis van Johanna van Arkel (Joan of Arc). Talle verwysings in die roman maak die leser van meet af aan daarop attent dat Johanna se verhaal in gedagte gehou moet word by die lees van Hanna se verhaal:

Dit is 'n boek wat Hanna vir die res van haar lewe sal bybly. Nie 'n boek met stories of reisverhale soos die meeste ander wat sy by Fräulein Braunschweig te lene kry nie, maar geskiedenis. 'n Relas oor die lewe en dood van Jeanne d'Arc. Met verloop van tyd sal dit die leemte vul wat gelaat is deur die verlies van haar verbeeldingmaats, Trieksie, Spieksie en Fienie; vir haar word Jeanne meer werklik as die ander dogters in die weeshuis. (Brink, 2002:72)

Johanna van Arkel was 'n 15de eeuse nasionale heldin van Frankryk. Sy het op die voorgrond verskyn gedurende 'n tydperk waar moedeloosheid en wanhoop aan die orde van die dag was. Saam met Johanna het die bonatuurlike ook in die politieke arena in beweeg. Die 15de eeu is geken aan die oortuiging dat die bonatuurlike bestaan. Johanna het beweer dat sy visioene van God gehad het waarin sy aangesê is om haar land van Engelse oorheersing te bevry. Sy het blykbaar haar eerste visioene gehad toe sy slegs 12 jaar oud was en alleen in die veld as skaapwagter gewerk het. Sy was oortuig dat die visioene nie van 'n bose mag afkomstig was nie, aangesien die stemme altyd van haar regterkant gekom het. Sy het later getuig dat die aartsengel Migael, Sint Catharina van Alexandrië en Sint Margaretha haar aangesê het om die Engelse te verdryf en die dauphin na Reims te bring om gekroon te word. Sy het 'n voorspelling gemaak oor 'n militêre ommekeer naby Orleans. Nadat haar voorspelling bevestig is, het sy 'n reis onderneem na Chignon. Volgens oorlewering was sy tydens die reis

vermom as 'n man en het ook haar hare kort gedra. Die algemeenste rede hiervoor was dat sy nie deur medesoldate as 'n seksobjek beskou kon word nie en ook om haar te beskerm teen molestering wanneer sy in die veld oornag het. Nadat sy verloën is, het sy daarna teruggekeer om vroueklere te dra, maar nadat sy in die tronk seksueel aangerand is, het sy die dra van mansklere as beskerming hervat. Johanna was 'n ware heldin in die sin dat sy telkemale tydens aanvalle geweier het om die slagveld te verlaat, ten spyte van die feit dat sy gewond was. Dit is dan ook hierdie heldhaftige optrede wat daartoe gelei het dat sy in 1430 in Compiègne in hegtenis geneem is tydens 'n aanval waarin sy die eerbare posisie ingeneem het en die laaste een was om die slagveld te verlaat. Johanna se verhoor vir kettery was polities gemotiveerd. Tydens haar verhoor het sy dikwels haar besondere intellek gedemonstreer. Toe sy per geleentheid gevra is of sy weet of sy in God se genade was, het sy geantwoord: "As ek nie is nie, mag God my daar plaas, en as ek is, mag God my so hou". Hierdie was 'n strikvraag aangesien sy haar aan kettery sou skuldig maak as sy 'ja' sou antwoord, terwyl sy skuld op haar aanklag sou erken indien sy nee sou antwoord. Johanna is skuldig bevind aan kettery en tot dood veroordeel. Op 30 Mei 1431 is Johanna van Arkel op die brandstapel tereggestel. Sy was volgens oorlewering omtrent negentien jaar oud tydens haar verhoor en teregstelling en daar kan dus geraam word dat sy in ongeveer 1412 gebore is. Sy het daarop aangedring dat 'n kruis voor haar vasgehou word, terwyl sy tereggestel is. Na afloop van die oorlog is Johanna se saak herverhoor. Inkwisiteur Generaal Jean Brehal het in Junie 1456 in sy finale opsomming bevind dat Johanna 'n martelaar was en die ontslape Pierre Cauchon is van kettery beskuldig omdat hy Johanna veroordeel het. Op 7 Julie 1456 is Johanna onskuldig verklaar deur die hof, en op 16 Mei 1920 is sy deur Pous Benedictus XV as heilige verklaar. (Duby, 1991:288-297)

Verskeie ooreenkomste word in *Anderkant die stilte* aangetref tussen Hanna en Johanna. Die eerste ooglopende ooreenkoms kom voor op grond van naamgewing: Hanna roep 'n konnotasie op met Jo(hanna). Hierdie ooreenkoms is nie toevallig nie en word aangewend om die leser daarop te wys dat hy hier met 'n interteks te make het. Net soos Johanna beweer Hanna ook van 'n vroeë ouderdom af dat sy stemme hoor:

Maar deur die jare hou die stemme aan. Partykeer wonder sy of sy besig is om mal te word. Maar dit kan Hanna nie aanvaar nie. Het sy dan nie self, vantevore, ure lank saam met Trieksie en Spieksie en Fienie deurgebring nie? Sy weet hoe werklik sulke stemme kan wees. (Brink, 2002:73)

Terwyl Johanna 'n leër aanvoer om koning Karel VII te red van die Engelse magte wat haar land beleër, voer Hanna haar eie leër aan wat bestaan uit uitgeworpenes en gemarginaliseerdes wat op 'n wraaktog gaan. Hulle trek deur die woestyn waar hulle alle Duitse magte wat op hul pad kom uitwis, alles in 'n poging om hul finale doel te bereik: om wraak te neem op Hauptmann Böhlke. Hul apokaliptiese trek deur die woestyn en die beskrywing van die groep se nagte onder 'n sterre-kombers herinner ook sterk aan 'n gebeurtenis in Johanna se lewe: "Daar is 'n gebeurtenis in Jeanne se lewe wat haar sonder ophou bekoor. Die reis van Vancouleurs na Chignon, wanneer sy snags ewe onskuldig slaap tussen haar begeleiers [...]". (Brink, 2002:117) 'n Verdere parallel kan getrek word tussen Hanna en Johanna van Arkel, aangesien Hanna in die roman besluit om haar hare kort af te sny sodat sy nie meer deur mans begeerlik gevind sal word nie en Johanna haar hare kort gedra het om haar te beskerm teen molestering. In beide gevalle is die dra van kort hare 'n beskermingsmeganisme. In *Inteendeel* (1993) gebruik Brink ook Johanna van Arkel om 'n verband te lê met die karakter Barbier. 'n Dwingende parallel word geskep soos Kannemeyer (2005:333) uitlig: "Nie alleen is daar 'n sterk verwantskap tussen hulle lewensverloop en uiteindelijke lot nie, maar Jeanne funksioneer naas historiese verwysing as gewete, as hoop en aanspoorder en as prototipe vir Barbier". Die funksie wat Johanna van Arkel in *Inteendeel* verrig, kan ook deurgetrek word na die funksie van die gebruik van haar lewe as interteks in *Anderkant die stilte*. Johanna se lewensverhaal is vir Hanna inspirasie en aansporing vir haar eie lewe en Roodt (2002:5) merk met reg op dat Hanna aan die einde van die boek 'n soort bevrydingstryd teen die blanke patriargale orde voer as 'n derdewêreldse Johanna van Arkel. Die uiteindelijke ooreenkomste tussen Hanna en Johanna en die stryd wat hulle onderskeidelik voer, word uitstekend deur 'n stelling van Mitchell (2002:17) beskryf: "Eventually we have Hanna against the

German Reich. Hanna against Hauptmann Böhlke. Hanna against the world". Hanna se oortuiging in haar finale doel word, net soos Johanna se geloof in haar roeping, moontlik belangriker as die oorsprong van hul visioene.

3.6.3 Ander intertekste

Verskeie ander literêre intertekste word in die roman deur Brink aangewend om die tema van migrasie en verplasing te versterk. Die eerste interteks waarvan die leser bewus gemaak word, is die motto van George Eliot wat reeds aangetref word voordat die roman begin: "If we had a keen vision and feeling of all ordinary human life, it would be like hearing the grass grow and the squirrel's heart beat, and we should die of that which lies on the other side of silence". Eliot verwys hiermee na dit wat nie vir die mens in die natuur hoorbaar is nie, maar nietemin buitengewoon kosbaar is. 'n Motto of opskrif word volgens Genette (1987:144) soos volg gedefinieer: "[...] a quotation placed *en exergue* [in the exergue], generally at the head of a work or a section of a work". Genette (1987:145) is ook van mening dat die motto 'n stille gebaar is waarvan die interpretasie aan die leser oorgelaat word. Hy identifiseer drie funksies van die motto as inter- of parateks. Eerstens lewer dit kommentaar op of regverdig die titel. In hierdie geval hou die motto direk verband met die titel. Die woorde "...and we should die of that which lies on the **other side of silence**", is nie net 'n direkte vertaling van die titel *Anderkant die Stilte* nie, maar impliseer ook 'n vooruitskouing of voorspelling dat wanneer jy ontdek wat "anderkant" die stilte lê, jy gereed sal wees om te sterf. Die slot van die roman openbaar aan die leser dat die hoofkarakter Hanna uiteindelik aan die "anderkant" van die stilte gearriveer het. Daarmee saam is haar lewenstaak vervul en bly daar niks verder oor behalwe om te sterf nie. Daarom gee Hanna nie om wat verder met haar gebeur wanneer sy Hauptmann Heinrich Böhlke naak die skare inlei nie. Hierdie slot sluit aan by die tweede funksie van die parateks, naamlik dat dit moontlik kommentaar op die teks lewer: "[...] more often the commentary is puzzling, has a significance that will not be clear or confirmed until the whole book is read". (Genette, 1987:14) Eers wanneer ons die slot van die roman gelees het, word die betekenis van die motto duidelik. Hanna het ontdek wat anderkant die stilte lê, haar totale lewe het sy

hieraan gewy en nou is sy uiteindelik gereed om te sterf. Die laaste funksie van die parateks is dat wat gesê word, nie so belangrik is soos wie dit sê nie. Deur hierdie parateks te gebruik, dwing Brink ons bewustelik na die skrywer George Eliot. Dit is hier waar ons ontdek dat die ooreenkomste veel verder strek as net die titel. Die aanhaling verplaas die leser na die novelle *Middlemarch* deur George Eliot (1973) wat in werklikheid die skuilnaam is vir Mary Anne Evans. Die novelle is in 1874 gepubliseer en *Anderkant die stilte* toon telkens tematiese ooreenkomste hiermee, veral ten opsigte van die status van die vrou (asook verskillende klasse), idealisme, geloofskwessies, onderrig en ook politieke hervorming. Sedgwick (1873) maak die volgende opmerking oor die tematiese aspek van George Eliot se werke: “[...] that the leading trait in all of George Eliot’s works is the constant presence of the idea of Fate or Destiny, of the helplessness of man in his pitiful attempt to struggle with the eternal forces of nature”. Hierdie temas waaraan Eliot se oeuvre geken word, kan ook deurgetrek word na *Anderkant die stilte* en na Hanna as protagonis van die roman en die wyse waarop sy uitgelewer is aan omstandighede en die noodlot. Dit is ook interessant dat die genderkwessie alreeds hier aan die leser voorgehou word, veral ten opsigte van die feit dat lesers met ’n voorkennis van George Eliot dadelik daarop attent sal wees dat dit in werklikheid ’n vroulike skrywer is. Net so word die leser in *Anderkant die stilte* ook later daarvan bewus dat André Brink in hierdie roman vanuit ’n vroulike perspektief skryf. “The epigraph in itself is a signal (intended as a sign) of culture, a password of intellectuality”. (Genette, 1987:144)

Die volgende literêre interteks wat in die roman aangetref word, is die talle verwysings na sprokies. Die gebruik van sprokies as intertekste in die roman versterk ook verskeie temas in die roman (onder andere fantasie as ontvlugting – dus werklikheid teenoor die droom of verbeelding). Die tradisionele Nama-verhale (of volksprokies) wat die Nama-vrou vir Hanna vertel word as’t ware ’n ruimte waarheen Hanna kan ontvlug. Dit sluit aan by die funksies van fantasieë wat Steenberg (1987:14) identifiseer: “In die meeste gevalle sien volwassenes fantasie wel as ontvlugting [...] Tog bring die sekondêre werklikheid ook hier verheldering en gee dit insig as gevolg van die distansiëring wat plaasvind”. Sy bevind ook dat die skeppende filosoof Jean-Paul Sartre verklaar dat

fantasie nie noodwendig ontvlugting is nie, maar 'n transformasie van die werklikheid. Die stories van die Namas vergesel haar deur die landskap en sy is nooit alleen nie: “Hoe verlate die landskap om haar ook al mag lyk [...] vir haar is dit nie leeg nie, maar bevolk deur die stories wat die Namas haar so onophoudelik vertel het.” (Brink, 2002:103)

Verwysings na die Grimm broers en die *Musikante van Bremen* kom ook dikwels in die roman voor:

[...] benewens die verhaal van Jeanne het Hanna veral 'n voorliefde vir die sprokies van die Grimm-broers. Dit is asof die donkerte in die verhale duister hoekies in haar eie lewe verlig. Hoe meer vreesaanjaend hulle is – die oopmaak van Bloubaard se geheime kamer, die slag van die Ganswagtertjie se perd, die sterftes van Sneeuwitjie, die onredelikheid van die prinses teenoor Repelsteeltjie, die stiefma's en hekse en bose koninginne – hoe meer fassineer dit haar. (Brink, 2002:118).

Clarissa Pinkola Estés lig in haar boek *Women who run with the wolves* (1988) uit waarom sprokies belangrik is in onder andere 'n vrou se lewe. Sy beweer dat dit die vrou in staat stel om haarself te leer ken en te vind, terwyl dit haar ook leer om op haar intuïsie te vertrou. Verder help dit haar om haar plek te vind in die samelewing en uiting te gee aan haar kreatiewe gawes. Sprokies speel dus 'n belangrike rol in die vorming van identiteit: “Selfs gedurende daardie baie dae en nagte toe sy in 'n dwaal was, moet die stories diep in haar verinneweerde liggaam ingesypel het soos brouels en salwe met 'n geneeskrag wat alles te bowe gaan. ‘Daar is geen pyn en boosheid wat 'n storie nie kan genees nie’ hoor sy nog ou Taras se ritselende droë stem in haar ore.” (Brink, 2002:103) Vanuit hierdie aanhaling kan daar ook afgelei word dat sprokies dikwels as terapie kan dien en 'n vorm van verlieshantering vir Hanna²⁴. Die grens tussen teks en interteks word dus in hierdie roman oorgesteek en Rushdie (1991:12) se stelling ten opsigte van die gebruik van sprokies in hedendaagse tekste, verduidelik die funksie wat

²⁴ Sien ook verlies en verlieshantering onderhografie 3.8

dit verrig, uitstekend: “Fantasy, or the mingling of fantasy and naturalism, is one way of dealing with these problems. It offers a way of echoing in the form of our work the issues faced by all of us: how to build a new ‘modern’ world out of an old, legend-haunted civilization, an old culture which we have brought into the heart of a newer one”. ’n Motivering agter Brink se gebruik van sprokies as interteks word in die roman self gevind: “ ‘Hoe voel die pyn nou?’ En Hanna knik om te beduie dit gaan beter. En Taras sê: ‘Jy sien? Dit is waarvoor daar stories is.’ ” (Brink, 2002:64)

Verder word talle verwysings na Bybeltekste in die roman gevind. Dit is opvallend dat Hanna veral lief is vir Bybelse verhale waarin die vrou ongelooflike mag uitoefen (hetsy goed of kwaad), soos byvoorbeeld die verhale van Rut en Ester en Salome wat almal ’n slinkse streep in hulle het of verhale van wraak is. Volgens Fletcher (1997) se artikel *Clever queen, foolish king*, was Ester se Joodse naam Hadassag wat afgelei is van die woord ‘Mirte’ – ’n boom waarvan die blare slegs geur afgee wanneer dit gepars word. Net so het Ester eers as ware heldin verrys toe sy in groot gevaar was. Hierdie gegewe stem ooreen met die lewensverhaal van Hanna in die opsig dat Hanna nie tot daad sou oorgaan mits sy nie die nare ervaring beleef het in haar lewe nie. ’n Verdere aspek van die geskiedenis van Ester wat sterk aanklank vind by die temas in *Anderkant die stilte*, is dat die boek spesifiek geskryf is vir Jode in diaspora om hul toe te rus met kennis om as banneling te leef. Jode in diaspora word hierdeur geleer om veroordeling met durf en integriteit te hanteer. *Anderkant die stilte* kan ook as so ’n handleiding vir gekoloniseerdes en gemarginaliseerdes beskou word. ’n Verdere parallel wat getrek kan word tussen die verhale van Ester en Hanna, is die feit dat die boek van Ester as ’n politieke satire geskryf is, waarin die gevare van mag en monargie uitgebeeld word. Hierdie gegewe sluit aan by die uitbeelding van kolonialisme en die uitwerking van mag en onderdrukking wat daarmee gepaardgaan op die individu sowel as die samelewing. In *Clever queen, foolish king* gee Fletcher (1997) die volgende opsomming waaruit ons kan aflei waarom Brink juis hierdie interteks geïnkorporeer het:

Esther was a symbol of Jews who lived successfully in an alien culture. As a woman, she was not in a position of power, just as Diaspora Jews were not

members of the power elite. As an orphan, she was separated from her parents, as Diaspora Jews are separated from their mother-country. With both these handicaps, she had to use every skill and advantage she had, as Diaspora Jews did. They, like Esther had to adapt themselves to the situation.

Die gebruik van Bybelse verhale as interteks is in ooreenstemming met die stelling wat Brink al meermale gemaak het dat die Bybel as een van die belangrikste intertekste vir Afrikaanse skrywers dien.

Laastens maak Brink (2008:14) in 'n artikel die leser daarvan bewus dat hy inspirasie vir Hanna se opstand teen die Duitse Ryk en haar saamgelapte rebelleleërtjie, gevind het in 'n stuk eietydse geskiedenis uit Indië – genaamd *Bandit Queen* – wat die verhaal vertel van 'n vrou wat uit 'n gedwonge huwelik weggevlug het toe sy nog 'n skone kind was, en 'n bende op die been gebring het wat jare lank verskrikking gesaai het onder die amptelike regeringsmagte.

Lambrechts en Van Coller (2010:114) som die rol van intertekstualiteit soos volg op: “[...] hierdie belangrike rol wat intertekstualiteit speel in die vestiging van 'n drempel (oorgang) tussen tale en kulture en die oorlewing en aanpassing van die ‘self’ [...]”. Dit is dus duidelik dat Brink al die intertekste wat hy aangewend het in die roman goed bedink het en dat dit direk bydra tot die beklemtoning van hooftemas in die roman soos die rol van die vrou, identiteitsvorming en veral as manier waarop verlies hanteer en verwerk kan word. Die intertekste verleen laastens 'n ryk tekstuur aan die roman. Die gebruik van intertekste in die roman is nie slegs 'n uitvloeisel van migrasie nie, maar word ook deur Brink aangewend om die tema van migrasie te versterk.

3.7 Migrasie as tema

Migrasie en verplasing impliseer die oorsteek van verskillende grense, hetsy psigologies of fisies. Die tematiese teenwoordigheid van migrasie in die roman is opvallend. In Hoofstuk 2 is daar bevind dat migrasie as tema in die literatuur, as

uitvloeisel van mobiliteit beskou kan word. Migrasie as tema in die werk van Brink is volgens Lindenberg (1998:302) nie 'n nuwe verskynsel nie: “'n Bindende gedagte is die van 'n pelgrimsreis wat elke sentrale karakter onderneem”. Dit is weer die geval in *Anderkant die stilte* wanneer die sentrale karakter Hanna, sedert haar kindertyd 'n nomadiese bestaan voer.

Hanna is voortdurend aan die beweeg in die roman. As jong kindjie beland sy as weeskind in 'n weeshuis genaamd *Kindertjies van Jesus*. Sy loop dikwels weg, met die hoop dat sy op 'n beter plek sal uitkom. Sy word ook by verskeie gesinne as diensmeisie geplaas, net om keer op keer verwyder te word en weer by 'n nuwe gesin geplaas te word. Haar rolmodelle as kind was dan ook dikwels karakters of mense wat gereeld gereis het byvoorbeeld Fräulein Braunschweig. Fräulein Braunschweig is Hanna se onderwyseres terwyl sy in *Kindertjies van Jesus* is, sy is die persoon wat Hanna se belangstelling prikkel oor reis, deurdat sy haar vertel van haar eie persoonlike reise. Sy gee ook aan Hanna boeke om haar honger vir lees te stil – waarvoor Hanna telkemale in die moeilikheid beland omdat die leesstof nie geskik is vir kinders van haar ouderdom nie. Hanna se liefde vir lees maak haar bewus van verre lande wat vir haar idillies voorkom en haar opnuut optimisties maak. Vanuit haar liefde vir lees ontwikkel 'n behoefte om die wêreld te sien. Hierdie persepsie wat Hanna van 'n beloofde land voorhou maak egter van haar 'n naïewe dromer: “Uit watter onmeetlike vertes kom ons, na watter lig en donkerte is ons op pad – sterbesaaide nagte, palmbome wat wuif in die wind en glinster in die son.” (Brink, 2002:88) Regdeur die roman maak Hanna ons daarop attent dat sy nooit werklik op enige plek tuis gevoel het nie en daarom is een van haar grootste drome om te ontsnap van haar omstandighede en omgewing. Hanna kom te hore van 'n geleentheid om na Duits-Wes-Afrika te migreer en doen aansoek om deur die regering en “koloniale Gesellschaft” (Brink, 2002:144) gekeur te word. So kom Hanna X as jong vrou vanaf Duitsland na Duits-Wes-Afrika en hierdie oorsteek van landsgrense vereis by uitstek migrasie. Hanna laat net soos talle ander weesmeisies haar geboorteland agter opsoek na groener weivelde. In Hanna se geval kom sy uit vrye wil na Duits-Wes-Afrika met die vooruitsig van 'n nuwe begin. Hanna se vryheid van keuse is egter van korte duur, aangesien sy geen seggenskap het oor wat met haar

gebeur sodra sy in Duits-Wes-Afrika aanland nie. Sy word weereens 'n slagoffer van mag en onderdrukking wanneer sy op die trein tussen Swakopmund en Windhoek verkrag, wreed geskend en daarna van die trein afgegooi word. Hier vind die Nama vroue haar en bly sy 'n geruime tyd saam met hulle in die veld sodat sy kan aansterk. Nadat die vroue haar 'n tyd lank verpleeg en versorg het, neem hulle haar na Frauenstein. Sy word nie slegs letterlik verplaas na die woestyn nie, maar ook as uitgeworpene verplaas uit die samelewing uit. Hanna en Katja besluit uit hul eie om Frauenstein te verlaat, terwyl ander lede soos Tookwi en Kahapa ook vrywillig by hulle aansluit. Hanna en haar leër of wraakbende van uitgeworpenes voer 'n nomadiese bestaan in die woestyn. Hulle trek bedags deur die woestyn en snags slaap hulle onder die sterre, net om hul weer die volgende dag op 'n nuwe plek te hervestig. Dié nomadiese bestaan van Hanna en haar leër is uit vrye wil en nie gedwonge nie. Uit die nomadiese leefstyl put Hanna baie genot aangesien sy vir die eerste keer in haar lewe werklik 'n gevoel van vryheid ervaar.

Buiten die intertekste wat Brink gebruik om migrasie as tema in die roman te versterk, maak hy ook gebruik van verskeie motiewe wat by hierdie tema aansluit. Hierdie motiewe word regdeur die roman aangetref wat dit dus sirkulerende motiewe maak. Een van hierdie motiewe wat direkte verband hou met migrasie is die voël. Die voël is by uitstek 'n simbool van migrasie aangesien dit een van die dierespesies (waaronder ook walvisse, takbokke en motte) is wat jaarliks migreer na warmer streke. Die voël word dus nie net 'n simbool van migrasie nie, maar ook van beweging. Hanna beny die voëls aangesien hulle in staat is om na verre eksotiese lande te migreer: "Ek wil gaan kyk waarnatoe die voëls in die winter trek. Na die warm plekke van die aarde, na waar die wind vandaan kom, waar daar son is, en vreemde diere, en kannibale, en drake en palmbome." (Brink, 2002:71) Die skrywer speel hier ook met die binêre opposisies van die menslike liggaam se gebondenheid, teenoor die vryheid van die voël. Die voël kan terselfdertyd ook verteenwoordigend wees van liminaliteit, omdat die voël hom dikwels tussen twee geografiese plekke bevind en baie tyd in 'n liminale ruimte – die lug – deurbring. Tresidder (2008:15) verduidelik dit soos volg: "Embodiments of both the

human and cosmic spirit – a symbolism suggested by their lightness and rapidity, the soaring freedom of their flight, and their mediation between earth and sky.”

3.7.1 Ruimte

Wanneer migrasie en verplasing ter sprake kom, kan ruimtelike grense geïdentifiseer word wat deur die karakters oorgesteek word. Alle handeling of gebeure moet in 'n vertelruimte afspeel. Hierdie ruimte kan konkreet (fisies) of abstrak wees (psigies) en dit is daarom moontlik om in die omgewing rondom jou sowel as in jou gedagtes rond te beweeg. Volgens Venter (1992:453) het ruimte meer as een betekenis: In 'n mimetiese sin verwys dit na die ruimtelikheid van die fiktiewe wêreld waarin die epiese handeling plaasvind. Tweedens dui die verhaalruimte op die ordening en rangskikking van tekselemente in patrone wat ruimtelik voorstelbaar is. Die derde vorm van ruimte is die diskursiewe vertelruimte. Dit is die ruimte wat geïmpliseer word deur die vertelhandeling self en deur die taal van hierdie handeling. Ruimte kan ook beskryf word as 'n palimpsest omdat dit met verloop van tyd verskillende stelle historiese en politieke betekenis kry, net soos identiteit herhaaldelik gerekonstrueer kan word. Dit is belangrik om te onthou dat migrasie 'n liminale ervaring is en daarom is dit ook nodig om die liminale ruimtes wat in die teks aangetref word, te bespreek. Soos reeds in die teoretiese hoofstuk vermeld is, word die woord *liminaliteit* afgelei van die woord *limen* wat letterlik drempel beteken. Dit val op dat Brink in die roman telkemale eksplisiet na die oorstek van 'n drempel verwys: “Verontwaardig en saaklik neem sy Hanna aan die skouer en trek haar oor die drumpel.” (Brink, 2002:68) Hiermee dwing Brink die leser om bewus te wees van grense wat in die roman oorgesteek word.

Ook Van Gennep (soos aangehaal deur Schwartz-Salant en Stein, 1991) se teorie rondom liminaliteit kan op *Anderkant die stilte* toegepas word. Die eerste fase – skeiding – word by meer as een geleentheid in die roman aangetref. Die eerste skeiding wat ter sprake kom (in kronologiese orde) is Hanna se skeiding van haar ouers, toe sy as baba deur hulle verwerp is. Hierna vind verskeie ander (dalk minder belangrike) skeidings plaas, wanneer Hanna die weeshuis verlaat om by verskillende gesinne as

diensmeisie te gaan werk. Een van die belangrikste skeidingsprosesse kom ter sprake wanneer Hanna haar geboorteland verlaat. Hierdeur word sy as't ware geskei van haar lewe tot dusver. Na Hanna se aankoms in Duits-Wes-Afrika kan haar liggaamlike skending ook gesien word as 'n skeiding tussen vlees en gees. Die tyd wat Hanna saam met die Namastam deurbring, tesame met haar tyd in Frauenstein vorm reeds deel van die tweede fase naamlik die liminale. Hanna bevind haar letterlik en figuurlik in 'n tussen-in fase. Gedurende hierdie fase moet Hanna haar voete binne 'n nuwe gemeenskap vind en terselfdertyd haar identiteit opnuut ontdek.

Wanneer Hanna saam met Katja, Frauenstein verlaat, is dit die begin van die finale stadium van liminaliteit, naamlik inlywing. Hanna omring haarself met mense waarmee sy op 'n manier kan vereenselwig en word dus so deel van 'n familie waaraan sy nooit behoort het nie. Vir die eerste keer in haar lewe ervaar sy 'n gevoel van hoort.

Hanna spoor uiteindelik Hauptmann Böhlke op en neem die besluit om hom nie dood te maak nie. Hierdie insident en haar besluit is 'n bewys van haar nuutgevonde identiteit en dus ook 'n teken dat die stadium van inlywing voltrek is: "...dan is dit omdat Hanna X, uiteindelik, aan die anderkant uitgekome het." (Brink, 2002:323) Dit kan dus ook as 'n metaforiese 'hergeboorte' beskou word wat volgens White (1995:7) somtyds as 'n alternatiewe metafoer vir migrasie gebruik word. Hanna se hergeboorte word dus 'n simbool van haar transformasie tot selfontdekking.

3.7.2 Heterotopias

Heterotopias is een van die ruimtelike aspekte wat werklik dimensie aan die roman verleen. Brink wend heterotopias of anderste ruimtes aan om die vreemde omgewing en situasies waarin Hanna haar bevind, te beklemtoon. Die vreemde ruimtes wat Brink aanwend, hou ook direk verband met die definiëring en herdefiniëring van identiteit. Die invloed hiervan sal ondersoek word deur die verskillende tipes heterotopias wat in die roman aangetref word, te identifiseer en te bespreek aan die hand van Foucault (1967:24) se teorie rondom heterotopias. Nel (2009:120) identifiseer op grond van

hierdie teorie 'n *heterotopia* as: “'n werklike plek wat aangetref word in elke kultuur, beskawing en gemeenskap”. Foucault (1967:24) brei verder op hierdie stelling uit:

[...] which are something like counter-sites, all the other real sites that can be found within the culture, are simultaneously represented, contested, and inverted. Places of this kind are outside of all places, even though it may be possible to indicate their location in reality. Because these places are different from the sites they reflect and speak about, I shall call them, by way of contrast to utopias, heterotopias.

Knight (1997:114) verwys na die onderskeid wat Foucault tref tussen 'n heterotopia en utopie: “For Foucault, the colony is an example of a heterotopia, a place or space that is different in kind and form, but contained within, a real space, as opposed to the absolute ‘no place’ of a true utopia”. 'n Heterotopia is dus 'n vreemde ruimte wat binne-in 'n ander werklike ruimte gevind word en Foucault (1967) identifiseer ses beginsels waarvolgens ruimtes as heterotopias geklassifiseer kan word. Eerstens is daar geen kultuur wat nie 'n heterotopiese ruimte kan oplewer nie aangesien dit 'n gegewe in elke samelewing is. Heterotopias kan egter verskeie vorme aanneem van een kultuur of samelewing na die volgende. Tweedens kan 'n samelewing en die geskiedenis van daardie samelewing veroorsaak dat heterotopias op 'n totaal verskillende wyse funksioneer as in ander samelewings. Die derde beginsel behels dat die heterotopia gejukstaponeer kan word in 'n enkele werklike plek in meervoudige ruimtes. Vierdens word heterotopias gekoppel aan “slices in time” en sodoende ontstaan die heterotopia van akkumulاسie. Vyfdens vorm heterotopias deel van 'n sisteem wat beide oop- en toemaak. Sodoende word heterotopias toeganklik. Laastens staan die heterotopiese ruimte altyd in verhouding tot ander ruimtes en verrig 'n spesifieke funksie in hierdie raamwerk.

Dit is belangrik om kennis te neem dat Foucault ook 'n “tussengebied” erken, wat voorkom tussen utopië en heterotopias. Die tussengebied is 'n gereflekteerde of weerkaatsende ruimte. Die idee van 'n tussengebied sluit aan by die voorafgaande teorie rondom liminaliteit. Alhoewel Foucault dit 'n ander benaming gee, is dit egter

belangrik dat hy ook die tussengebied erken en steun. Vir migrante is die tussen-in gebied 'n belangrike ruimte tussen herkoms en heengaan, en daarom speel hierdie tussen-in gebied 'n belangrike rol in die ervaring van migrasie.

Foucault (1967:4-7) onderskei onder andere tussen die volgende drie belangrike heterotopias: 1) Die eerste is 'n heterotopia van krisis 2) Die heterotopia van afwyking 3) Heterotopia van akkumulاسie. Alhoewel daar naas hierdie drie heterotopias, nog drie verdere heterotopias onderskei word, sal daar slegs op bogenoemde drie gefokus word vir hierdie ontleding.

Die heterotopia van krisis sluit enige oorgangsruimte in. Foucault (1967:4) definieer die krisis-heterotopia as volg:

There are privileged or sacred or forbidden places, reserved for individuals who are, in relation to society and to the human environment in which they live, in a state of crises: adolescents, menstruating women, pregnant women, the elderly, etc.

Die volgende heterotopia waarvan 'n oorsig verkry moet word, is die heterotopia van afwyking. Foucault (1967:4) is van mening dat heterotopias van krisis, in die moderne tyd, grootliks vervang word met heterotopias van afwyking:

Those in which individuals whose behaviour is deviant in relation to the required mean or norm are placed. Cases of this are rest homes and psychiatric hospitals, and of course prisons, and one should perhaps add retirement homes that are on the borderline between the heterotopia of crisis and of deviation.

Die rol wat die owerhede speel om na die gemeenskap om te sien, kom hier ter sprake. Die mens is uitgelewer aan die owerhede en dit is 'n manifestasie van die mag en onderdrukking wat hulle op die gemeenskap uitvoer.

Die laaste heterotopiese ruimte ter sprake is die heterotopia van akkumulاسie en hierdie heterotopia verwys na 'n gedeelte van tyd (Foucault 1967:6) waarvan die biblioteek en die museum voorbeelde is. Wanneer daar aan 'n heterotopia van akkumulاسie gedink word as 'n gedeelte van tyd kan die talle verwysings na foto's en skilderye in die roman ook geïdentifiseer word as heterotopias van akkumulاسie. 'n Foto is 'n werklike weergawe van 'n beeld op 'n bepaalde tyd wat vir ewig vasgevang word, terwyl 'n skildery 'n representasie van die werklikheid is op 'n bepaalde tydstip.

Die eerste heterotopiese ruimte wat ter sprake kom by die bespreking van *Anderkant die Stilte* is die *Kindertjies van Jesus* kinderskool waar Hanna die grootste deel van haar kinderjare deurbring. Die weeshuis is 'n simbool vir uitgeworpenes en by uitstek 'n heterotopiese ruimte van afwyking.

Die volgende heterotopiese ruimte wat ontleed kan word, is die skip waarna daar telkemale in die roman verwys word. Die skip is by uitstek 'n heterotopiese ruimte – 'n ruimte sonder ruimte. Die beeld van die skip word selfs as metafoor gebruik om Frauenstein en dié se verganklikheid te beskryf: “Die hele skeepswrak van die huis beurt teen sy kables wat kraak en span om dit geanker te hou in die skuivende sand. Wat sal gebeur as dit op 'n gegewe oomblik nie meer kan hou nie? Sê nou dit breek los en vaar uit in die pikdonker lug, uit deur die ruimte, die maanlose sterlose ruimte, terug na 'n oerbegin.” (Brink, 2002:25) Volgens Cirlot (1981:295) dui die beeld van 'n skip wat op die water vaar, op vreugde en geluk.

Die skip word as meerdoelige metafoor in die roman aangewend. Een van die deurslaggewende metafore vir die skip word deur Tresidder (2008:172) uitgewys: “A symbol of security, representing a female (or lunar) womb or cradle. Also a symbol of quest and passage to other states of being”. Die verwantskap tussen die skip as simbool en die genderkwessie word in hierdie aanhaling aangetref. Hierdie simbool hou op sy beurt verband met 'n ander simbool wat deurgaans aangetref word – die skulp – wat by uitstek 'n vroulike simbool is: “Auspicious, erotic, lunar and feminine symbol,

linked with conception, regeneration, baptism and in many traditions, prosperity". (Tresidder, 2008:171). Hierdie twee simbole werk dus saam om die genderkwessie of vroulikheid in die roman te beklemtoon. Beide simbole het ook 'n assosiasie met hoop vir Hanna gehad. Die skulp het haar in staat gestel om as klein dogtertjie te droom oor vergeleë lande, 'n soort toevlug vir Hanna: "Sy neem niks saam nie – nie kos of klere of selfs 'n bottel water nie. As sy nog haar skulp gehad het, sou sy dié miskien gebring het. Maar nou is dit weg, met al die onherroeplike herinneringe daarin gebêre." (Brink, 2002:101) Die skulp word ook 'n simbool van verlies in die roman: 'n verlies van hoop en droom. Aangesien die skulp ook 'n vroulike simbool is, word dit terselfdertyd 'n verlies van vroulikheid. Hierdie verlies van vroulikheid sluit aan by die fisiese skending van Hanna se liggaam. Die verlies van vroulikheid kring uiteindelik uit tot die verlies van identiteit vir Hanna.

Die skip word op sy beurt nie net die ruimte wat veronderstel is om Hanna se drome te bewaarheid nie, maar skep ook 'n ruimte waarin sy kan groei en haarself kan ontdek. Brink wend dus nie net die simbool van die skip metafories aan nie. Die skip en spesifiek die skip as heterotopiese ruimte, speel 'n deurslaggewende rol in die ontwikkeling van identiteit in die roman. Hanna ondergaan 'n fisiese reis aan boord van die *Hans Woermann* wanneer sy na Duits-Wes-Afrika kom. Hierdie reis is vir Hanna beide 'n ontdekkingsreis en beproewing. Hanna se ervaring aan boord van die *Hans Woermann* word beskryf as een van haar vele geestelike sterftes. Sy ontmoet vir Lotte Mehring en vorm 'n intense band met haar:

[...]Hanna en Lotte, twee eensaamhede wat begin vervloei, twee geskiedenis, 'n enkele asemhalende lewe, so mooi in die donker, so wondbaar en tog so sterk terwyl dit duur. Wat is hierdie ek, hierdie jy? Uit watter onmeetlike vertes kom ons, na watter lig en donkerte is ons op pad – ster besaaide nagte, palmbome wat wuif in die wind en glinster in die son – hoeveel ewigheid kan daar opgegaan word in 'n uur, 'n enkele oomblik. (Brink, 2002:88)

Die reis op die skip word as't ware 'n ontdekkingsreis in verskeie opsigte: "Sy ontdek nie net die geografie van Lotte se lyf nie maar ook van haar eie." (Brink, 2002:88) Die verband tussen reis, liggaam en ontdekking word hier beklemtoon. Die suggestie hier is dus dat Hanna en Lotte 'n lesbiese verhouding het, en Hanna kom tydens die bootvaart tot die volgende gevolgtrekking oor haar eie identiteit (en fisiese voorkeur), en die aandeel wat Lotte daarin het: "Dit het jy my gegee, dit kon ek aan jou teruggee. Dit is ek, uiteindelik ek. Nou en vir altyd. Ek, Hanna X." (Brink, 2002:88)

Hanna se nuutgevonde identiteit is egter van korte duur wanneer Lotte selfmoord pleeg en die oorledene verkeerdelik as Hanna X aangekondig word. Hanna ervaar dus nie net die verlies van Lotte se dood nie, maar verloor as't ware haar eie identiteit: "Nou wie is ek dan? [...] Gee nou asseblief pad en aanvaar dat Hanna X dood en begrawe is." (Brink, 2002:92)

Buiten die rol wat die skip in Hanna se identiteitsvorming speel, verrig die woestyn as heterotopiese ruimte ook 'n belangrike funksie. Die grens tussen werklikheid en verbeelding word deur die bestaan van die woestyn vervaag: "Miskien het sy haar dit verbeel. Dit is 'n landskap van die verbeelding dié. Op die horison is daar lugspieëlings wat tril in die hitte en dan weer net so skielik verdwyn as wat hulle verskyn het." (Brink, 2002:56)

Die volgende heterotopiese ruimte is Frauenstein: "Die huis. Eerder 'n uitgroei van die aarde as 'n huis. Geplaas in 'n landskap uit die Ou Testament, 'n maanlandskap, 'n droomlandskap." (Brink, 2002:17) Die afleiding kan reeds hier gemaak word dat die huis eerder as 'n "droomlandskap" geïdentifiseer kan word. Die vraag ontstaan nou: Bestaan hierdie ruimte werklik of is dit slegs 'n produk van die verbeelding? Magiese realisme²⁵ wat ook in Brink se ander romans (byvoorbeeld *Donkermaan* en *Duiwelskloof*) aangewend word, word ook in hierdie roman gebruik om soos Bothma en Roos (2006:147) dit stel, "[...] sowel die sigbare werklikheid saaklik en duidelik uit te druk, as

²⁵ "Hier kan veral gedink word aan die vermenging van die lewendes en dooies, die optrede van spoke, die rol van mites en orale vertellings en die fantasmagoriese." (Van Coller, 2005:128)

om droombeelde, die bo-sinlike en die onbewuste in beeld te bring, waarby besondere lig-effekte saamwerk om magiese-deursigtige beelde te skep". Hierdie vreemdheid rondom Frauenstein roep konnotasies met heterotopias op. Die huis kan geklassifiseer word as beide 'n heterotopia van krisis en akkumulاسie. Frauenstein beteken 'die Vroueklip' en staan afgesonder in die middel van die dorre woestyn. Dit dien deels as bordeel, deels as klooster en deels as gestig vir sielsiekes: "Gevangenis, malhuis, bordeel, armhuis, dodehuis, uitwas van die hel; maar ook toevlugsoord, skuiling, laaste tuiste." (Brink, 2002:20) Na Hanna se skending, sterk sy eers aan by 'n Namastam wat haar dan na Frauenstein neem. Hier sluit sy aan by die ander vroue wat oorgebly het nadat niemand hulle wou hê nie. Frauenstein is dus die plek waarheen die regering die uitgeworpenes stuur. Die rol wat die owerhede speel, kom hier ter sprake. Die vroue is uitgelewer aan die owerhede en dit is 'n manifestasie van die mag en onderdrukking wat hulle op die gemeenskap uitvoer: "Dit was net soseer hul eie keuse as die besluit van 'n owerheid wat hulle daar laat aanbly het. Maar daarby moet mens natuurlik in ag neem dat selfs as iemand sou *probeer* ontsnap, die omringende woestyn meer effektief was as enige slot of grendel." (Brink, 2002:21) Soos vroeër genoem, identifiseer Foucault verskeie beginsels waarvolgens heterotopias uitgeken kan word. Een van hierdie beginsels is dan ook dat 'n heterotopia 'n veranderlike funksie kan hê. Dit is dan ook die geval met Frauenstein. Die werklike rede waarom Frauenstein gebou is, bly 'n onopgeloste raaisel en verskeie moontlikhede word aan die leser voorgehou, byvoorbeeld 'n buiteverblyf vir 'n generaal, 'n godsdienstige toevlugsoord of 'n paradys van seksuele uitspattigheid:

Op die een of ander manier, een of ander tydstip, kon dit al daardie funksies vervul het, miskien meer as een op 'n slag [...] En sedert die vorige eeuwending het dit 'n nuwe rol begin speel, as toevlugsoord vir die vroue wat na die kolonie vervoer is as hulp of tydverdryf vir die plaaslike mans en toe in die steek gelaat is. (Brink, 2002:19)

Die inwoners van Frauenstein dra verder by tot die vreemdheid van hierdie ruimte: "Die plek is beheer deur 'n troppie vroue wat mens laat dink het aan voëls van elke denkbare

slag en soort en geaardheid, maar tog van eenderse vere. Party van hulle het daar aangekom om te ontsnap van die een of ander lot, meestal iets ergers as die dood.” (Brink, 2002:21) Selfs tussen hierdie groep buitelanders voel Hanna steeds nie tuis nie en Katja is die enigste persoon in Frauenstein met wie sy ’n band vorm en kommunikeer. Dit is dan juis ook hierdie afwesigheid van ’n gevoel van hoort, wat Hanna laat besluit om op ’n wraaktog deur die woestyn te trek. Hanna se gevoel dat sy selfs nie hier tussen die ander vroue in Frauenstein hoort nie, kan ook deur die volgende stelling van Grosz (1995:122) verduidelik word:

The containment of women within a dwelling that they did not build, nor was even built for them, can only amount to a homelessness within the very home itself: it becomes the space of duty, of endless and infinitely repeatable chores that have no social value or recognition, the space of the affirmation and replenishment of others at the expense and erasure of the self, the space of domestic violence and abuse, the space that harms as much as it isolates women.

Die beskrywing van Frauenstein kan ook gesien word as ’n beskrywing van die mens se verganklikheid:

Teen die tyd dat Hanna daar beland het, was dele van die grondverdieping al ingeneem deur woestynsand, ingewaaie deur stukkende luike en gebreekte vensters en groot gate waar deure vir vuurmaakhout uitgebreek is; sand wat ophoop in die hoeke en teen mure, namate die woestyn langsaam weer die ruimte begin opeis wat eens deel daarvan was. (Brink, 2002:24)

Hierdie spel met verganklikheid beklemtoon Hanna se soeke na identiteit – om iewers te hoort en om ’n doel in die lewe te vervul voor dit te laat is. Die huis wat verval oor Hanna aan om daar weg te kom en op ’n wraaktog te gaan, waarin sy uiteindelik haarself vind. Net soos die heterotopiese ruimte – Frauenstein – met ’n skip vergelyk word, word die konnotasie selfs verder gevoer wanneer Brink (2002:56) die woestyn met die see vergelyk: “Na alle kante strek dit uit na ’n smeulende holte in die lug. Daar

is 'n baie effense golwing soos die see op die ewenaar. So eindeloos soos die see.” Voordat sy haarself kan vind moet sy haar egter eers verloor en sy doen dit as't ware wanneer sy haar wraaktog deur die woestyn aanpak. Hierdie stelling sluit aan by Edmond Jabès soos aangehaal in Bauman (1996:20): “You do not go to the desert to find identity, but to lose it, to lose your personality, to become anonymous [...] and then something extraordinary happens: you hear silence speak.” Hierdie aanhaling impliseer dat migrasie verband hou met verlies, wat aansluit by die volgende punt van bespreking, naamlik: Die verhouding tussen migrasie, identiteit en verlies.

3.8 Migrasie, identiteit en verlies

Daar is reeds vasgestel dat migrasie 'n invloed het op identiteitskonstruksies, enersyds is daar ook bepaal dat die proses van migrasie met verlies gepaard gaan. Onderzoek sal nou ingestel word na hoe die verhouding tussen verlies en migrasie in *Anderkant die stilte* 'n invloed het op Hanna se identiteitskonstruksie. Die HAT (2004:425) definieer identiteit soos volg: “Eenheid en voortbestaan van persoonlikheid: *bewus van jou identiteit wees. Die identiteit van 'n groep of volk*”. Castells soos aangehaal in Viljoen (2003:20) is van mening dat identiteit gekonstrueer word deur gebeure in die geskiedenis, geografie, biologie, produktiewe en reprodktiewe instellings, die kollektiewe geheue en persoonlike fantasieë, deur magspatrone en godsdienstige openbarings. Viljoen (2003:20) maak die stelling dat die faktore wat die konstruksie van identiteit beïnvloed, geweldig varieer. Faktore soos nasionaliteit, etnisiteit, godsdienstige agtergrond, professie, sosiale groep, politieke oortuigings, groepsdruk, familie-omstandighede en ruimtelike faktore, speel 'n rol in die ontwikkeling van identiteit. Identiteit word dus gevorm deur elke aspek van 'n mens se lewe en elke ervaring sal 'n invloed op jou identiteit hê. Identiteit is ook 'n veranderlike struktuur en die idee van die palimpses word hier geïntegreer – iets wat herhaaldelik geherkonstrueer kan word namate lewensondervinding toeneem.

Elke mens het 'n verlede waaruit hy voortdurend beweeg. Die verlede is iets wat elke mens voortdurend met hom of haar saamdra, maar nie noodwendig 'n las

waarvan hy of sy ontslae moet raak nie. Dit is materiaal vir 'n kreatiewe skepping van identiteit in die hede. Identiteit moet opnuut uitgevind word met die stof wat die verlede tot nadenke bring. (Snyman, 1999:56)

Regdeur die roman is Hanna voortdurend op soek na haar identiteit. Die leser word reeds vroeg in die roman daarop attent gemaak dat identiteit 'n belangrike aspek in die roman is. Brink se spel met naamgewing beklemtoon Hanna se soeke na identiteit selfs meer: "Dit was die naam wat heel eerste my aandag getrek het. Hanna X." (Brink, 2002:13) Hanna se naam skep dus 'n verwagting by die leser. Brink (1987:71) noem dat eienaam dikwels ook karaktereienskappe openbaar, dus word 'n eienaam 'n hulpmiddel. Die feit dat Hanna se van bloot deur 'n X vervang word, verwys na 'n verlies van identiteit. Hierdie naamgewing is in 'n sin ook ironies omdat die mens se identiteit juis aan 'n eienaam gekoppel word. Die ironie van hierdie naamgewing word self deur Brink (2002:13) in die roman uitgelig: "Met verloop van tyd kon dit niemand eintlik meer skeel nie. Waarom sou dit? Wat sê 'n naam nou so danig?"

Die verlies aan identiteit deur middel van naamgewing word selfs verder geneem wanneer die oorlede Lotte verkeerdelik as Hanna geïdentifiseer word. Hierdeur word Hanna opnuut gekonfronteer met haar eie identiteit: " 'Nou wie is ek dan' vra sy. 'as jy so seker is, sê vir my, dat ek ook kan weet." (Brink, 2002:92).

Veral die verhaal van Johanna van Arkel het 'n groot invloed op die vorming en hervorming van Hanna se identiteit: "Brandend van trots en vasberadenheid raak Hanna nag vir nag aan die slaap, met Jeanne so styf teen haar in die bedjie dat sy voel soos vlees van haar vlees, drome van haar drome." (Brink, 2002:75) 'n Soeke na identiteit dui op 'n afwesigheid en hierdie afwesigheid gee op sy beurt aanleiding tot begeerte: 'n begeerte na 'n leierfiguur wat jou sal lei om jou identiteit te konstrueer. Taljard (2002:34) plaas die soeke na identiteit in konteks ten opsigte van die geskiedenis:

Wanneer kulturele of nasionale identiteit egter ter sprake kom, vervul die geskiedenis die rol wat herkoms vir die individu vervul, aangesien die geskiedenis die verhaal is wat in die lewe van die mensheid, 'n volk of individu gebeur het.

Hanna se fassinatie met die geskiedkundige figuur Johanna is so intens dat dit selfs vir haar moeilik is om onderskeid te tref tussen haar en Johanna. Hoewel die Franse weergawe vir Johanna se naam in die roman gebruik word – Jeanne – is daar ook 'n toevallige ooreenkoms tussen die Afrikaanse weergawe van haar naam – **Johanna** – en die van **Hanna**, wat die verwewing van identiteite selfs verder versterk. Johanna van Arkel kan selfs as alter ego in hierdie roman geïdentifiseer word. Chambers (1991:141) verduidelik die moontlike funksie van die alter ego as volg:

Within that system, certain texts have become recognized, that is 'canonised', and so come to stand for the hegemonic social forces, the system of power that gave them their status. In proposing itself as 'not-X' (where 'X' is the intertextual referent), a text claims literary status, but simultaneously distinguishes itself as a negativity with respect to the canon, and in so doing distances itself from the socially marked discourses that, nevertheless, necessarily traverse it.

In die geval van *Anderkant die stilte* sal Johanna van Arkel dus as die "X" geïdentifiseer word en sodoende word die sosiale status en sisteem van mag waaraan Johanna geken is, ook aan Hanna oorgedra.

Hanna se soeke na identiteit vind ook neerslag in die titel van die roman *Anderkant die stilte*. Die titel word as't ware 'n metafoor vir Hanna se soeke: "Eendag moet sy gaan soek na waar die wind vandaan kom. Dit sal haar ook anderkant die stilte bring." (Brink, 2002:93) Hierdie verband tussen identiteit en die titel word bevestig in die eindreëls van die roman, waar Hanna uiteindelik met 'n nuutgevonde identiteit spog: "En as sy glimlag, as dit wat sy wys 'n glimlag genoem kan word, dan is dit omdat Hanna X nou, uiteindelik, aan die anderkant uitgekome het." (Brink, 2002:323)

Die anderkant waarna hier verwys word is dus 'n psigiese ruimte. Roos (2006:59) skryf dat 'n identiteitskrisis die kern vorm van die grootste deel van die hedendaagse Afrikaanse prosa. Reis en beweging stel 'n persoon in staat om sy/haar identiteit te skep en te herskep. Hanna se soeke na identiteit suggereer dan ook 'n afwesigheid of verlies wat as katalisator dien vir die definiëring en herdefiniëring van Hanna se identiteit.

Die gevolgtrekking wat hier gemaak kan word, is dat Hanna se deurlopende verlies aan identiteit haar aanmoedig om opnuut haar eie identiteit vas te stel en te herkonstrueer. Na elke terugslag begin sy om meer en meer vir haarself op te staan en word die verliese wat sy ervaar as't ware 'n katalisator vir beide die fisiese en psigiese reise wat Hanna onderneem. Terwyl sy in Frauenstein is, kom Hanna tot die besef dat sy emosioneel afgesluit is en nou net bloot bestaan sonder doel. Hierdie besef motiveer haar finaal om haarself opnuut te vind, soos Brink (2002:160) aandui: "Sy is gereed om afskeid te neem. Die keer is dit nie weer ontvlugting nie. Sy wil nie meer padgee van iets af nie. Sy is op pad êrens heen. Wat vandag in hierdie plek gebeur het [...] het haar uit haar doodslaap geruk."

Fisiese verlies wat in die roman aangetref word, speel 'n deurslaggewende rol in die definiëring en herdefiniëring van Hanna se identiteit. Fisiese verlies word in die roman so ver gevoer dat daar dikwels na 'n simboliese dood verwys word wat Hanna ervaar as 'n direkte gevolg van haar fisiese verlies. Hierdie simboliese dood wat Hanna sterf, hou direk verband met die trauma waaraan sy blootgestel word. Van Rensburg (2012:9) maak die stelling dat die woord *trauma* baie kompleks is "soos die samestellers ook in die inleiding aandui. Dit kan omtrent enigiets insluit: verlies, oorlog, armoede, dood, verhuising [...]". Met "samestellers" verwys Van Rensburg na Hans Ester, Chris van der Merwe en Etty Mulder wat die Nederlandse/Afrikaanse bundel oor trauma *Woordeloos tot verhaal* saamgestel het. Die ervarings waaraan Hanna blootgestel word, het tot gevolg dat haar lewensverhaal as traumanarratief geïdentifiseer kan word. Die dood word nie net aangewend as 'n gebeurtenis in die roman nie, maar verrig ook 'n

simboliese funksie wat by een van die hoofemas aansluit: "One of the most common uses of migration as a literary theme has actually been as a metaphor of death. An alternative metaphor for migration is that of awakening or rebirth, relating to the migrant's transition to adulthood, to modernity, or to real self-discovery". (White, 1995:6) Hierdie simbool kom veral in migranteskrywe voor juis omdat die dood ook as simbool van transformasie kan dien. Wanneer Hanna as jong dogtertjie besluit om die waarheid te vertel oor Pastoor Ulrich wat haar molesteer, gee dit aanleiding tot haar eerste geestelike dood: "Dit het bitter nagevolge. In later jare – en ook vannag, hier waar sy op die donker oorloop na die raaisel van haar weerkaatsing in die spieël staar – sal sy dit onthou as haar eerste dood." (Brink, 2002:79) Die gebeure wat tot hierdie oomblik gelei het, het ook te make met verlies – 'n verlies aan onskuld. Hanna se onskuldige kinderjare word blatant van haar ontnem wanneer Pastoor Ulrich haar seksueel misbruik.

Elisabeth Kübler-Ross (1997) identifiseer vyf fases wat 'n persoon ervaar tydens die verwerking van verlies, soos in Hoofstuk 2 bespreek is. Dit kan nou op *Anderkant die stilte* toegepas word. Die eerste fase, ontkenning, behels dat die slagoffer bewustelik of onbewustelik die realiteit ontken. Hierdie fase van verliesverwerking kan by Hanna geïdentifiseer word, veral aan die begin van die roman:

Dit is die eerste keer vandat sy hierheen gebring is, die eerste keer in drie jaar, sewe maande en dertien dae, dat sy dit waag om in 'n spieël na haarself te kyk. Daar is geen huiwering in haar nie. Die rede is waarskynlik dat die beeld vir haar heeltemal vreemd is, daar is geen herinnering om daarmee te vergelyk nie. (Sy het nie altyd so gelyk nie.) Dit kan net sowel 'n gees wees, een van die tallose skaduwees wat snags, en soms selfs bedags, deur Frauenstein se ruimte sluip. Afgetrokke, onbewoë, tuur sy daarna, asof dit 'n groot bleek mot is wat daar in die glas vasgevang is. Dit maak haar nie bang nie, want dit is nie lewendig nie. (Brink, 2002:17)

Hierdie fase van ontkenning is in Hanna se geval nie van korte duur nie en selfs in die middel van die roman besef ons dat Hanna steeds hiermee worstel: “As sy bedags of snags deur die holtes van die huis dwaal en toevallig in die verbygaan ’n vlugtige glimp van ’n weerkaatsing in ’n spieël gewaar, draai sy haar kop weg; sy verseg om daarna te kyk.” (Brink, 2002; 104) Die spieël is volgens Tresidder (2008:124) ’n simbool van selfkennis, reinheid en hoofsaaklik ’n positiewe simbool as gevolg van die konnotasie met lig. Dit kan ook ’n deur na ’n parallelle wêreld voorstel en volgens primitiewe oortuigings bevat die mens se refleksie ’n gedeelte van sy of haar bestaan. Ook die teenwoordigheid van spoke dui op Hanna se ontkenningsfase. Nel (2007:14) verklaar hierdie verskynsel as volg:

Die strategie van ontkenning en die drempelfiksasie in ’n poging om die angs daardeur (tydelik) te besweer, manifesteer onder andere deur die presentasie van spoke of spookbeelde. Die spookbeeld verteenwoordig volgens Smith (2004:45) die idee van iets wat is, maar ook nie meer daar is nie; iets wat weg is, maar steeds bly omdat dit gesien en/of gehoor kan word. So ’n spookbeeld kan gevolglik beskou word as die verteenwoordiging van ’n melancholiese staat.

Die tweede fase wat slagoffers ondervind, is ’n fase van woede. Die woede kan selfvernietigend wees of gemik op die mense rondom hulle. Hanna ervaar ’n uitermatige gevoel van woede en haat namate sy begin om haar verlies te verwerk:

Uiteindelik het sy die haat in haar geëien. Dit gee rigting aan al die onstuimigheid in haar. Vannag het dit haar gedryf om die man dood te maak wat Katja wou verkrag. Op ’n eienaardige manier laat dit haar vry voel. Sy is nie meer bang nie. Hulle het nie meer mag oor haar nie. Want dit is sy wat kan besluit wat om met haar haat te doen. (Brink, 2002:161)

Die derde fase tydens die verwerking van verlies behels onderhandeling. Die mate van onderhandeling sal afhang van die tipe verlies wat ondervind word. Hanna onderhandel gedurende hierdie fase met haarself en speel met die idee om haar eie lewe te

beëindig. Uiteindelik besef sy dat dit geen oplossing is nie, want dan sal sy bloot vergeet word en die oortreder/s sal nooit aan die pen ry nie. Nadat Hanna tot hierdie besluit kom, kan sy uiteindelik na die vierde fase van verliesverwerking vorder.

Depressie is kenmerkend van die vierde fase van verlies. Dit gaan dikwels gepaard met emosies soos angs, verwyte, onsekerheid en hartseer. Wanneer 'n slagoffer hierdie fase bereik, dui dit op die eerste stap tot aanvaarding.

Vir die eerste keer kan sy begin treur. 'n Rou net soseer om haarself as om die jong vrou wat vir so 'n kort tydjie haar slaapbank en haar lewe gedeel het [...] Die buitewêreld kan haar nie meer raak nie. Die ergste wat ooit met haar sou kon gebeur, het klaar gebeur. (Brink, 2002:94)

Hierdie proses van rou is onafwendbaar vir Hanna voordat sy werklik haar verlies verwerk het. Waar sy altyd emosioneel sterk was en nie graag haar emosies gewys het nie, konfronteer sy nou vir die eerste keer hierdie emosies en begin treur.

Aanvaarding is dan die laaste fase by die verwerking van verlies. Dit behels dikwels emosionele losmaking en objektiwiteit:

Dit word tyd dat ek terugkeer na die toneel voor die spieël waar Hanna X se lewe die eerste keer begin vorm aanneem het as 'n verhaal wat stukkie vir stukkie uit die skaars geskiedenis gemeet-en-pas kan word. Hier, voor hierdie spieël, in hierdie nag, is dit tyd dat sy kyk. Niks kan meer vermy word nie. Haar gesig. Haar liggaam. Die hele fisieke waarheid, alles wat op haar ingeskryf is om te sê waar sy was, wie sy is [...] (Brink, 2002:159)

Hanna konfronteer nou die waarheid van aangesig tot aangesig, sy kruip nie meer vir haarself weg nie en sy voel vir die eerste keer dat sy haarself gevind het en dus die verlies waaraan sy regdeur haar lewe blootgestel is, verwerk het: "En as sy glimlag, as dit wat sy wys wel 'n glimlag genoem kan word, dan is dit omdat Hanna X nou,

uiteindelik, aan die anderkant uitgekrom het.” (Brink, 2002:323) Hierdie fase van verlieshantering word aan die einde van die roman voltrek wanneer Hanna die keuse maak om nie Hauptmann Böhlke dood te maak nie. Hanna toon dus progressie in die verwerking van die verlies wat sy moes verduur en hierdeur vind sy dan ook opnuut haarself en haar identiteit.

Fisiese verlies sluit ook aan by die tema van migrasie aangesien die liggaam nou 'n ruimte word om te ontdek. Hanna word na die skending 'n migrant of vreemdeling in haar eie liggaam. In ooreenstemming met Sobchack (1999) se opvatting dat die liggaam 'n tronk kan wees, word Hanna nou deur haar eie liggaam ingeperk²⁶. Sy vind dit onmoontlik om na haarself in die spieël te kyk, omdat sy bang is vir wat sy gaan vind. Hierdie beskrywing herinner sterk aan die groteske liggaam. Shabot (2007:57) gee die volgende definisie van die groteske liggaam: “Grotesque bodies are hybrid bodies: mixtures of animals, objects, plants and human beings. Hence, the grotesque has been recognized as a concept evoking monstrosity, irrational confusion, absurdity and a deformed heterogeneity”. Brink (2002:159) se groteske beskrywing van Hanna se liggaam beklemtoon die grusaamheid van die skending en regverdig Hanna se vervreemding van haar eie liggaam. Hanna se beproewinge het beide emosionele en fisiese letsels gelaat waarmee sy daaglik gekonfronteer word: “Niks kan meer vermy word nie. Haar gesig. Haar liggaam. Die hele fisieke waarheid, alles wat op haar ingeskryf is om te sê waar sy was, wie sy is.” (Brink, 2002:159) Hierdie aanhaling sluit aan by die stelling van Grosz (1995:35) dat die liggaam getekstualiseer word en gelees deur ander as ekspressief van 'n persoon se psigiese binneruimte.

“If the skin were parchment and the blows you gave me ink [...]” Hierdie aanhaling van Grosz (1995:25) uit Shakespeare se *The comedy of errors*, is baie gepas om nie net die fisiese en emosionele letsels wat Hanna oorgehou het te beklemtoon nie, maar maak ons opnuut bewus van die liggaam as 'n ruimte. Woorde soos *ingeskryf* en *inskripsie* dui op hoe delikaat die mens werklik is. Juis omdat dit manlike karakters is wat verantwoordelik is vir hierdie *inskripsies* wat beide fisies en emosioneel is, word die

²⁶ Vergelyk 2.3.2.1

genderkwessie hier opgeroep: “Hoe vreemd, dié drang in hulle, almal van hulle, om ’n merk op ’n vrou se liggaam te maak [...] In elke drang, die skrikwekkende drang, om te verwond en sy eie teken na te laat. En net haar liggaam beskikbaar vir hul inskripsie.” (Brink, 2002:160) Hanna se haat teenoor mans kom dikwels na vore, soos byvoorbeeld wanneer sy en Katja met handgebare kommunikeer. Hulle gebruik ’n oop hand as teken vir die vrou, terwyl ’n gebalde vuist ’n man simboliseer.

Hanna word deur mans fisies en emosioneel van haar vroulikheid ontnem. Brink (2002:160) verwoord dit as volg:

Met ’n enkele vingertop raak sy aan die littekens waar haar tepels was [...] Die setel van haar uiteindelijke vernedering. Die geheime teerheid, die klein riffie van suiwer en helse vreugde, eens aan Lotte beskikbaar gestel en deur haar aanvaar, nou ’n gapende afwesigheid. *As ek ’n vrou naai, dan bly sy genaai.*

Die kwessie van gender word sterk aangespreek deur hierdie gewelddadige skending. Buijs (1993:6) lig ’n baie belangrike verskil ten opsigte hiervan uit: “Women’s vulnerability and ways of protecting themselves in their new environment differ from men’s experience of and reaction to violence. While men may be subject to racist attacks, they are rarely subject to assaults by women”. Dit is dan juis een van die aspekte wat genderkwessies in die roman beklemtoon: Hanna tree teenstrydig op teen dit wat van haar (as vrou) deur die samelewing verwag word. In plaas daarvan om in ’n bondeltjie te gaan sit en te krepeer van selfbejammering, staan Hanna op vir haarself en ander gemarginaliseerdes en neem wraak op die wat haar te na gekom het. Soos reeds in Hoofstuk 2 uitgelig is, word genderrolle grootliks geskep deur die invloed van die samelewing. Hiervolgens word die vrou nie algemeen in ’n rol geplaas waar sy aan gevaar of geweld blootgestel word nie. Hanna gaan dus teen hierdie sosiale persepsie in wanneer sy ’n wraakbende stig en haar tot geweld wend.

Hanna se fisiese pyn word later vir haar ook ’n simbool van lewe, in die opsig dat sy steeds fisies iets voel en dus nog nie dood is nie. Nie net word Hanna se vroulikheid

van haar ontnem nie – en ook amper haar lewe – maar sy verloor ook haar stem wanneer hulle haar tong uitsny. Hierdeur word sy as't ware die objek of vergestaltung van die “stemloses” of onderdruktes. Die stilte-motief word regdeur die roman aangetref en word ook simbolies aangewend. Dit is nie per toeval dat Brink hierdie motief van stilte aanwend nie. Ponzanesi en Merolla (2005:13) verduidelik die spel met stilte aan die hand van die bevindings van Bammer:

Bammer explores the possibilities of a language which is in between that of domination, the hegemonic Self, and that of resistance, the marginalized other. That space in-between is recognized by Bammer as a strategic play with silence, a silence that lets the body speak [...] Bammer explores how silence and the articulating body are means by which available notions of self-identity can be questioned and resituated.

In hierdie roman is daar 'n stilte rondom wie Hanna is en die feit dat sy gemarginaliseer en stemloos is, word 'n strategiese spel: hoewel sy letterlik nie kan praat nie, spreek haar liggaam en haar fisiese letsels en word 'n vorm van artikulasie. Die letsels word gevolglik die grootste aanklag teen die manlike geweldenaar. Haar fisiese verliese ontlok by Hanna 'n emosie van haat. Dit is dan ook deur middel van hierdie haat dat Hanna begin om haar verliese te verwerk:

Uiteindelik het sy die haat in haar geëien. Dit gee rigting aan al die onstuimigheid in haar [...] Op 'n eienaardige manier laat dit haar vry voel. Sy is nie meer bang nie. Hulle het nie meer mag oor haar nie. Want dit is sy wat kan besluit wat om met haar haat te doen. (Brink, 2002:161)

Hanna se oorspronklike besluit om wraak te neem, kan verduidelik word aan die hand van die volgende stelling van Van der Merwe (2007:106): “Wat dikwels gebeur, is dat die trauma-slagoffer die trauma herhaal maar die rolle omkeer, met haar- of homself in die rol van die een wat die trauma by 'n ander veroorsaak. Hierdie omkering van rolle kan gesien word as 'n poging om beheer oor die lewe te herwin, om van slagoffer oor te

gaan tot viktimizeerder”. Die spanning tussen die herhaling van ’n traumatiese patroon en die vordering deur die verwerking van trauma sou egter nie so effektief gewees het as Hanna voortgegaan het en ook Hauptmann Böhlke doodgemaak het nie. Die besluit wat sy neem om hom te spaar, dui dus op die verwerking van trauma wat voltrek is.

Geheue en herinnering speel in *Anderkant die stilte* nie so ’n deurslaggewende rol soos in die ander twee romans nie, tog is dit insiggewend om daarop te let dat Hanna se ervaring van verlies verskil van dié van Idil en Bolfazl aangesien haar verlies eerder as ’n ervaring van trauma gesien kan word. Wanneer trauma ervaar word, word die geheue en herinnering dadelik op ’n ander wyse aangewend om die hantering van verlies moontlik te maak. Van Alphen (2007:168) verduidelik dit soos volg: “In fact trauma is fundamentally different from memory because it becomes dissociated from conscious awareness and voluntary control. Trauma is failed experience, and this failure makes it impossible to remember the event voluntarily”. Hierdie stelling bied dus ook duidelikheid oor hoekom Hanna vir so lank die waarheid of verlies ontken het, omdat die traumatiese gebeure wat sy ondervind het, dit vir haar so te sê onmoontlik gemaak het om dit te konfronteer. Wanneer sy egter uiteindelik die waarheid konfronteer, lei dit tot ’n sinvolle selfontdekking wat uiteindelik sin aan haar tragiese lewe gee en sy bereik uiteindelik die anderkant. Van Niekerk (2012:5) beklemtoon die verwerking van trauma in haar bespreking van die bundel *Woordeloos tot verhaal* (wat handel oor traumanarratiewe) wat iets suggereer van om deur woorde tot verhaal te kom: “[...] die titel het ’n letterlike en figuurlike betekenis; dit gaan oor trauma-geïnspireerde geskifte of vertellings. Maar die figuurlike gebruik van ‘tot verhaal kom’ (wat die geneeskrag van die verhale suggereer) speel ook ’n rol”. Die terapeutiese werking van stories is ’n baie belangrike hulpmiddel wat deur Hanna aangewend word, wat haar in staat stel om haar traumatiese ervarings te verwerk. Van Coller (2005:132) staaf hierdie stelling:

En so is ons by die sluitmotief van hierdie roman: stories bring heling. Hanna X kan die weeshuis oorleef deur haar te omring met stories; in die woestyn oorleef sy veral danksy die Nama-stories. Ten slotte kan sy haar eie skending net

verwerk deur Jeanne d'Arc se storie by haar te dra en haar eie storie neer te pen [...]. Deur te praat oor die onreg kom genesing.

3.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar bevind dat die skryfwerk van Brink dikwels reaksie by lesers en kritici ontlok en dat dit ook die geval was met die roman *Anderkant die stilte*. Daar is vasgestel dat Brink se oeuvre in drie fases verdeel kan word en dat *Anderkant die stilte* by uitstek tot die intertekstuele fase behoort. Lesers en kritici het die roman veral gekritiseer op grond van die uitbeelding van die Duitse kolonialiste en ook die wrede beskrywing van die hoofkarakter Hanna se verminking. Die feit dat Brink poog om vanuit 'n vroulike perspektief te skryf, het ook heelwat kritiek ontlok. Daar is egter gevind dat dit nie alleen moontlik is vir 'n manlike skrywer om vanuit 'n vroulike perspektief te skryf nie, maar dat Brink ook daarin slaag om 'n geloofwaardige (hoewel fiktiewe) weergawe van die gebeure oor te dra. Die roman is egter ook geloof vir die feit dat Brink in teenstelling met sy vorige vroulike karakters, in hierdie roman 'n radikale feministiese benadering toepas deur sy hoofkarakter onaantreklik en geskend uit te beeld. Die hooftemas wat in die roman uitgelig is, sluit in: migrasie (letterlike en fisiese migrasie), magverhoudings, verlies en identiteit. Genderkwessies staan ook sentraal in die roman. Daar is verder vasgestel dat Brink 'n wye verskeidenheid intertekste toepas wat geskiedkundige gebeure en literêre intertekste insluit. Deur die geskiedenis van die Duitse weesmeisies as fondasie vir die roman te gebruik, gee Brink 'n stem aan die voorheen onderdrukte vrou, wat sodoende bydra tot die kwessie van magsverhoudings. Hierdie intertekste beklemtoon die tema van migrasie en verplasing aangesien beweging van een teks na 'n ander plaasvind. Die tema van migrasie word verder versterk deur die konstante mobiliteit waaraan die hoofkarakter Hanna geken word. Brink wend ook sirkulerende motiewe soos byvoorbeeld die voël aan wat aansluit by die tema van migrasie. Die vreemde ruimtes waarin die hoofkarakter Hanna haar bevind is ondersoek en daar is vasgestel dat hierdie ruimtes 'n direkte invloed op haar identiteitskonstruksie het. Laastens is die liggaamlike verlies waaraan Hanna blootgestel word geïdentifiseer as 'n unieke genderbelewing in die roman.

Hoofstuk 4: *De reis van de lege flessen* – Kader Abdolah

4.1 Inleiding en kontekstualisering

In 1979 is die Iranse monargie onder leiding van Shah Mohammad Reza Pahlavi, omvêr gegooi en vervang deur 'n Islamitiese regering met Ayatollah Rudollah Khomeini aan bewind. Hierdie omverwerping van die regering het tot die ontstaan van die Iranse Revolusie gelei. Die Iranse Revolusie wat ook bekend staan as die Islamitiese Revolusie het volgens Polk (2009:158) verdeeldheid onder die Iranse samelewing tot gevolg gehad:

In the 1979 Revolution, Iranian society split into two parts both geographically and emotionally. Large numbers of Iranians fled the country to join the tens of thousands of Iranian students already in America and Europe. Almost all the expatriates were opposed to the Islamic Republic and many favoured its destruction; whatever their nostalgia for Iran, which was palpable, most enjoyed their relatively free and affluent lives in the West. Those who remained in Iran were influenced by different experiences. Perhaps the most important of these experiences was the Iraq-Iran war [...]. In that war, virtually a whole generation of Iranians was killed or severely wounded. Ahmadinejad's generation are the survivors of that terrible conflict.

Die Islamitiese Revolusie het daartoe gelei dat talle Iraniërs landuit gevlug het omdat die politieke omstandighede dit bloot te moeilik gemaak het om 'n normale bestaan te voer. Veral diegene wat in opstand gekom het teen die regering, of hul misnoë uitgespreek het, se veiligheid is in hierdie tye bedreig. Een so 'n Iraniër is die skrywer Kader Abdolah uit wie se pen *De reis van de lege flessen* verskyn het.

Dié roman sal in hierdie hoofstuk ontleed word om vas te stel hoe migrasie daarin manifesteer. Die skrywer se biografiese agtergrond sal nagespeur word om vas te stel óf, en in watter mate, dit by die tema van migrasie en verplasing aansluit. Daar sal ook

spesifiek gepoog word om die invloed en rol van die skrywer as migrant te bepaal. Vervolgens sal die verskillende grense wat in die roman oorgesteek word, geïdentifiseer word om sodoende vas te stel hoe dit by die tema van migrasie en verplasing aansluit. Ruimte in die roman sal ontleed word om vas te stel watter invloed dit op die identiteitsvorming van die karakter/s het. Verlies wat in die roman ter sprake kom, sal ontleed word aan die hand van die rol wat herinnering speel. Spesifieke genderkwessies wat in die roman voorkom, sal uitgelig word om sodoende te bepaal of 'n unieke genderbeleving in die roman geïdentifiseer kan word. Laastens sal daar ondersoek ingestel word na die sirkulerende motiewe wat in die roman aangewend word en die moontlike funksie daarvan sal ondersoek word.

4.2 Kader Abdolah: Die skrywer as migrant

Dit is van waarde om ondersoek in te stel na die biografiese agtergrond van Kader Abdolah, aangesien dit moontlik lig kan werp op die spesifieke temas wat in sy werk aangetref word. Brouwers (2007:107-111) skryf in 'n biografie oor Kader Abdolah dat hierdie skrywer op 12 November 1954 in Arak, Iran gebore is as Hossein Sadjadi Ghaemmaghani Farahani. Hy is die oudste van ses kinders en word grootgemaak in 'n welgestelde, streng Islamitiese omgewing. Abdolah erken self dat hy 'n eensame jeug ervaar het en vroeg reeds geloofskwessies bevraagteken het. Hy keer uiteindelik sy rug op Islam en ontwikkel belangstelling in Westerse literatuur. Hy studeer vanaf 1972 tot 1977 natuurwetenskap aan die Universiteit van Teheran en raak hier betrokke by Fadaian ('n Marxistiese ondergrondse studentebeweging). Na afloop van sy studies bly Abdolah polities aktief en skryf onder meer joernalistieke boeke wat later verban word. Lede van sy familie word slagoffers van die onderdrukkende bewind in Iran. In 1985 bereik die politieke druk breekpunt en Abdolah word genoodsaak om uit die land te vlug. Hellemans (2000:752) omskryf die omstandighede soos volg en verduidelik waarom Abdolah homself juis in Nederland bevind: "Abdolah [...] vluchtte in de jaren tachtig voor de terreur van de Islamitiese imams naar buurland Turkije en kwam zo in 1988 in een asielzoekerscentrum terecht in het Nederlandse Apeldoorn".

Hy gaan in 1988 na Nederland nadat politieke asiel aan hom toegestaan is deur die Verenigde Nasies. In Nederland word hy met sy familie herenig. Deur Nederlandse boeke te lees, leer Abdolah vinnig die taal aan. Hy studeer vir een jaar Nederlandse taal- en letterkunde en in 1992 debuteer hy met die kortverhaalbundel *De adelaars*. In 1997 publiseer hy *De reis van de lege flessen* gevolg deur *Spijkerschrift* in 2000. Abdolah is 'n produktiewe en erkende skrywer en met sy substantiewe oeuve verwerf hy talle pryse. Hy ontvang onder andere “De Gouden Ezelsoor” (Anoniem, 2001) vir sy roman *De adelaars* as debuutbundel van 1993 wat die beste verkoop het. Verder ontvang hy die Charlotte Köhler-stipendium in 1995 vir *De meisjes en de partizanen* en die E. du Perron prys in 2000 vir sy algehele oeuve. *Het huis van de moskee* plaas Abdolah in 2007 op die topverkoperlys vir Nederlandse skrywers en die novelle word ook in 2010 vertaal as *The house of the mosque* in Engels. Hy ontvang in 2009 'n eredoktorsgraad aan die Universiteit van Groningen.

Buiten kritiek oor sy eenvoudige styl (taalgebruik, woordkeuse, sinsbou en sinslengte) word Abdolah se werk volgens Brouwers (2007:9) oorwegend positief deur lesers ontvang:

Veral zijn romans zijn veelvuldig herdrukt en vertaald. In kranteninterviews heeft hij regelmatig de gelegenheid te baat genomen om zijn ideeën en ervaringen nader toe te lichten. Hij is een auteur die de media en het contact met zijn lezers alterminst schuwt, zoals onder meer blijkt uit televisieoptredens, zijn vele lezingen in boekwinkels en bibliotheken en zijn aanvaarding van het gastschrijverschap aan de universiteit van Leiden in 2006. Deze keuze voor een zichtbare rol vloeit voor een deel voort uit zijn visie dat de schrijver als cultuurdrager een bijzondere verantwoordelijkheid heeft tegen over het ‘volk’ en zich niet in zichzelf moet opsluiten.

Ook Hellemans (2000:753) besing Abdolah se skryfwerk met lof:

Kortom, Abdolah is één van die immigranten-auteurs die door zijn mondelinge, spontane verhaalkunst opnieuw glans geeft aan onze vaak nogal vermoed ogende Nederlandstalige letteren [...]. Abdolah bespeelt met zijn vertellingen de oertaal van de emoties die op een bepaald punt geen woorden meer nodig heeft om zich uit te drukken.

Abdolah se biografiese agtergrond moet in gedagte gehou word by die bespreking van *De reis van de lege flessen*, hoofsaaklik omdat hy self 'n migrant is en die roman allerweë as migranteliteratuur beskou word. Abdolah se verhale handel veral oor die onbegryplikheid van ballingskap. Hy benader hierdie tema spesifiek vanuit die perspektief van 'n banneling en bogenoemde siening dat dit die skrywer se taak is om die innerlike lewe van kultuur te laat voortleef:

Het werk van Abdolah is nauw verweven met zijn leven as balling, sommige van zijn verhalen zijn ogelijk zuiver autobiografisch, andere vinden hun oorsprong in ervaringsfeiten en weer andere zijn alleen het product van zijn verbeelding [...] Hierin suggereert Abdolah dat het de taak van de schrijver is om 'dichter van het volk' te zijn en de 'magie' levend te houden. Literatuur heeft een tijdloze waarde en daardoor vertegenwoordigt de schrijver een uitzonderlijk maatschappelijk belang. De schrijver is bij uitstek de drager van het innerlijke leven van een cultuur. (Brouwers, 2007:4-5)

Van Bork (2001) bevestig die sirkulerende temas in die werk van Abdolah en plaas weereens klem op die skrywer se maatskaplike verantwoordelikheid:

Abdolahs verhalen en romans gaan over de tweespalt tussen culturele onthechting en inburgering in een nieuwe omgeving. Vooral de ongrijpbaarheid van die nieuwe cultuur maakt de nieuwsgierigheid van zijn personages gaande. Toch is deze culturele gespletenheid niet zijn eerste preoccupatie; hij wil allereerst schryver van en voor het volk zijn.

Die redes vir migrasie van die karakter/s in *De reis van de lege flessen* hou direk verband met die redes vir migrasie van die skrywer. In die geval van Abdolah, sowel as sy karakter Bolfazl, is die migrasieproses gedwonge aangesien hulle van hul vaderland moet vlug. Die redes vir migrasie sal uiteindelik bepaal hoe die individu die migrasieproses en gepaardgaande verlies hanteer en verwerk. Gedwonge migrasie veroorsaak dikwels dat die individu gemengde gevoelens van liefde en verlange, sowel as afkeur en weersin teenoor sy vaderland ontwikkel. Hierdie gemengde gevoelens word in hierdie geval deur die migrant Abdolah aan sy karakter Bolfazl oorgedra. Abdolah se status as migrant het tot gevolg dat sy skryfwerk 'n tweeledige verhouding aanneem ten opsigte van sy land van herkoms (verlede), en die huidige land (hede) waarin hy nou woon. Brouwers (2007:3) omskryf hierdie dualistiese aspek in Abdolah se werk as volg:

Wellicht het meest specifieke kenmerk van ballingschap als existentiële realiteit is het besef van een tweeledige buitengeslotenheid: het land waarmee familiale, culturele en emotionele banden bestaan is elders, terwijl er eveneens een fundamentele afstand bestaat tot de nieuwe omgeving, juist daar het aanvankelijk geheel ontbreken van dergelijke banden. Er loopt een breuklijn door het leven van de balling en Abdolah situeert zijn verhalen afwisselend aan weerszijden van die lijn, in het Iraanse verleden en in het Nederlandse heden.

Abdolah skryf dus vanuit sy eie ervaring oor die proses van migrasie en verplasing en gee daarmee aan die roman meer geloofwaardigheid en trefkrag.

4.3 Fabula

De reis van de lege flessen deur Kader Abdolah is 'n kort roman wat handel oor die ervarings van die Iranse vlugteling Bolfazl. Bolfazl vlug om politieke redes vanaf sy geboorteland Iran na Nederland. Dit is dan juis hierdie agtergrond waarteen die roman afspeel. As drie-en-dertigjarige moet Bolfazl in Nederland 'n nuwe lewe opbou saam met sy vrou en seuntjie. Hy was 'n gerespekteerde man in die Iranse gemeenskap en

baie intelligent. In Nederland verdwyn hierdie status egter en sodoende verdwyn ook die tradisionele rolverdeling tussen hom en sy vrou. Die Nederlandse taal asook kultuur blyk Bolfazl se grootste uitdagings te wees. Hy trek in 'n hoekhuis langs die IJssel in en ontmoet hier sy buurman René met wie hy 'n hegte band smee. Bolfazl se moeder kom elke ses maande kuier, en Bolfazl moet ten alle koste verhoed dat sy moeder die waarheid uitvind rondom sy buurman se seksualiteit en die feit dat hy saam met 'n ander man, Moka Moka, woon. René is sewe-en-veertig jaar oud, homoseksueel, 'n alkoholis, werkloos en geskei van sy voormalige vrou en moeder van sy dogter Miranda. Hy gaan op 'n dag weg en wanneer hy terugkeer maak Bolfazl die stelling dat René nie meer René is nie, hy het verander. René verhuis kort hierna na 'n vervalde woonbuurt en laat sodoende 'n leemte in Bolfazl se lewe. Uiteindelik pleeg René selfmoord deur voor 'n trein in te loop, en gedurende die roudiens besef Bolfazl dat hy self drastiese stappe sal moet neem indien hy in hierdie nuwe omgewing wil oorleef of aanpas.

Hierdie roman verskil van *Anderkant die stilte* en *Idil, een meisje* ten opsigte van die feit dat die skrywer 'n manlike migrant is en dat dit vanuit 'n manlike perspektief geskryf is. Hoof temas wat in die roman aangetref word sluit migrasie, verplasing en herinnering in. Anders as in *Anderkant die stilte* waar migrasie en verplasing slegs tematies aangewend word, is dit duidelik dat *De reis van de lege flessen* nie slegs tematies daarmee omgaan nie, maar as migranteliteratuur geïdentifiseer kan word.

4.4 Die oorsteek van grense

In die roman word die hoofkarakter Bolfazl telkemale gekonfronteer met verskeie grense wat oorgesteek moet word. Die teenwoordigheid van hierdie grense skep insgelyks die gevoel van beweging. Bolfazl migreer nie uit vrye wil soos Hanna in *Anderkant die stilte* nie, maar ervaar gedwonge migrasie vanweë die feit dat hy 'n politieke vlugteling is: “[...] maar nou kwam ik tot een andere conclusie. De vlucht was geen kwestie van kiezen, maar van doen.” (Abdolah, 1997:137) Tydens die vlugproses steek Bolfazl verskeie grense oor. Hierdie grense is simbolies én letterlik wees. Die

verskillende grense wat in die romananalise bespreek gaan word sluit in: geografiese, taal-, geloof- en kultuurgrense.

Die feit dat Bolfazl 'n migrant uit Iran is, dui daarop dat hy vanselfsprekend 'n geografiese reis moes onderneem wanneer hy vanaf Iran na Nederland migreer. In die roman word nie net melding gemaak van Bolfazl se geografiese reis nie, maar reistekens word ook deurgaans aangewend om die tema van mobiliteit, migrasie of verplasing te beklemtoon. Hierdie tekens sluit onder meer in: 'n reistas, vervoermiddels, poskaarte en geografiese kaarte. Sterk klem word veral op vervoermiddels gelê: "Zijn fiets stond in de schuur. Hij was te voet de deur uitgegaan. Vervolgens met een bus. Daarna misschien met een trein. Dan mogelijk wederom te voet." (Abdolah, 1997:49) Hierdie vervoermiddels dui nie net op mobiliteit wat die karakter in staat stel om oor verskeie fisiese grense te beweeg nie, maar neem ook dikwels simboliese waarde aan soos in die geval van die fiets: "De fiets wilde ik wel hebben, omdat het mij bevrijdde uit huis." (Abdolah, 1997:37) René klop telkemale by Bolfazl aan met tweedehandse goedere wat hy aan Bolfazl wil skenk. Bolfazl ervaar egter hierdie gebaar as vernederend, omdat dit onaanvaarbaar is in sy kultuur om gebruikte goedere van iemand anders te aanvaar. Tog aanvaar hy die tweedehandse fiets van René sonder om te aarsel. Bolfazl het self geen fiets nie en die fiets wat gebruiklik in Amsterdam as vervoermiddel dien, word nou ook 'n simbool van bevryding. Hier speel die skrywer ook met die binêre opposisie van vryheid teenoor gebondenheid. Die fiets kan moontlik vir Bolfazl 'n simbool van bevryding wees, eerstens omdat hy hom in Nederland bevind sonder 'n fiets wat die gebruiklike vervoermiddel is. Nadat hy die fiets van René ontvang het, kan hy dus vrylik rondbeweeg en is nie meer beperk tot die nabye omgewing of afhanklik van ander vir vervoer nie (veral wanneer hy later werk kry op 'n nabygeleë plaas). Tweedens kan 'n moontlike verduideliking waarom Bolfazl die fiets beskou as simbool van bevryding, opgesluit lê in 'n herinnering uit sy kinderjare:

Vanaf mijn jeugd had ik niet meer gefietst. René had lange benen. Ik niet, tenminste niet zo lang als de zijne. Maar dat gaf niets. Ik was gewend aan hoge

fietsen. Vroeger hadden we slechts een fiets, één grote fiets voor alle mannen van ons huis. (Abdolah, 1997:15)

Hy verduidelik verder dat hierdie fiets slegs gebruik is in noodgevalle, byvoorbeeld om medisyne te gaan haal wanneer iemand siek was, of om sy vader by die winkel te gaan roep toe sy oupa oorlede is. Op grond hiervan kan afgelei word dat die fiets eerstens 'n luukse is, aangesien daar in sy jeug slegs een fiets vir al die manne in die huis was wat alleenlik in noodgevalle gebruik is. Tweedens besorg die fiets in Bolfazl se volwasse lewe 'n deel van sy identiteit as “man-van-die-huis” en voorsiener vir sy gesin terug. Vandaar ervaar hy die fiets as bevrydend.

Talle verwysings na vervoermiddels elders in die roman versterk die tema van mobiliteit en konstante beweging deur die karakters op beide fisiese en simboliese vlak. Hierdie tema van beweging word verder versterk deur vlugtige verwysings na ander konsepte wat met mobiliteit en verplasing verband hou, onder andere die begrip *nomade*. Bolfazl maak die volgende waarneming oor 'n woonbuurt wat met 'n nomadiese leefwyse te make het: “De wijk deed me denken aan een karavan serai, een voorlopige plaats waar reizigers een poosje wonen voordat ze weer verder trekken.” (Abdolah, 1997:88) Die paradigma van mobiliteit het tot gevolg dat Bolfazl hom vir 'n geruime tyd in 'n liminale ruimte bevind – beide fisies en psigies. Die vliegtuigrit na Nederland plaas Bolfazl fisies in 'n liminale ruimte tussen twee geografiese gebiede. Terselfdertyd bevind hy hom geestelik in 'n liminale ruimte omdat hy uit sy geboorteland verwyderd is, maar nog nie werklik tuis is in sy nuwe land nie. Die posman wat dikwels nuus vanaf Bolfazl se vaderland vir hom bring, word vir Bolfazl aanvanklik 'n teken van die liminale ruimte waarin hy hom bevind: “Geleidelijk verloor de postbode zijn belangrijke positie in mijn leven. Hij speelde geen rol meer tussen mijn heden en verleden.” (Abdolah, 1997:159)

Buiten hierdie geografiese grense wat Bolfazl oorsteek, word hy ook gekonfronteer met die taalgrens: “Ik kon wel Engels praten, maar de taal die ik moest leren was het Nederlands [...] De hele dag, de hele avond was ik bezig met de taal. Ik kon wel lezen, maar correct spreken lukte me gewoonweg nog niet.” (Abdolah, 1997:14). Aanvanklik

blyk hierdie taalgrens een van Bolfazl se grootste uitdagings te wees om in die nuwe land aan te pas. Selfs sy vrou vind dit makliker om die taal aan te leer en met mede-Nederlanders te kommunikeer. René speel ook 'n belangrike rol in die oorbrugging van hierdie grens. Bolfazl voel gemaklik om saam met René sy nuutgevonde woordeskat te gebruik tydens hul daaglikse glasie wyn in die agtertuin. Hierdie gemaklikheid kan toegeskryf word aan die feit dat hy hom kan vereenselwig met René se buitelanderskap (vanweë die feit dat René homoseksueel is en Bolfazl op sy beurt as migrant ook 'n buitelandster is). Bolfazl oorbrug uiteindelik hierdie taalgrens, net soos die skrywer, deur veral Nederlandse literatuur te lees.

Saam met die kwessie van taal word ook die stiltemotief in die roman aangeraak: "Typiese eienskap van ballingen: swygen." (Abdolah, 1997:63) Hierdie stelling is dubbelsinnig aangesien dit eensyds kan beteken dat 'n migrant of banneling stil moet bly oor die gebeure wat aanleiding gegee het tot sy/haar ballingskap. Andersyds kan dit verwys na die migrant se onvermoë om te praat as gevolg van die beperking van taalgrense. 'n Verband kan gevolglik getrek word tussen die rol van stilte en geluid wat ook voorkom in *Anderkant die stilte*. Hierdie ooreenkoms is nie toevallig nie. Die kwessie van taal en stilte word dikwels deur skrywers as metafoor aangewend om die migrant as buitelandster te beklemtoon. Van der Merwe (2007:106) is van mening dat die herontdekking van 'n taal deur die herskrywing van die lewensverhaal verband hou met die verwerking van verlies.²⁷ Deur die Nederlandse taal aan te leer, is Bolfazl nie slegs besig om sy eie verlies aan sy vaderland te verwerk nie, maar hy herskryf as't ware sy lewensverhaal. Die taalgrens wat oorgesteek word, word dus 'n simbool van transformasie wat deur Bolfazl aangewend word om homself in 'n nuwe gemeenskap te hervestig.

'n Volgende grens waarmee Bolfazl gekonfronteer word, is geloof. Die rol wat geloof in die roman speel, word reeds aan die begin van die roman aan die leser duidelik gemaak. 'n Reproduksie van 'n kled met die woord van Allah (Koran) daarop word op

²⁷ Hierdie verskynsel word ook in *Anderkant die stilte* aangetref wanneer Hanna haar lewensverhaal neerpen in 'n poging om die verlies en trauma waaraan sy blootgestel is, te verwerk.

die eerste bladsye van die roman gevind. Hierdie parateks vestig die leser se aandag op die rol wat geloof in die roman speel, selfs voordat die verhaal begin. Die kleed word meestal deur volgelinge van die Moslemgeloof in hul huise opgehang. Geloof is vir Bolfazl een element van sy identiteit wat onveranderd bly regdeur sy migrasieproses.

Bolfazl se moeder wil tydens haar besoek aan hom weet in watter rigting Mekka lê. Daar kan volgens Waines (2003:30) vyf geloofspilare geïdentifiseer word, wat teenwoordig moet wees in die lewe van 'n Moslem. Hierdie pilare sluit onder andere toewyding aan gebed en 'n pelgrimstog na Mekka in. Tydens toewyding aan gebed moet die volgelinge kniel in die rigting van Mekka en daarom is dit vir Bolfazl se moeder belangrik om te weet in watter rigting Mekka lê. Bolfazl se antwoord aan haar lui: "U moet zich op die kerk, op toren richten." (Abdolah, 1997:28), en dit kan geïnterpreteer word dat sy haar net tot haar geloof moet wend om te weet waar haar religieuse tuisland is. Ook aan die einde van die roman noem hy: "De haan was verdwenen, maar dat was geen probleem. Zelfs als het zwaarbewolkt was kon ik wel aanwijzen waar een moslim zich naar zou moeten richten als hij zou willen bidden." (Abdolah, 1997:152) Hierdie stelling kan ook op simboliese wyse geïnterpreteer word dat Bolfazl selfs ten spyte van onweerswolke in sy lewe steeds weet waar sy geloof lê. Wanneer Bolfazl 'n windhaan gebruik om die rigting van Mekka vir sy moeder aan te dui, word 'n duidelike verband getrek tussen migrasie en geloof. In René, Bolfazl se Nederlandse buurman, se woonkamer merk Bolfazl 'n beeld van Christus sonder 'n gesig. Hierdie beeld kan op simboliese wyse daarop dui dat René se geloof nie vir Bolfazl betekenis dra nie en dat hy nie daarmee kan identifiseer nie. René se geloof is vir Bolfazl gesigloos omdat hy steeds met die Islamitiese geloofsoortuigings volstaan.

Kultuurgrense word voorts ook in die roman oorgesteek wanneer René se gewese vrou bekentnisse teenoor Bolfazl maak oor René se seksualiteit en hul huwelik. Dit is vir Bolfazl 'n vreemde ervaring omdat sensitiewe onderwerpe soos hierdie nooit in hul kultuur bespreek word nie. Daarby is dit in die Moslemkultuur ongehoord dat 'n vrou sulke intieme besonderhede aan 'n man openbaar. Kultuurverskille word verder deur Abdolah (1997:19) uitgelig wanneer Bolfazl naakfoto's teen die mure van René se

woonkamer aanskou: “We waren ineens uit een kultuur waarin alles achter gordijnen gebeurde, in een halfnaakte samenleving gevallen.” Hierdie vreemde ervaring is net een van vele wat Bolfazl ervaar vanweë die feit dat hy hom in ’n nuwe ruimte bevind. In hierdie ruimte tree mense anders op, en het hulle ander maniere en gewoontes as dit waaraan Bolfazl in sy vaderland en binne sy kultuur gewoon is. Noudat Bolfazl homself in hierdie ruimte bevind, word hy gekonfronteer met transformasie en dus grense wat oorgesteek moet word. Hy besef dat indien hy wel by die nuwe gemeenskap wil inpas, hy hom sal moet toelaat om vrye denke te beoefen en hom nie blind te staar teen die streng kulturele oortuigings waarmee hy grootgeword het nie. In hierdie geval dra die nuwe, vreemde omgewing by tot Bolfazl se persoonlike groei. Die vraag kan nou gevra word of die oorsteek van hierdie abstrakte grense binne ’n bepaalde ruimte ook bydra tot die identiteitsvorming van Bolfazl se karakter.

4.5 Ruimtes en hul invloed op identiteit

Vir ’n migrant is die vorming en hervorming van identiteit ’n realiteit waarmee hy/sy telkens opnuut gekonfronteer word. Verskeie faktore wat tydens die migrasieproses aangetref word, speel ’n bepalende rol by die vorming van identiteit. Hierdie faktore sal nou kortliks bespreek word om te beklemtoon dat migrante identiteitsvorming dikwels meer intens ervaar juis as gevolg van die omstandighede of omgewing waarin hulle hul bevind.

Taljord (2002:34) merk op dat Segers ’n neiging identifiseer wat tans wêreldwyd bestaan, naamlik om identiteit te bepaal deur ’n soeke na waar jou wortels lê. Om bewus te wees van waar jou wortels lê, stel die individu in staat om vas te staan in sy oortuigings, morele waardes en uiteindelik identiteit. Spanning kom regdeur die roman voor oor die innerlike stryd wat Bolfazl voer vanweë die feit dat hy aangetrokke voel tot Miranda (of Mietra soos hy haar noem), die dogter van René. As gevolg van sy nuuskierigheid kom sy morele waardes in gedrang: “En je wilt de dingen opnieuw betasten. Opnieuw bekijken. Opnieuw ervaren. Het was ook niet toevallig dat ik nieuwsgierig was naar het lichaam van een Hollandse vrouw.” (Abdolah, 1997:118)

Bolfazl bevind hom in 'n tweestryd wanneer hy alleen saam met Miranda is, waaruit die leser kan aflei dat hy onseker is en dat sy waardes en identiteit as't ware wankel: "Wat nu? Haar de rug toekeren? Of de zegels verbreken? 'Openen! Openen! Openen!' 'Nee, nee, niet openen, niet verbreken." (Abdolah, 1997:164)

Graumann, soos aangehaal deur Taljard (2002:63), beweer dat individue onder andere geïdentifiseer word op grond van hul liggaamlike voorkoms en hul naam. Bolfazl is van Iranse afkoms en is dus donker van kleur. Die skrywer gebruik binêre opposisies om die verskille tussen Bolfazl en René se liggaamlike voorkoms te beklemtoon: "Hij was lang. Een kop groter dan ik. Zevenenveertig jaar oud en **blond haar**. Ikzelf was toen drieëndertig en **mijn haar was zwart**." (Abdolah, 1997:10, eie vetdruk) Die leser kry dan ook die indruk dat Bolfazl pynlik bewus is van die verskille in liggaamlike voorkoms tussen hom en René: "Door het kapotte hek zag ik een gedeelte van zijn melkachtig **witte rug**. Hij was **blank**. Ik **donker**." (Abdolah, 1997:12, eie vetdruk) Ook die boer by wie Bolfazl gaan werk, identifiseer hom dadelik as 'n buitelanders. Hierdie verskille in liggaamlike voorkoms kan tot gevolg hê dat Bolfazl gemarginaliseer word en as buitestander beskou word.

Uiteindelik, wanneer die kunstenaar Henk (Mary Rose se nuwe lewensmaat) 'n skildery van Bolfazl maak, stel die skoon wit doek 'n simboliese nuwe begin voor. Die nuwe begin beteken dus ook vir Bolfazl 'n nuutgevonde identiteit:

Ik verzette me niet. Het was de vlucht. Ik, Bolfazl, was een verlengstuk van de ballingschap. Nu zou iemand mij aan het doek toevertrouwen. Ik ging op de stoel zitten. Hij plaatste een wit doek." (Abdolah, 1997:170)

Bolfazl ondergaan 'n fisiese en psigiese reis voordat hy uiteindelik as getransformeerde en met 'n nuutgevonde identiteit by die Nederlandse samelewing ingelyf word. Die inlywing geskied heel aan die einde van die roman na afloop van al die onderskeie grense (kulturele, taal- en fisiese grense) wat Bolfazl oorgesteek het: Henk gee dus erkenning aan Bolfazl se identiteit en menswees.

Ten spyte van die feit dat René 'n boorling van Nederland is, ervaar hy ook 'n probleem met sy identiteit as gevolg van genderproblematiek en seksuele oriëntasie. René is in werklikheid op 'n abstrakte vlak ook 'n migrant in sy eie land en die feit dat hy nie aanvaar word nie, lei uiteindelik tot sy ondergang. Brouwers (1997:5) sluit hierby aan:

[...] René, een beeldend kunstenaar die van zijn vrouw gescheiden is nadat hij homoseksueel bleek te zijn. Net als Bolfazl, voor wie René een 'levend woordenboek' is, verkeerd hij in een maatschappelijk isolement. Maar het leven van René bevindt zich in een neergaande spiraal: door gebrek aan artistieke inspiratie raakt hij in een depressie en uiteindelijk pleegt hij zelfmoord. 'Als die magie van de kunst je verlaat, blijft er niets dan een lege plek achter,' weet Bolfazl: hij begrijpt dat er voor zijn vriend geen andere uitweg was.

René is een van die karakters in die roman wat ook dikwels gekonfronteer word met heterotopiese ruimtes. Foucault (1967:4) se teorie oor heterotopias van afwyking is hier ter sake. In die roman word René in 'n psigiatrisiese hospitaal opgeneem. Hierdie omgewing is by uitstek 'n heterotopia van krisis, aangesien dit individue huisves wat nie in staat is om normaal in die samelewing te funksioneer nie: "Vroeger was ik bang voor die 'psychiatrishe inrichtingen'. Nu vreesde ik dat ik in Nederland in een van die cellen terecht zou komen, waar ik als buitenlander met een ketting om mijn enkel verlaten in een hoek in het donker zat." (Abdolah, 1997:57) Die feit dat René in die hospitaal opgeneem word, dui daarop dat hy 'n buitestander in sy eie gemeenskap is (hoofsaaklik vanweë die feit dat hy homoseksueel is en sy onvermoë om daarmee vrede te maak). Bolfazl vereenselwig hom dus met René aangesien albei gemarginaliseer word, ofskoon dit om verskillende redes is (Bolfazl as migrant en René as homoseksueel). Uiteindelik veroorsaak René se onvermoë om met homself vrede te maak 'n drempelfiksasie. Hy twyfel aan sy identiteit en ervaar 'n gevoel dat hy nêrens inpas nie. René besluit om weg te gaan in 'n poging om sy identiteitskrisis op te los. Hy onderneem 'n reis waarvan hy geen spesifieke besonderhede bekend maak nie en kom neem slegs afskeid van Bolfazl met die woorde: "Ik ga verhuizen" (Abdolah, 1997:66)

Nuwe bure neem daarna hul intrek in René se ou huis. Bolfazl ontmoet René op 'n dag by die mark, maar merk dan reeds dat iets met René skort en dat hy, volgens Bolfazl, nie meer 'n Nederlander is nie: "Mijn droom was geen bedrog. René kon niet meer terugkomen. Het was iemand anders. Geen Nederlander." (Abdolah, 1997:52) Die droom waarna Bolfazl verwys, is die droom in die openingsreëls van die roman, waarin Bolfazl droom dat René deur 'n trein weggeneem word en nie weer terugkeer nie. René keer egter in die werklike lewe fisies terug, maar as gevolg van die depressie waarin hy verval het, is hy nie meer die René wat Bolfazl ken nie. Wanneer René van sy reis terugkeer, ontdek hy dat die sleutel van sy voordeur nie meer pas nie as gevolg van al die roes wat intussen aangepak het. Die sleutel, slot en deur word gevolglik hier simbolies van grense wat nie meer oorgesteek kan word nie en 'n vertroude wêreld wat nie meer betree kan word nie. Volgens Tresidder (2008:104) kan die sleutel verskeie simboliese betekenis hê: "Authority, power of choice, entry, freedom of action, knowledge and initiation. Although keys can lock and unlock, they are nearly always visual symbols of access, liberation or, initiations, progress from one stage of life to the next". Die lesers eerste kennismaking met die simbole van die sleutel en slot, word ook juis gevind wanneer Bolfazl 'n nuwe fase van sy lewe betree en vir die eerste keer sy nuwe tuiste in Nederland besigtig: "Onze begeleider maakte de achterdeur voor me open. Het gras van de tuin stond hoog. Tot dat moment had ik nog nooit in Hollands gras gestaan". (Abdolah, 1997:19)

Die feit dat Bolfazl die stelling maak dat René geen Nederlander meer is nie, dui daarop dat kollektiewe identiteit ook hier ter sprake kom. Todorov, in Taljard (2002:34), is van mening dat die voorstelling wat 'n mens vir homself van die verlede maak, belangrik is vir die konstruksie van persoonlike identiteit, sowel as vir kollektiewe identiteit, aangesien die behoefte om deel te wees van 'n groep by alle mense bestaan; daarin vind hulle 'n direkte erkenning vir hulle bestaan. Die analitiese teorie van Carl Jung kan ook hier toegepas word. Volgens Jung (Van der Merwe & Viljoen, 1998:175) bevat die bewussyn bewuste persepsies, gedagtes, gevoelens en herinneringe, terwyl die persoonlike onbewuste ervarings van verlangens waarvan iemand vroeër bewus was, maar wat nou vergete of onderdruk is, bevat. Die kollektiewe bewussyn aan die

anderkant bevat al die ervarings van die voorgeslagte wat oor die eeue heen opgegaan is, sonder dat die individu daarvan bewus is. Alle mense het die behoefte gemeen dat hulle graag die gevoel wil ervaar dat hul iewers hoort en aanvaar word. Die migrant het dus ook 'n sterk behoefte daaraan om in te pas en aanvaar te word. Hashim en Manaf (2009:547) is van mening dat individuele en kollektiewe identiteit van mense in Iran drasties beïnvloed is deur die Iranse revolusie: "Iran underwent a drastic transformation which brought a significant impact on the individual and collective identities". Iraniërs is ontwortel en hul individuele en kollektiewe identiteit is tot so 'n mate omvêr gewerp dat hul identiteit rekonstrueer moes word. Brouwers (2007:3) maak die stelling dat *De reis van de lege flessen* beskou kan word as 'n psigologiese verslag van die dinamiek tussen kulturele onthegting (losmaking) en kulturele inburgering. Bolfazl as werklike migrant het 'n sterk oorlewingswil en daarom kan hy uiteindelik sy identiteit herkonstrueer om in die samelewing opgeneem te word.

4.6 Verlies en verlieshantering: die rol van herinnering

Brouwers (2007:3) identifiseer herinnering as 'n algemene tema in Abdolah se werke: "Zijn werk is doortrokken van herinnering aan het verloren landschap en de afgekapte familiebanden [...]". Hierdie herinneringe word hoofsaaklik gekoppel aan verlies van een of ander aard. In die proses om sy nuutgevonde identiteit te ontdek, moet Bolfazl eers talle verliese verwerk. Alhoewel hy nie soos Hanna trauma ervaar nie, word hy steeds gekonfronteer met 'n verlies aan geborgenheid wanneer hy hom as 'n migrant in 'n vreemde omgewing bevind. Hy moet afstand doen van sy vaderland, familie en gemeenskap. Bolfazl hanteer verlies deur vas te hou aan sy herinneringe: vir die migrant is sy geheue en herinneringe moontlik een van die waardevolste besittings. Fortier (2000:157) sluit hierby aan: "Indeed memory becomes a primary ground of identity formation in the context of migration, where 'territory' is decentred and exploded into multiple settings". Die verband tussen herinnering en identiteit word deur Bolfazl soos volg uitgelig: "Maar wie zou ik kunnen zijn zonder die herinneringen van mijn geboorteland? Hoe kon ik hier in dit vochtige land naar de betekenis van woorden zoeken zonder dat de kachel van mijn ouderlijk huis in mijn hoofd brandt?" (Abdolah,

1997:80) In dié geval bly Bolfazl se herinnering nie meer slegs 'n herinnering nie, maar word dit nou as't ware 'n *herlewing* van die verlede. Van Alphen (1999:25) se stelling hou hiermee verband: “[...] memory is usually seen as a social case of experience. It is not voluntary controlled retrieval of the past itself, but rather of the experience of the past”. Die feit dat dit 'n ervaring van die verlede verteenwoordig, beteken dat herinnering selektief opgeroep word en dus gerekonstrueer word. Zabus (2003:67) verduidelik dit soos volg: “We now know that there is no such thing as total recall, that memory is a meaning-making sifter, and is ‘reconstructive’”. Deur herinneringe op te roep, beweeg Bolfazl konstant tussen die hede en verlede rond: “Het vluchten was niets anders dan teruggaan naar de plek waarvandaan je weggevluht was. Je vlucht eigenlijk nooit weg, je keert constant terug. Weggaan bestaat niet. Teruggaan wel [...]” (Abdolah, 1997:153)

Die oorsteek van grense kom weereens hier ter sprake wanneer die grens tussen werklikheid en droom oorgesteek word: “Ikzelf was ook zo dromerig. Ik had beide voeten op de vochtige grond van Nederland, maar mijn hoofd bevond zich in een fantasiewereld, in de wereld van mijn verleden.” (Abdolah, 1997:80) Herinnering is vir Bachelard (1994:61) die metaforiese en poëtiese weergawe van 'n mens se verlede en in hierdie herinneringe koester 'n mens die geluk van die verlede, of rekonstrueer 'n mens die verlede tot fiksionele drome van geluk. Bolfazl plaas deurgaans klem op die rol wat herinnering in die lewe van die migrant speel: “Fantasie en werklikheid lopen door elkaar bij een banneling. De fantasie is zelfs harder dan de werklikheid.” (Abdolah, 1997:117)

Die rol van die migrant se herinneringe word in die roman beklemtoon deur die selfmoord van die bekende storieverteller nadat sy stories hom verlaat het. Abdolah trek 'n verband tussen hierdie storieverteller en René wat sukkel om sy artistieke inspirasie te vind. Wanneer hy deur sy geheue in die steek gelaat word, voel hy dat hy niks oor het om voor te lewe nie – geen verlede en geen toekoms. In 'n desperate poging om vas te klou aan sy herinneringe kontak Bolfazl gereeld sy moeder telefonies om sodoende te verhoed dat sy herinneringe vervaag: “Tegen mijn zin deed ik constant

pogingen om mijn herinneringen levend te houden. De herinneringen die op het punt stonden om te verdwijnen terug te krijgen.” (Abdolah,1997:82) Bolfazl se poging om sy herinneringe te bewaar, setel in sy vrees vir identiteitsverlies, omdat hy glo dat sy identiteit juis ook deur herinneringe gekonstitueer word.

Benewens die verlies aan geborgenheid en die dreigende verlies aan herinnering word Bolfazl ook gekonfronteer met die verlies van ’n vriend. Die enigste persoon met wie Bolfazl werklik ’n band smee in Nederland, gaan uiteindelik op ’n reis van sy eie met die doel om sy eie identiteit opnuut te konstrueer. Later sterf René en Bolfazl word sterk geruk deur hierdie verlies. Hy moet homself gevolglik ook opnuut vind in ’n vreemde omgewing sonder enige kennis. Hy hanteer hierdie verlies deur kontak te hou met René se gewese vrou en hul dogter.

Namate Bolfazl leer hoe om sy onderskeie verliese te verwerk, ervaar hy persoonlike groei wat uiteindelik bydra tot sy nuutgevonde identiteit in sy nuwe land.

4.7 Gender en liggaamlikheid

Die laaste grens waarmee Bolfazl gekonfronteer word, is die van gender. Al die grense wat in die roman oorgesteek word, is egter ten nouste verweef en dit kan nie maklik onafhanklik van mekaar bespreek word nie. Gendergrense kan ook in verband gebring word met die geloofgrense wat vroeër vermeld is. In *De reis van de lege flessen* word juis die man dikwels uitgebeeld as die buitestander binne die Moslemgeloof. Bolfazl beskryf byvoorbeeld hoe hy dikwels wou saamgaan as sy ma moskee toe gegaan het, of op die Pelgrimstog of na die graf van haar moeder. Telkens het sy egter net geantwoord: “Je hoort al bij de mannen [...]. Je moet bij de mannen blijven [...]. Bij het trakteren van de heilige dadels mogen geen mannen aanwezig zijn.” (Abdolah, 1997:38) Wanneer Bolfazl se moeder teruggaan na haar geboorteland, besef hy weereens dat hy die buitestander is en dat hy nie saam haar kan gaan nie: “Ze vloog naar huis. Wederom mocht ik niet met haar mee. Ik moest naast René blijven wonen.”

Buiten geloofsgrense wat verband hou met genderkwessies, word genderkwessies ook in die roman uitgelig deur die fokus op liggaamlikheid. Daar is reeds genoem dat Bolfazl pynlik bewus is van die liggaamlike verskille tussen hom en René. Hierdie liggaamlike verskille sluit ook spesifiek aan by die kulturele grense wat in die roman ter sprake kom. Daar word melding gemaak van die manlike geslagsdele: “Opeens kwam er een dikke, kleurloze, gerimpelde pik te voorschijn [...]. Feitelijk had ik tot dat moment nog nooit de pik van een ander gezien.” (Abdolah, 1997:12) Hierdie beeld word aangewend om te beklemtoon dat die wyse waarop die onderskeie kulture (Moslem en Nederlands), met die liggaamlike en spesifiek die seksuele omgaan, ooglopend verskil. Verder plaas dit ook klem op die vreemdhede waaraan Bolfazl in die nuwe landmoet gewoon raak: “Aan de blote benen, buiken, borsten, billen en aan de taal moest ik wennen. En René, mijn buurman, zou ik zonder onderbreuk moeten accepten.” (Abdolah, 1997:13) In Bolfazl se tuisland word dit as blatante disrespek gesien om bepaalde liggaamsdele te ontbloot aan jou medemens, terwyl die Nederlanders dit glad nie vreemd vind nie. Dit is dus duidelik dat kulturele, gender- en liggaamlike grense nou met mekaar verband hou. Dit is egter opvallend dat die liggaam as grens nie so ’n belangrike rol speel soos in *Anderkant die stilte* nie. ’n Moontlike rede hiervoor is die feit dat *Anderkant die stilte* roman ’n vroulike hoofkarakter het, terwyl *De reis van de lege flessen* ’n manlike hoofkarakter het. Grosz (1994:14) bevestig dat gender ’n deurslaggewende rol speel in die belewing of ervaring van die liggaam: “Patriarchal oppression, in other words, justifies itself, at least in part, by connecting women much more closely than men to the body and, through this identification, restricting women’s social and economic roles to (pseudo) biological terms”. Dit is verder ook opvallend dat Bolfazl se karakter dikwels die indruk skep dat vroulike migrante dit makliker vind om aan te pas in ’n nuwe omgewing as manlike migrante. Terwyl Bolfazl dit moeilik vind om die Nederlandse taal aan te leer, is dit duidelik dat sy vrou dit vinniger bemeester het as hy:

Het moeilijke woord ‘gefeliciteerd’ kende ik wel, maar op dat moment kon ik het nog niet uitspreken. Ik kende geen alternatief woord. Dus stak ik mijn hand uit en zei: ‘Dank je wel’. ‘Wat dank je wel? Komen jullie? Of komen jullie niet?’ Ik

keek naar mijn vrouw [...] ‘O, wat leuk.’ zei ze gemakkelijk, in het Nederlands, tegen René. (Abdolah, 1997:17)

Liggaamlike grense sluit op sy beurt weer aan by die soeke na identiteit. Wanneer René terugkeer van sy fisiese reis – en psigiese soeke na identiteit – merk Bolfazl op dat hy ook ’n fisiese verandering ondergaan het: “Grijs, René kwam grijs terug. Zijn haar was lang geworden. Zijn baard was gegroeid. Zijn wenkbrauwen, ach God, het haar van zijn armen van zijn benen was ook grijs.” (Abdolah, 1997:51) Bolfazl besef dat hierdie fisiese veranderinge ook veranderinge vir René se identiteit inhou. Hy kom tot die volgende gevolgtrekking:

Hij was niet René. Mijn droom was geen bedrog. René kon niet meer terugkomen. Het was iemand anders. Geen Nederlander. Wel iemand van mijn huis. Een grijze man die bij ons hoorde. Een personage uit een verhaal dat ik in mijn hoofd had. Een man uit een verhaal. Een personage uit een ou Perzische mythe. Nee het was René niet, maar de Djaal.” (Abdolah, 1997:52)

4.8 Sirkulerende motiewe

In die roman wend die skrywer verskeie sirkulerende motiewe aan wat onder andere die temas van migrasie en verplasing aanspreek en versterk. Enkele van hierdie motiewe sal nou uitgelig en bespreek word om vas te stel hoe dit bydra tot die wyse waarop die skrywer met die temas van migrasie, verplasing en gender omgaan.

4.8.1 Flesse

Reeds in die titel van die roman word die leser daarop attent gemaak dat die beeld van flesse ’n sentrale rol in die roman speel. Volgens Tresidder (2008:150) simboliseer ’n fles, net soos enige ander houer, die buik van ’n vrou wat geassosieer word met vrugbaarheid. Die flesse kan daarom ook simbolies gesien word as ’n vooruitsig van ’n

nuwe begin wat op Bolfazl wag in sy nuwe tuiste. Die titel van die roman – soos dit later uit die roman blyk – hou verband met die leë flesse of bottels wat Bolfazl se oupa op die solder versamel het. Hierdie flesse het die geheime verklap van die “mans van die huis”, want van elke spesiale gebeurtenis (onder andere verjaarsdae, troues en begrafnisse) het ’n leë bottel as aandenking oorgebly. Na Bolfazl se oupa se afsterwe werp sy ouma al die bottels in die rivier en sodoende begin die reis van die leë flesse. Die flesse word egter nie net as beeld aangewend nie, maar beskik ook oor ’n simboliese waarde. Die flesse word ’n simbool van die dood (en soos later gesien sal word, ’n metafoor vir migrasie). Wanneer Bolfazl se ouma na sy oupa se afsterwe al sy flesse in die rivier gaan werp, maak sy ’n einde aan al die herinneringe wat hy in ’n leeftyd opgegaan het. Nadat René selfmoord pleeg, word sy as ook ironies genoeg in ’n fles geplaas. Die leë flesse word ook ’n metafoor vir die migrant self: ’n leë omhulsel wat eens ’n komplette mens was, word nou deur ’n stroom na ’n onbekende bestemming geneem. Net so kan Bolfazl se herinneringe ook in flesse (hoofstukke) versamel word: “Of een lege fles om de as in te doen. Achter een graf staat altijd een doodgraver. Achter een lege fles een Bolfazl” (Abdolah, 1997:95)

Bolfazl en René drink op ’n aand ’n glasie wyn en kort voor lank lê leë bottels om hul rond. Dit herinner Bolfazl dadelik aan die leë flesse van sy oupa en laat hom besef dat hy nou op die punt staan om sy eie flesse (herinneringe) op reis te laat gaan: “Ik draaide mijn hoofd weg. Ik zag een hoop lege flessen die naast elkaar in het donker stonden. Op het punt te vertrekken om hun reis te beginnen. De reis van de lege flessen.” (Abdolah, 1997:43) Hy is dus simbolies opsoek na herinneringe om in die flesse te versamel, om dit daarna vry te laat as simbool dat hy vrede gemaak het met sy ervaringe.

4.8.2 Pruim en pruimboom

Die beeld van die pruim en pruimboom word regdeur die roman aangewend, en het betrekking op Bolfazl se wortels wat in ’n ander land lê en die feit dat hy opnuut moet wortelskiet. Vrugte dui volgens Cirlot (1981:115) (op die oorsprong van die lewe, asook

aardse plesiere en behoeftes. Die pruim spesifiek simboliseer volgens Tresidder (2008: 152) die volgende in onder andere China: “[...] where the hardy Oriental plum blossoms early, an important symbol both of longevity and of virginity or nuptial happiness”. Die pruimboom word dus ’n simbool van Bolfazl se “maagdelikheid” in sy omstandighede en nuwe tuiste. Daar word in die roman sterk klem gelê op hoe die pruimboom gedurende die verskillende seisoene reageer en hierdie seisoene word gevolglik simbolies van die sirkelgang van die lewe: “De laaste donkerblauwe pruimen moesten we aan ons boompje laten hangen. Die werden door mijn moeder geplukt en in een mand gelegd. Ik mocht de mand naar het graf dragen.” (Abdolah, 1997:18) Daar is in die roman sprake van twee verskillende pruimbome, die eerste verwys na ’n pruimboom in Bolfazl se geboorteland en die tweede na ’n pruimboom in René se tuin. Wanneer Bolfazl in Nederland arriveer merk hy op dat die pruimboom in René se tuin nog geen vrugte dra nie. Hierdie beeld kan simbolies geïnterpreteer word as ’n “vrugtelose” Bolfazl wat eers aan sy nuwe omgewing moet gewoond raak voordat hy kan blom. In die middel van die roman noem Bolfazl dat die pruimboom siek is en dit is gedurende hierdie tydperk wat René weg is. Die pruimboom wat in ’n sieketoestand verkeer, kan nou simbolies dui op René se geestelike sieketoestand.

Die beeld van die pruimboom word ook in een van Bolfazl se drome oor René aangetref (Abdolah,1997:51):

Op één pruim na waren alle vruchten op de grond gevallen. De laaste pruim, donkerblauw, wachtte nog steeds aan de tak. Toen ik op een nacht in bed lag, sloot ik even mijn ogen. Een vogel vloog naar René's boom en ging op de tak zitten. Met zijn snavel kwam hij aan de laatste pruim. De pruim viel. Volgens de Wet van mijn dromen zou René niet meer terugkomen. Als de laaste pruim viel, was het afgelopen met hem. Zo zou mijn moeder mijn droom uitleggen.

Alhoewel René wel die volgende dag terugkeer, het hy reeds ’n simboliese dood gesterf waarop Bolfazl die volgende stelling maak: “Mijn droom was geen bedrog. René kon niet meer terugkomen. Het was iemand anders.” (Abdolah,1997:52)

Bolfazl se herinneringe uit sy kinderdae roep ook assosiasies op van die pruim wat verband hou met die dood: “Die dag trakteerde mijn moeder de mensen op pruimen bij zijn graf.” (Abdolah, 1997:18) Uiteindelik simboliseer die pruim en pruimboom die lewensiklus en kan beide vrugbaarheid en dood simboliseer afhange van die lewensiklus waarin die boom of vrug tans is.

4.8.3 Seisoen

Soos reeds genoem, is die verwysings na seisoene simbolies van die seisoene van die lewe. Tresidder (2008:168) sluit hierby aan: “Like the phases of the moon, the seasons were universal symbols of birth, growth, death, and rebirth, the orderly cycles of nature and of human life”. Seisoene is ook simbolies van grense, verandering, vernuwing en progressie met ander woorde dieselfde ervaring van veranderinge wat met migrasie gepaard gaan. Terselfdertyd hou die verwysings na seisoensveranderinge ook direk verband met geografiese reise: nadat René van sy reis terugkeer, loop hy met somersklere in die Nederlandse winter rond, wat daarop dui dat hy ’n seisoengrens oorgesteek het gedurende sy reis. Die feit dat ’n nuwe hoofstuk telkemale begin met verwysings na ’n seisoen dui op progressie in die roman, byvoorbeeld: “De vogels zongen. De bomen ontwaakten, badden in de regen en deden hun lichtgroene voorjaarskleding aan. Maar de pruimenboom ontwaakte niet.” (Abdolah, 1997:86) Seisoene hou direk verband met ’n lewensiklus en die seisoenmotief dien ook hier as metafoor vir ouderdom: “In de spiegel zag ik ineens een paar grijze haren bij mijn slaap. Nee, de seizoenen konden niet stil blijven staan.” (Abdolah, 197:153)

4.8.4 Voëls

Die omslag van die roman as parateks, waarop drie eende voorkom, kan moontlik op ’n simboliese vlak geïnterpreteer word. Die beeld van die voël word dikwels in die roman aangewend om verskeie simboliese funksies te verrig. Tresidder (2008:15) is van

mening dat voëls onder andere 'n simbool is van vryheid aangesien hulle wissel tussen die hemelruim en die aarde. Voëls is onder andere²⁸ bekend daarvoor dat hulle jaarliks na warmer streke migreer. Bolfazl droom een aand van 'n dooie papegaai wat skielik weer lewe kry. Wanneer daar aan die papegaai gevra word waar hy so haastig heen vlieg, antwoord hy: “Naar huis. Naar huis.” (Abdolah, 1997:23) Die papegaai word gevolglik ook 'n simbool van vryheid en bevryding. Die skrywer speel hier met die binêre opposisies van die menslike siel se gebondenheid teenoor vryheid. Die voël kan terselfdertyd ook verteenwoordigend wees van liminaliteit, omdat die voël hom dikwels tussen twee geografiese plekke bevind en baie tyd in 'n liminale ruimte, die lug, deurbring.

Wanneer Bolfazl se moeder vra, “In welke richting ligt Mekka?” (Abdolah, 1997:27), gebruik René 'n ou windhaan wat vasgeroes is sodat hy permanent in die rigting van Mekka sal wys. Hier word die voël nou 'n rigtingwyser na waar Bolfazl se moeder se wortels lê. Die wind waai later die windhaan los wat dui op 'n simboliese oorgang en uiteindelijke bevryding.

Die voël word ook in die roman deur middel van intertekstualiteit uitgebeeld as 'n mistieke spesie. Daar word verwys na die mite van Pjaal en die voël Simorg wat in die Ooste ontstaan het. Hierdie mite handel oor die voël Simorg wat beter bekend is as 'n feniks. Tresidder (2008:147) verduidelik dat die feniks die bekendste simbool van hergeboorte is. Volgens Cirlot (1981:255) verteenwoordig die rooi kleur van die feniks ook die suksesvolle voltooiing van 'n proses. Hierdie voël het nie net vir 500 jaar geleef nie, maar het ook oor die vermoë beskik om sodra hy sterf geboorte te gee aan 'n nuwe feniks. Vandaar die bekende gesegde: “The phoenix will rise from the ashes”. Hierdie mite word simbolies van die migrant se vermoë om homself te hervestig en te transformeer om by sy/haar nuwe omgewing aan te pas.

²⁸Ander spesies wat jaarliks migreer, sluit ook soogdiere en selfs walvisse in.

4.8.5 Spieël en dood

Foucault (1967:24) erken in sy teorie oor heterotopias 'n “tussengebied” wat voorkom tussen utopië en heterotopias. Dié tussengebied is 'n gereflekteerde of weerkaatsende ruimte. Die beeld van die spieël is die ideale metafoor vir die heterotopiese ruimte, aangesien die spieël ook 'n beeld weerkaats:

But it is also a heterotopia in so far as the mirror does exist in reality, where it exerts a sort of counteraction on the position that I occupy. From the standpoint of the mirror I discover my absence from the place where I am since I see myself over there [...]. The mirror functions as a heterotopia in this respect: it makes this place that I occupy at the moment when I look at myself in the glass at once absolutely real, connected with all the space that surrounds it, and absolutely unreal, since in order to be perceived it has to pass through this virtual point which is over there.

Wanneer 'n beeld in die spieël gereflekteer word, lei dit tot 'n eiesoortige problematiek. Die vraag ontstaan nou: Watter beeld is die werklikheid? Hierdie problematiek kan simbolies wees van die verband tussen die migrant se herinnering en die werklikheid, aangesien herinneringe vervaag en die verlede as't ware deur die migrant herskep moet word.

Die spieël hou verder verband met identiteit in die sin dat dit 'n refleksie van die self is. Die beeld wat jy van jouself sien (fisies en psigies) reflekteer in 'n groot mate jou identiteit. Die spieëlmotief sluit ook aan by die psigoanalise aangesien die spieël verband hou met die drumpel na die onderbewussyn. Dit kan ook dui op waarheid wat nie ontduik kan word nie. Die blik op die hede en verlede kan in verband gebring word met die dood. Bolfazl word byvoorbeeld met sy eie verganklikheid gekonfronteer wanneer hy in die spieël kyk: “In de spiegel zag ik ineens een paar grijze haren bij mijn slaap. Nee, de seizoenen konden niet stil blijven staan.” (Abdolah, 1997:153) Volgens Tresidder (2008:124) word die beeld van die spieël dikwels aangewend as simbool van

selferkenning, opregtheid, verheldering wat algemeen as positief beskou word. Cirlot (1981:211) lê klem op die spieël as simbool van die verbeelding of bewussyn Die beeld van die spieël word ook in *Anderkant die stilte* aangewend en in beide romans word die spieël 'n simbool van selfontdekking vir die onderskeie karakters soos Tresidder verder bevestig: “The philosophical significance of the mirror as a symbol of the self examined life is widespread [...]”. Bolfazl se oupa se hoed hang lank na sy dood steeds aan die kapstok, en die feit dat Bolfazl die hoed oppas, dui op 'n poging van 'n jong seun tot identifisering met sy voorvaders: “Dood. De dood was belangrijker voor ons. Mijn grootvader was lang geleden gestorven, maar zijn hoed hing nog altijd aan de kapstok. Af en toe zette ik de hoed op en ging ik voor de spiegel staan.” (Abdolah, 1997:17) Nie alleen word 'n soeke na identiteit deur hierdie gebaar beklemtoon nie, maar ook die sirkelgang van lewe en dood.

'n Baie interessante aspek van die roman is die feit dat dood as metafoor vir migrasie gebruik word. White (1995:6) se opvatting soos vroeër²⁹ bespreek, manifesteer duidelik in hierdie roman: “One of the commonest uses of migration as a literary theme has actually been as a metaphor of death. An alternative metaphor for migration, is that of awakening or rebirth, relating to the migrant’s transition to adulthood, to modernity, or to real self-discovery”. Die voorafgaande stelling verduidelik waarom skrywers graag van die dood as simbool gebruik maak wanneer migrasie ter sprake kom. Abdolah gebruik veral die dood as simbool van transformasie omdat hy as migrant telkens met verandering gekonfronteer word.

4.8.6 Foto's

Talle verwysings na foto's kom in die roman voor. Foto's is konkrete herinneringe wat nooit vergaan nie – selfs nadat die menslike geheue vervaag het: “Alleen maar wel met de foto's en de herinneringen.” (Abdolah, 1997:59) Met hierdie stelling verwys Bolfazl na René wat alleen woon nadat sy dogter Miranda en sy lewensmaat Moka Moka hom

²⁹ Vergelyk 3.8

verlaat het. Slegs die foto's teen die muur dien as bewys van hulle teenwoordigheid vroeër in sy lewe. René self is 'n kunstenaar en net soos foto's is skilderye ook 'n manier om 'n beeld uit die hede te bewaar vir die toekoms. René se tekort aan artistieke inspirasie kan egter dui op sy onvermoë om herinneringe te skep en vas te vang. 'n Foto is ikonies en terugskouend van hoe iets werklik gelyk het op 'n bepaalde tydstip, terwyl 'n skildery 'n representasie is van 'n spesifieke persoon se persepsie of perseptuele vermoë. Wanneer Henk voorstel dat hy Bolfazl skilder, kan dit op 'n simboliese wyse daarop dui dat Bolfazl uiteindelik 'n nuwe identiteit gekonstrueer het en dat hy nou gereed is om in die Nederlandse samelewing ingelyf te word.

Die verlies aan herinnering en die onvermoë om die verlede te bewaar, kom ook ter sprake: "En ik geloof dat het, het lot van een balling is dat zijn geheugen hem steeds meer in de steek laat." (Abdolah, 1997:60) Met hierdie stelling merk Bolfazl op dat die geheue onbetroubaar is en slegs selektief met herinneringe omgaan, daarom kan die teenwoordigheid van tasbare bewyse soos foto's of skilderye die geheue help om herinneringe op te roep, of te bewaar.

4.8.7 Sluier (Barqa)

Die sluier wat dikwels in die roman ter sprake kom, word tradisioneel deur Islamvroue gedra. Volgens Tresidder (2008:205) dui die sluier op 'n simbool van skeiding, swygsaamheid, beskeidenheid, onttrekking en geheimhouding. Cirlot (1981:359) sluit hierby aan en lig uit dat die sluier dui op die waarheid wat verberg word. Wanneer die sluier weggeneem word, dui dit dan ook op die waarheid wat ontbloot word. Die sluiermotief word by uitstek aan die kultuurgrens gekoppel. Abdolah (1997:21) wend die motief van die sluier aan as 'n simbool van beperking: "Ik verstopte de foto achter de kast. Toen mijn moeder weg was, hing ik hem op in de woonkamer. Mijn moeder, met haar sluier en haar hand die uitgestoken was naar een pruim." Hashim & Manaf (2009:508) is van mening dat streng reëls aangaande die dra van sluiers en ander voorskrifte oor kleredrag vir vroue veral na afloop van die Iranse revolusie geïmplementeer is. 'n Verandering in simboliese waarde van die sluier het dus

plaasgevind: “If in the past, it was regarded as the emblem of the believers’ value, today it is the metaphor of oppression”. Ook hier word daar ’n verband tussen kultuur en geloof getrek: “Mijn moeder was gelovig. Ze had haar eigen principes en keek totaal anders naar de veranderingen in mijn leven.” (Abdolah, 1997:21) Die kultuur van die Nederlanders infiltreer Bolfazl se moeder se geloof op so ’n wyse dat sy nie meer kan bid of haar geloof sonder inmenging kan beoefen nie. Bolfazl se opmerking bevestig hierdie stelling: “Ik kan niets voor haar doen. Soms nam ik haar mee naar een Morokkaanse moskee. Maar het hielp niet. ‘De haan achtervolgt me steeds’, zei ze.” (Abdolah, 1997:33) Die sluier kan ook in die roman dui op tradisie en getrouheid aan kulturele oortuigings soos deur Armstrong (2000:146) vermeld: “But many Muslim women feel that veiling is a symbolic return to the pre-colonial period, before their society was disrupted and deflected from its true course”. Volgens Armstrong (2000:146-147) kan die dra van die sluier ook verdere kulturele verskille uitlig: “The shrouded Islamic body declared that it is oriented to transcendence, and the uniformity of dress abolishes class difference and stresses the importance of community over Western individualism.”

Uit die voorafgaande blyk dit dat verskillende motiewe in die roman aangewend word om spesifieke temas te beklemtoon. Abdolah gebruik verskeie simbole in die roman wat by mekaar aansluit om sodoende migrasie en verplasing as tema te beklemtoon. In die geval van die motief van die voël is gesien dat ’n verband tussen migrasie en geloof getrek kan word. Dus werk die onderskeie simbole as ’n eenheid saam om die temas van mobiliteit, migrasie, geloof en kultuur in die roman uit te lig en tot ’n eenheid te bind.

4.9 Samevatting

In hierdie hoofstuk is daar vasgestel dat *De reis van de lege flessen* onder andere op grond van Kader Abdolah se biografiese agtergrond as migranteliteratuur geklassifiseer kan word. Grense wat in die roman oorgesteek word, is geïdentifiseer as geografiese, taal-, geloof- en kultuurgrense. Die oorsteek van hierdie grense dra by tot die beklemtoning van die tema van migrasie en verplasing. Daar is ook vasgestel dat

Bolfazl se identiteit sterk beïnvloed word deur sy liggaamlike voorkoms, kollektiewe identiteit en die heterotopiese ruimtes waarin hy hom bevind. Verder is daar bepaal dat herinnering 'n deurslaggewende rol speel in die verwerking van verlies. Die belangrikheid van herinnering word deurgaans deur die skrywer beklemtoon terwyl die rol daarvan op die vorming van identiteit ook uitgelig is. Genderbeleving staan in die roman veral op die voorgrond wanneer geloofsgrense oorgesteek word. Bolfazl wat as Moslem aan hoof van die huis staan, word skielik gekonfronteer met 'n situasie waar hy hom nie meer in hierdie magstposisie bevind nie. Daar vind ook 'n skakeling plaas tussen seksuele andersheid en etnies-kulturele andersheid. Laastens is die volgende sirkulerende motiewe in die roman geïdentifiseer: fles, pruim, voëls, geheim, spieël, foto's, seisoen en die sluier. Hierdie sirkulerende motiewe hou almal verband met die oorkoepelende temas van migrasie, verplasing en mag, en word daarom deur die skrywer aangewend om die temas regdeur die roman te beklemtoon.

Hoofstuk 5: *Idil, een meisje*– Yasmine Allas

5.1 Inleiding en kontekstualisering

Idil, een meisje is die volgende Nederlandse roman wat geïdentifiseer is om aan die hand van migrasie en verlies ontleed te word. Hierdie roman is deur die vroulike migranteskrywer Yasmine Allas geskryf. In hierdie hoofstuk sal die biografiese agtergrond van die skrywer ondersoek word om vas te stel watter invloed dit het op die temas van migrasie en verplasing. Volgende sal 'n kort oorsig van die fabula geskets word waarteen die ontleding in die res van die hoofstuk kan plaasvind. Vervolgens sal ondersoek ingestel word na die Islamgeloof om sodoende 'n agtergrond te skep waarteen die gebeure en insidente in die roman beter verstaan en ontleed kan word. Grense wat in die roman oorgesteek word sal geïdentifiseer en ontleed word ten opsigte van migrasie na verplasing. Daarna sal die vreemde ruimtes en die invloed daarvan op Idil se identiteitsvorming ondersoek word. Verlies wat in die roman ter sprake kom, sal uitgelig word en verlieshantering sal bespreek word aan die hand van die rol van herinnering. Laastens sal daar gepoog word om 'n spesifieke genderbeleving in die roman te identifiseer.

5.2 Biografiese agtergrond – Yasmine Allas

Yasmine Allas is in 1967 in die Somaliese hoofstad Mogadishu gebore. Somalië is 'n land waar die Moslemkultuur baie streng gevolg word, maar Yasmine se ouers was die uitsondering. Haar vader probeer haar ten alle koste beskerm teen die vroulike besnydenis wat steeds algemeen in die land toegepas word. Yasmine kan selfs skool toe gaan waar sy in Engels en Italiaans onderrig word. Die moord op haar vadertoe Yasmine Allas slegs 10jaar oud was, tesame met die feit dat sy graag aktrise wil word, motiveer Yasmine om landuit te vlug. Sy bly hierna vir twee jaar aan by familie in Saoedi-Arabië, maar besef gou dat hierdie land selfs minder respek vir vroueregte het. Allas kom in 1987 via België na Nederland en word so deel van die talle Moslem ekspatriate woonagtig in Nederland. Hoewel haar verblyf net tydelik sou wees, ontmoet

sy haar toekomstige huweliksmaat en besluit om in Nederland aan te bly. Hier ontvang sy teateropleiding en neem aan 'n verskeidenheid teaterprogramme en solostukke deel. *Idil, een meisje* is dan ook op so 'n toneelstuk gebaseer. Uiteindelik vind Allas haar vryheid wat sy lankal begeer het in Nederland en verweselik sy ook haar jarelange droom om aktrise te word (Maaiké, 2003:2). Allas is ook 'n aktiewe lid van die Marhaba Organisasie, 'n kulturele en sosiale organisasie met Islamitiese wortels, wat fokus daarop om verskillende Moslemgroepe wat in Nederland woonagtig is met mekaar te vereenselwig. Sy verbreek die stilte oor vroulike genitale verminking as kulturele gebruik onder Islamvolgelingen, en sluit daardeur aan by 'n groep moderne vroulike skrywers wat hul nuutgevonde stem gebruik om 'n stem te gee aan soveel ander Moslemvroue wat aan hierdie wrede gebruik onderwerp word in die naam van Islam. Mulder (2006) skryf dat Allas haar aanvanklike positiewe houding kwyt geraak het:

De laaste jaren neemt ze – en met haar vele anderen – een negatiewe wending in liberaal Nederland waar. Allas neemt geen blad voor de mond en benoemt de problemen. Er wordt niet meer gesproken over het individu 'je', maar over 'jullie, daar', die groep moslims [...]. Allas wil de gehele geloofsgemeenschap van binnenuit hervormen. Ze roept liberale moslims op om een brug te vormen waarover hun kinderen de toekomst kunnen betreden.

Allas gebruik haar posisie as skrywer om lig te werp op die onregverdigde behandeling van Moslemvroue binne uitgesoekte gemeenskappe. Zabus (2003:63) motiveer hierdie tendens onder vroulike Afrika skrywers soos volg: "African women writers are indeed keen to wrest their flesh and body back from various nexuses of power and to partake of the contemporary, femonocentric urge to perceive the lived body as a source of experiential narrative". Moontlik die grootste skakel van mag ("nexuses of power") in hierdie konteks is die kwessie van geloof en spesifiek Islam.

5.3 Fabula

Idil, een meisje vertel die verhaal van die jong meisie Idil wat vasgevang voel binne

haar Moslemkultuur. As enigste dogter is Idil 'n teleurstelling vir haar ouers, aangesien hulle graag 'n seun wou gehad het. Haar eie moeder verwyf haar vanweë die feit dat sy 'n dogter is en haar vader graag 'n seun wou hê om die familienaam voort te sit. Idil se vader is so teleurgesteld dat hy na haar geboorte slegs huis toe kom om te eet en te slaap. Idil vorm 'n baie hegte band met haar tante Mimay wat nooit getroud is nie en wat vir haar 'n sterk rolmodel is. Idil kyk op na Mimay, omdat sy haar as 'n sterk vrou sien wat aan geen man onderdanig is nie. Idil word as jong dogter seksueel misbruik deur Harun – 'n vriend van haar vader – wat deur haar vader aangestel word om haar in die Koran te onderrig. Idil se jeug word selfs meer traumaties wanneer sy op 'n dag kulturele vroulike besnydenis moet ondergaan. Idil word ook volgens kulturele gebruik uit die skool gehaal nadat sy begin menstrueer het aangesien sy nou as volwaardige vrou beskou word en gereed is om te trou, dus is enige verdere onderrig onnodig. Kort hierna word sy in 'n gereëde huwelik geforseer met 'n ander vriend van haar vader, genaamd Zade, wat byna twee maal haar ouderdom is en daarvan verdink word dat hy sy vorige vrou vermoor het. Idil smag daarna om te ontsnap uit hierdie kloue wat in die naam van Islam regverdig word, en haar van haar eiewaarde, menswees en vrye wil ontnem. Idil word nuuskierig oor die moontlikhede wat 'n lewe buite die Moslemgeloof en buite die gereëde huwelik vir haar kan inhou. Sy verhuis saam met haar familie en haar nuwe huweliksmaat na die stad, en alhoewel sy haar in 'n gedwonge huwelik bevind, ontmoet sy hier haar wit buurman op wie sy halsoorkop verlief raak. Vir die eerste keer in haar lewe word haar droom om uit haar omstandighede te ontsnap 'n tasbare moontlikheid. Sy droom daarvan om saam met Maurits na België te gaan, maar voordat hierdie droom bewaarheid kan word, tree die noodlot in en word Maurits deur haar man Zade vermoor. Idil word hierna na 'n inrigting en later na 'n klooster gestuur wanneer sy ontdek dat sy swanger is met Maurits se kind. Sy doop die dogtertjie Mimay as 'n eerbetoon aan haar tante na wie sy nog altyd opgekyk het. Zade dring daarop aan om die kind by haar te neem en Idil besef dat slegs die dood die kind kan beskerm van die onregte wat sy as vrou binne Islam moet deurmaak. Sy besluit daarom om haar babadogtertjie lief te versmoor.

Die roman vertel van Idil se soeke na identiteit en die grense wat sy moet oorsteek in 'n poging om uit haar onderdrukkende omstandighede te ontsnap: "Het was nieuwsgierig, op zoek naar de vrijheid en wilde een eigen leven." (Allas, 1998:29) Die mate waarin die konstruksie van identiteite met ruimte en ruimtelike verplasing verknoop word, staan sentraal in hierdie roman. Soos dit blyk uit die biografiese agtergrond van Yasmine Allas, is dit duidelik dat *Idil, een meisje* baie sterk biografiese elemente bevat en dus as migranteliteratuur beskou moet word. Inhoudelik handel die roman ook oor verplasing. Nie alleen ervaar die hoofkarakter ruimtelike verplasing nie, maar veral ook simboliese verplasing as gevolg van haar psigiese reis na vryheid. Dit wil voorkom of die skrywer se persoonlike ervarings so geïntegreer word met dié van die hoofkarakter Idil, dat dit later moeilik is om onderskeid tussen feit en fiksie te tref. Die skrywer as migrant speel dus, net soos in *De reis van de lege flessen*, 'n baie groot rol in die interpretasie en ontleding van *Idil, een meisje* en moet voortdurend in gedagte gehou word. Vanuit hierdie oorsig kan die hooftemas wat in die roman aangetref word, geïdentifiseer word as: ruimtelike verplasing, geloof, verlies en die konstruksie van identiteite.

5.4 Islam

Die kwessie van geloof, en spesifiek Islam, word as sentrale tema in die roman aangetref. Dit is daarom insiggewend om die oortuigings en ontstaan van Islam na te speur om sodoende die konteks waarin die roman geskryf is, te ontleed en verstaan. Islam is volgens Waines (2003:3) die derde grootste geloof in die wêreld naas Christenskap en Boeddhisme en kan soos volg gedefinieer word: "The word *Islam* means the willing and active recognition of and submission to the Command of the One, Allah. People who practice that are Muslims". Islam het volgens Armstrong (2000:xiii) sy oorsprong gehad in 610 toe die profeet Mohammed die eerste openbarings van die Koran ontvang het. Die Koran is 'n versameling van openbarings van Allah aan Mohammed, soos aan hom oorgedra deur die engel Gabriel. Islam glo net soos die Jode en Christene dat Allah (wat God beteken) die aarde geskape het, en dat hy sal kom om te oordeel in die laaste dae. Sterk klem word regdeur die Koran gelê op die feit

dat Islam nie as 'n nuwe geloof beskou moet word nie. Die volgende stelling van Armstrong (2000:4-5) sluit hierby aan:

Mohammed did not think that he was founding a new religion, but that he was merely bringing the old faith in the One God to the Arabs, who had never had a prophet before. The new sect would eventually be called Islam (surrender).

Dit is egter belangrik om in gedagte te hou dat die Moslemgeloof nie homogeen is nie en verskil van gemeenskap tot gemeenskap, en selfs kultuur tot kultuur. Die tydperk waartydens *Idil, een meisje* geskryf en gepubliseer is, is gekenmerk deur groot onluste in Afghanistan. Vanaf 1996 was die Taliban aanbewind en vroueregte het openlik daaronder gelei. Volgens Aryn Baker (2010:15) is die regeringstelsel veral gekenmerk aan die onderdrukking van vroue. Vroue is verbied om onderrig te ontvang of te werk, hulle is ook gedwing om binnenshuis te bly tensy hul deur 'n manlike familielid vergesel word. Gedurende die Taliban se heerskappy is alle vroue wat verdink is van owerspel, in die publiek gestenig. Bakel (2010:18) vertel in sy artikel van 'n Moslemvrou, Abdul Had Arghandiwal, wat kort na haar troudag op straat aangerand is, omdat sy vergeet het om haar naelpolitoer te verwyder. Hierdie tydperk is ook gekenmerk aan die verbanning van vrouestemme op radio en televisie. Abdul Had Arghandiwal (Baker, 2010:18) het bogenoemde gebruike in Afganistan verdedig deur dit toe te skryf aan Islam: "That is in accordance with Islam and what we want for Afghanistan is Islamic rights, not Western rights". Die tendens dat verskynsels soos oorloë en wreedheid teenoor vroue geregverdig word op grond van Islam, kan toegeskryf word aan fundamentalisme. Armstrong (2000:140) is van mening dat fundamentalisme in alle vorme van geloof waargeneem kan word, tog geniet fundamentalistiese insidente veral deur volgelinge van Islam voorkeur in die media:

The Western media often give the impression that the embattled and occasionally violent form of religiosity known as fundamentalism is a purely Islamic phenomenon. This is not the case. Fundamentalism is a global fact and has surfaced in every major faith in response to the problems of our modernity.

Armstrong (2000:141) is verder van mening dat die emansipasie van vroue in die moderne samelewing een van die hooforsake is vir fundamentalistiese klem op konvensionele genderrolle: “[...] putting women back into veils and into the home”. Die terugkeer na konvensionele rolle is ’n vorm van onderdrukking van vroue in die samelewing. Van den Berg (2006) maak in sy resensie oor Verhofstadt se boek *De derde feministiese golf* die volgende stelling oor die oplewing van ’n derde feministiese golf:

Is die emancipatie van de vrouw in het westen niet klaar? Bij de eerste feministische golf werd er gestreden voor gelijke rechten en stemrecht voor vrouwen. Het ging om juridische gelijkberechtiging. Bij de tweede feministische golf in de jaren 60-70 van de 20ste eeuw ging het met name om seksuele keuzevrijheid en was de inzet maatschappelijke gelijkberechtiging.

Onderdrukking van Moslemvroue in veral die Nederlandse samelewing het gelei tot die oplewing van die sogenaamde derde feministiese golf. Hierdie beweging beywer hul vanaf die jare 90 spesifiek teen die diskriminerende gebruike teenoor vroue binne die Nederlandse gemeenskap. Vooraanstaande skrywers wat onder andere tot hierdie beweging behoort, sluit Yasmine Allas, Ayaan Hirsi Ali en Naema Tahir in.

Allas (2006) skryf self in haar versamelde artikels, *Ontheemd en toch thuis*, juis ook oor die ongelyke posisie van vroue binne Islam. Hierdie artikels is gebaseer op haar eie ervarings as Moslemvrou. Sy betoon ook eer in een so ’n artikel aan die Nederlandse filmmaker Theo van Gogh. Van Gogh is vermoor deur Mohammed Bouyeri op 2 November 2004 (Bell, 2005) nadat Van Gogh ’n 10 minuut lange film met die titel *Submission* vervaardig het, wat handel oor die geweld teen vroue in sekere Islamgemeenskappe. Van Gogh se regterhand gedurende die vervaardiging van *Submission*, Ayaan Hirsi Ali (2010), se biografie herinner sterk aan dié van Allas self. Haar vader het net soos Allas se vader nie die Moslemoortuigings slaafs nagevolg nie, maar hy het wel gepoog om haar in ’n gereëde huwelik in te forseer. Waines (2003:94)

skryf dat dit tradisie is in Islam dat huwelike deur families gereël word, maar dat die keuse steeds by die vrou berus en dat dit haar vrystaan om nie in te stem tot so 'n gereëde huwelik nie. Tog word dit selde gevind dat 'n vrou teen die wense van haar vader sal optree. Ali is verder ook 'n Somaliese migrant wat uiteindelik totaal wegbreek van Islam en kulturele oortuigings wat op haar afgedwing is. Ali word ook met die dood gedreig nadat sy die onderdrukking van vroue binne Islam blootlê deur saam met Van Gogh te werk aan die film *Submission*. Hierdie ooreenkomste ten opsigte van twee Somaliese Moslemvroue se biografiese agtergrond, is bevestiging dat onderdrukking van Moslemvroue wel in spesifieke kulture plaasvind. Alhoewel sulke insidente van geweld nie universeel aan Islam toegeskryf kan word nie, is dit duidelik dat daar wel Moslemgemeenskappe bestaan waar vroue steeds as onderdanig en minderwaardig beskou word, en uitgelewer word aan wrede gebruike en geweld wat dikwels in die naam van Islam geregverdig word.

5.5 Grense wat in *Idil, een meisje oorgesteek* word

Verskeie grense word deur die hoofkarakter Idil oorgesteek, wat verplasing as 'n sentrale tema in die roman aan bod gestel. Daar word melding gemaak van Idil en haar familie wat vanaf die platteland na die stad migreer: "Op een dag kwam mijn vader vroeger thuis dan anders. Hij was opvallend vrolijk en riep iedereen bij elkaar. 'Jongens, we gaan verhuizen naar de hoofdstad.' [...] Over een week verhuizen we." (Allas, 1998:70) Verstedeliking verwys na migrasie vanaf die platteland na stedelike gebiede. Volgens Short (2001:37) kan migrasiepatrone vanaf die platteland na stedelike gebiede bevestig word aan die hand van statistieke:

Cities have been growing in size and number over the past 300 years. In 1800 only about three in every hundred people lived in towns with a population greater than 5000. The population of the world was overwhelmingly rural, living on the land. Cities were small, like tiny pinprick islands in a vast rural sea. There were only a handful of cities with a population greater than half a million. By 1900 almost one in every ten people lived in towns, and the number of cities with more

than half a million increased to twenty. By 1990, of the 5300 million on the planet, four out of every ten lived in towns, and the number of cities with over half a million people had increased to almost 600.

Ekonomiese redes word voorgehou as die hooforsaak van verstedeliking. Idil en haar gesin verhuis dan ook na die stad aangesien dit vir haar vader beter werkgeleentheid bied. Die feit dat Idil en haar familie na die stad verhuis, is juis die katalisator wat Idil in staat stel om die bron van haar nuuskierigheid (’n lewe buite die Moslemgeloof) te ontdek. Idil droom van ’n geografiese reis wat sy saam met Maurits (haar wit buurman) na België wil onderneem. Juis omdat Maurits wit is en nie dieselfde geloof as Idil deel nie, fassineer hy Idil vanaf hul eerste onskuldige ontmoeting op die balkon: “Mij gaat het niet om wat de mensen geloven. Geloof is bijzaak voor mij. Ik was vastbesloten om in contact te komen met deze man.” (Allas, 1998:75) Idil neem die besluit om Maurits beter te leer ken, en beseef dan dat die reis na België saam met Maurits sou impliseer dat sy uiteindelik uit die kloue van die onderdrukkende Moslemkultuur kon ontsnap. Hierdie reis bly egter net ’n droom wat nooit bewaarheid word nie en ’n simbool van vryheid wat onbereikbaar bly vir Idil. Maurits word vermoor en Idil word deur haar familie verwerp en na ’n inrigting gestuur.

In *Idil, een meisje* is daar veral sprake van ’n psigologiese reis wat die oorsteek van psigologiese grense impliseer: “Wie moest ik geloven? Ik wilde kennismaken met de wereld. Er moest een antwoord zijn op al deze vragen. Daarom moest ik op zoek.” (Allas, 1998:42) Die soeke waarna Idil hier verwys, is haar persoonlike soeke na waarheid, vryheid en identiteit. Sy moet die psigologiese grense wat haar kultuur vir haar daargestel het, oorsteek om haarself te vind. Anders as ander Moslemvroue aanvaar Idil nie bloot haar lot nie, maar bevraagteken sy die gebruike en gewoontes van die Moslemkultuur.

Geloof as simboliese grens wat oorgesteek word, is ’n volgende grens wat in die roman aangetref word. Idil voel juis ingehok deur haar geloof en bevraagteken vanaf ’n jong ouderdom reeds die oortuigings wat daarmee gepaardgaan. Idil word as ’n jong meisie

van haar onskuld ontnem deur iemand wat as 'n sterk gelowige beskou word – Harun 'n vriend van haar vader – wat aangestel is om haar in die Koran te onderrig. Idil se bewustheid van haar verlies aan onskuld word bevestig deur haar woorde aan Mimay: “Mimay. Waar is de tijd gebleven dat we jong waren? Waar is de tijd gebleven dat we geen zorgen hadden. Dat we niet bang waren.” (Allas, 1998:23) Hierdie insident is een van vele wat later in Idil se lewe veroorsaak dat sy in opstand kom teen haar geloof en ook haar rol as vrou in die Moslemkultuur: “Ik verwondde mezelf en knipte mijn haar af omdat Ik niet meer mooi gevonden wilde worden door Harun.” (Allas, 1998:35) Dit word sterk binne die Moslemgeloof gekritiseer as 'n vrou haar hare sny. Idil sny dus haar hare af om haar minder vroulik te maak, en dit dien ook as beskermingsmeganisme teen die Moslems wat haar so verwond het. Idil besef dat sy nie wil deel hê aan die Moslemgeloof nie en dat dit vir haar as vrou geen beloning inhou nie: “Wat kon zo 'n geloof voor mij betekenen? Ik wilde zijn wie ik wilde zijn.” (Allas, 1998:27) Sy wil nie soos 'n robot alles slaafs navolg wat deur die samelewing van haar verwag word nie, maar liever self ondersoek instel na wat die waarheid is.

5.6 Vreemde ruimtes en hul invloed op identiteit in *Idil, een meisje*

Idil se konstruksie van identiteite word as die volgende sentrale tema in hierdie roman aangetref. Roald (2005:185) definieer identiteit soos volg:

[...] those factors of a person's or a group's belief-system, nationality, ethnicity and class, educational background, rural or urban background, gender or sexuality which are highlighted at certain periods of time and in certain places in such a way that the various levels of identity are negotiable depending on circumstances.

Vanuit hierdie aanhaling kan drie afleidings gemaak word: Eerstens kan identiteit in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik individuele en groepsidentiteit. Tweedens dat identiteit nie 'n statiese konstruksie is nie, maar telkens herkonstrueer word. Laastens berus hierdie herkonstruksie van identiteite grootliks op die omgewing asook

die omstandighede waarin die individu hom bevind. Susan Stanford Friedman (1996:16-20) identifiseer ses diskoerse waarop identiteitsvorming berus, naamlik: “multiple oppression” (veelvoudige onderdrukking), “multiple subject positions” (veelvoudige onderwerpposisies), “contradictory subject positions” (teenstrydige onderwerpposisies), “relationally” (relasie of verhouding), “situational” (gesitueerde of situasionele) en “hybridity”(hibriditeit). Idil se soeke na identiteit simboliseer ’n soeke na vryheid: “Dat deel was niet zo tevreden met wat ik had. Het was nieuwsgierig, op zoek naar de vrijheid en wilde een eigen leven [...]” (Allas, 1998:29) Dit is vir Idil moeilik om haar eie identiteit te vind in ’n wêreld waar sy omring is deur die voorskrifte wat Islam daarstel. Hierdie aspek sluit aan by die eerste diskoers wat deur Stanford Friedman (1996:16) geïdentifiseer word, naamlik veelvoudige onderdrukking. Veelvoudige onderdrukking behels viktimisasie ten opsigte van ras, klas, geslag, geloof of seksualiteit. Onderdrukking word as die hoofbepaler in identiteitsvorming geïdentifiseer. Idil word ingeperk, nie net deur haar geloof nie, maar ook vanweë die feit dat sy ’n vrou binne die Moslemgeloof is en ook haarself as migrant in ’n vreemde land bevind. Sy word dus veelvoudig onderdruk en vandaar ervaar sy die gevoel dat sy geen vryheid het nie. Idil wil wegbreek uit die simboliese hok wat haar geloof daarstel, en die stereotipering van die vrou wat daarmee gepaard gaan: “Ik was moe van het zoeken naar mezelf, moe van de ontevredenheid. Moe om altijd ongelukkig te zijn. Het leek overal beter dan hier. Ik was geobsedeerd door iets wat ik zelf niet kende, liefde, vrijheid, zelfstandigheid.” (Allas, 1998:69) Onderdrukking word veral in die roman beklemtoon deur die stiltemotief wat in die roman aangetref word. Stille verwys na die afwesigheid van ’n stem. As Moslemvrou word Idil van haar stem of eie wil ontnem. Sy moet onderdanig wees aan die mansfigure wat volgens kulturele Islamoortuigings haar meerdere is. Daar word ook simbolies met hierdie onderdrukking van die stem van Moslemvroue omgegaan in die roman: Idil word gemarginaliseer vanweë die feit dat sy hinkel: “Ik werd gepest op school. Ze vonden me dom omdat ik stotterde en daardoor werd ik nog verlegener. Ik raak totaal in mezelf gekeerd.” (Allas, 1998:28) Die woord *stille* roep dadelik konnotasies van eensaamheid en verlange op. Stille dui ook op verlies van gehoor, dus word daar ’n verband getrek tussen stille en die tema van verlies. In die artikel *Acquiring Body: Waris Dirie, Infibulation, and New African Female Self-Writing* vertel Zabuz (2003:67) die

verhaal van Waris Dirie, 'n Somaliese vlugteling wat as jong dogter blootgestel is aan kulturele vroulike genitale verminking, duisende kilometers deur die veld aflê as 'n kameelopper, deur haar neef Guban verkrag is, weggehardloop het en haar uiteindelik bevind het as 'n top loopplankmodel in New York. Zabus bespreek die verkragtingstoneel, soos Dirie self in haar outobiografiese skrywe *Desert Dawn* beskryf, en meld die volgende simboliese konnotasie wat met stilte verband hou:

In the rape scène, revisited in *Desert Dawn*, the silence is forced upon her by Guban putting his hand over her “little mouth” which is also her nickname, “Afdokle, Little mouth” (Dirie, 2002:69) and is therefore part of her early identity. From age four onwards, her lips are sealed. Faced with her mother’s silence around Guban’s violation of her bodily integrity, Waris Dirie concludes: “If you aren’t allowed to talk about sex, you better sew the girls shut because then, like me, they won’t know what is happening to them” (Dirie, 2002:166). Infibulation thus functions as a twisted form of sexual education and as a bodily imposition of silence around a taboo subject. A sown vagina is the bodying forth of sealed lips, with the silent complicity of the mother. Mum is definitely the word.

Weereens kan daar nie veralgemeen word deur die aanname te maak dat hierdie onderdrukking in alle Islamgemeenskappe aangetref word nie, tog kan dit ook nie ontken word dat die volgelinge, of diegene wat weggebreek het van Islam, stilgemaak of stilgehou word oor die gebruike in Islam nie. 'n Voorbeeld hiervan is die moord op Theo van Gogh nadat dat hy wrede gebruike en onderdrukking van vroue in die naam van Islam, ontbloed het. Deur die film *Submission* het hy juis daarna gestreef om aan die stemloses 'n stem te gee, en die onderdrukkers bloot te stel aan die samelewing om sodoende die onderdrukktes te bevry. Die onderdrukking waaraan Idil in die roman blootgestel word, kan dus positief geïdentifiseer word as 'n hoofbepaler in haar konstruksie van identiteite.

Ten spyte daarvan dat Idil veelvoudig onderdruk word, vorm veelvoudige subjekposisies – die tweede diskoers soos deur Stanford Friedman (1996:17) geïdentifiseer – ook deel

van haar identiteitsvorming. Hierdie diskoers ontstaan vanuit die vertrekpunt dat 'n persoon hom/haarself terselfdertyd in beide 'n mags- en onderdrukte posisie kan bevind. Alhoewel Idil meestal as onderdrukte geïdentifiseer kan word, bevind sy haar aan die einde van die verhaal in 'n magsposisie waar die finale besluit by haar berus of sy haar eie kind se lewe gaan neem of nie. Sy neem die besluit om wel haar dogter se lewe te neem, om haar sodoende te beskerm teen die onderdrukking waaraan sy self onderwerp was as Moslemvrou in haar gemeenskap: "O God, waarom hebt U mij een meisje gegeven? Ze zullen haar martelen, verkrachten en vernederen omdat dat in de koran staat. Ze hebben alles van me afgepakt en nu willen ze mijn kind. Hoe kan ik haar beschermen?" (Allas, 1998:127)

Die derde diskoers waarop identiteitsvorming volgens Stanford Friedman (1996:17) berus, is teenstrydige subjekposisies. Volgens hierdie diskoers kan vroue gelyktydig onderdruk word op grond van een aspek van hul identiteit (byvoorbeeld geloof) en terselfdertyd bevoordeel word op grond van 'n ander aspek (byvoorbeeld ras, klas of geslag). Hierdie teenstrydigheid kom veral in *Idil, een meisje* na vore ten opsigte van die behandeling van vroue op grond van die geslag van die nageslag wat hul baar: "Vier vrouwen had hij. Zijn eerste vrouw kreeg twee meisjes, zijn tweede baarde ook een meisje. Maar zijn derde vrouw, jouw oma, kreeg jouw vader. Zij werd de hemel in geprezen. De andere twee moesten voor haar werken." (Allas, 1998:9) Stanford Friedman (1996:18) is van mening dat identiteitskonstruksies nie onder die eenvoudige hofies van mag en magteloosheid gegroepeer kan word nie:

This kaleidoscope of contradictions emphasizes the interplay of power and powerlessness along different axes of alterity and suggests that the global distributions of power do not fall into two fixed categories of power and powerlessness.

Idil se tante Mimay is 'n uitstekende voorbeeld van 'n identiteitskonstruksie wat terselfdertyd op mag en magteloosheid berus. Mimay is steeds 'n Moslem en word in haar gemeenskap as magteloos beskou vanweë die feit dat sy 'n vrou is. Tog neem sy

in 'n mate 'n magsposisie in deur die besluit te neem om nie in die huwelik te tree nie, en sodoende nie aan 'n man onderdanig te wees nie. Sy word 'n simbool van magteloosheid op grond van haar kultuur en geloof, én 'n simbool van mag (veral vir ander Moslemvroue) ten opsigte van haar huwelikstatus.

Idil se konstruksie van identiteite word reeds op 'n vroeë ouderdom beïnvloed deur haar tante Mimay: "Ik wilde zoals tante Mimay worden. Hoewel de meeste mensen niet op haar gesteld waren. Ze vonden haar eigenwijs, ze had geen respect voor mannen. Ze was koppig en had een sterke wil." (Allas, 1998:12) Idil beskou Mimay dus as 'n rolmodel vanweë die feit dat sy aan geen man onderdanig is nie (’n eienskap wat nie noodwendig waardeer word as jy 'n vrou binne die Moslemgeloof is nie). Die feit dat Idil se konstruksie van identiteite beïnvloed word deur ander, sluit aan by Stanford Friedman (1996:18) se vierde diskoers wat behels dat een aspek van identiteit in verhouding of relasie tot ander staan. Daar kan ook afgelei word dat Idil se identiteitsvorming in noue verband staan met die genderkwessie, en dat haar identiteit nie onafhanklik hiervan kan ontwikkel nie. Die vrou in die Moslemkultuur vervul 'n spesifieke rol deur onder andere onderdanig te wees aan haar man en ook geen onderrig te ontvang nie. Idil het 'n voorliefde vir lees en spesifiek die lees van literatuur wat nie noodwendig in haar kultuur en geloof goedgekeur word nie. Dit dui op 'n hunkering om haar abstrakte denke te ontwikkel buite die perke wat vir haar daargestel is deur haar geloof en kultuur. Haar nuuskierigheid stel haar dus in staat om haar identiteit te ontwikkel en konstrueer.

Die vyfde diskoers wat deur Stanford Friedman (1996:19) geïdentifiseer word, behels dat identiteitsvorming berus op grond van die situasie waarin 'n persoon hom bevind:

[...] while the person's identity is the product of multiple subject positions, these axes of identity are not equally foregrounded in every situation. Change the scene, and different, relevant constituents of identity come into play.

Verplasing en reis word hier in verband gebring met die konstruksie van identiteite. Idil bevind haarself as gevolg van fisiese en simboliese verplasing in vreemde of anderste ruimtes wat haar identiteitskonstruksie op 'n bepaalde tydstip beïnvloed. Idil word regdeur die roman gemarginaliseer: Eerstens omdat sy 'n dogter is terwyl haar ouers graag 'n seun wou gehad het. Tweedens omdat sy as vrou in die Moslemgeloof 'n wil van haar eie het, en nie volgens die voorskrifte wat vir haar daargestel is, lewe nie. Laastens word sy finaal gemarginaliseer wanneer sy deur haar ouers en samelewing verwerp word omdat sy aan 'n wit kind geboorte geskenk het. Die inrigting en klooster waarin sy haarself bevind, word nou bevestiging van Idil se lewe as buitestander.

Abstrakte ruimtes word ook in die roman aangetref wat 'n invloed het op Idil se identiteitskonstruksie. Die droommotief wat in die roman aangetref word, kan as een abstrakte ruimte geïdentifiseer word: “De mensen dromen wat ze zijn. Het hele leven is een droom en zo had je moeder gedroomd dat ze een zoon zou krijgen.” (Allas, 1998:23) In hierdie roman dien die droommotief vir Idil as 'n ontsnapping uit die werklikheid. Die persoon wat droom kan deur middel van droom (hetsy fisies droom, of droom in die sin dat hy hoop vir dinge in die toekoms) vir homself 'n totaal ander werklikheid skep. De Vries (2003) noem self oor sy bundel *Tot verhaal kom* (waarin die droommotief sterk figureer), dat dit die besef van die gewoonste dinge, die misterie en die **droomstof** is wat die bron is vir sy verhale: “By my is daar 'n telkens terugkerende, baie basiese ‘wakende droom’”. Die droommotief roep ook konnotasies met die Surrealisme op, wanneer 'n mens droom is jy in 'n ander stadium van bewustheid. Dit is hier in jou onderbewuste waar die mens volgens Sigmund Freud al die dinge waarna jy onbewustelik hunker, stoor – hetsy heimwee of verlange of nostalgie na die verlede wat verlore is of onbereikbaar is. Dit is dan ook op hierdie wyse wat die droommotief by die hooftema van *verlies* aansluit. Nadat alles verlore is, kan die mens steeds vasklou aan sy drome, hetsy drome uit die verlede of drome oor die toekoms – die hoop dat dinge sal terugkeer na hoe dit was. Droom beteken ook illusie, dus kan dit ook verwys na die stryd om te onderskei tussen waarheid en droom – hoe dit was en hoe dit nou is en hoe jy wil hê dit moet wees. Idil droom van 'n oorsese reis saam met Maurits, wat vir haar 'n nuwe begin, vry van onderdrukking en pyn, sal beteken.

Die volgende abstrakte ruimte wat aangetref word, is die see. Volgens Tresidder (2008:168) kan die see op verskeie simboliese vlakke geïnterpreteer word. Eerstens word dit in baie tradisies as 'n bron van lewe beskou wat onuitputbaar en vol moontlikhede is. Tweedens simboliseer dit ook transformasie en hergeboorte. Dit is 'n simbool van wysheid en word dikwels in die sielkunde aangewend as 'n simbool van die onderbewuste. In die geval van Idil word die see 'n metafoor vir haar gemoed: "De nacht droomde ik dat ik in zee zwom. De zee was rustig, totdat er agressieve golven kwamen die mij meenamen. Iedereen zag het en niemand durfde helpen. Ik werd gillend wakker." (Allas, 1998:81) Idil noem ook dat sy, net soos Hanna, nog nooit voorheen die see gesien het nie. Dit dien dan ook as katalisator vir die onderskeie keuses wat hul moet neem: "Moest ik meegaan of thuisblijven? De nieuwsgierigheid won. Ik had nog nooit de zee gezien." (Allas, 1998:50) Idil besluit om ten spyte van die feit dat Zade saamgaan see toe, tog te gaan omdat sy nog nooit die see gesien het nie. Haar drang om die onbekende te verken, neem dus die oorhand en Idil vertrek op hierdie ontdekkingsreis:

Het water gaf me het gevoel of ik verdrank en meegezogen werd door de oneindigheid van de zee. Ik voelde me zo licht als een pluisje. Wat een genotsgevoel gaf deze gigantische vlakke, met die angstaanjagend eindeloze diepten [...] Ik wou dat ik naar de bodem van de zee kon duiken, dat ik van oceaan naar oceaan kon zwemmen. (Allas, 1998:53)

Die laaste diskoers wat deur Stanford Friedman (1996:20) geïdentifiseer word, is hibriditeit. Hibriditeit berus op beweging deur verskillende kulture en die gedagte dat identiteit 'n produk van kulturele enting is. Iets word dus uit elke kultuur waarmee jy in aanraking kom, geneem en by jou eie konstruksie van identiteite gevoeg. In Hoofstuk 2 is daar aangevoer dat een kultuur nie in isolasie van ander kulture kan ontwikkel nie, veral tydens die proses van kolonialisme. Net so kan die argument gevoer word dat individuele identiteit nie in isolasie van kulturele, nasionale, etniese, gender of religieuse identiteit gevorm kan word nie. Noudat Idil met die Westerse kultuur in aanraking kom,

is dit onafwendbaar dat sy ook in 'n mate hierdeur beïnvloed sal word. Roald (2005:184) is van mening dat identiteit verdeel kan word in groeps- en individuele identiteit. Individuele identiteit word gekonstrueer uit onder meer jou persoonlikheid, fisiese en intellektuele eienskappe, terwyl groepsidentiteit berus op sosiale groepe soos byvoorbeeld ras, klas, gender en geloof. Warhol-Down (2008:3-4) skryf dat geen identiteit (hetsy individuele- of groepsidentiteit) 'n statiese konstruksie is nie, maar eerder aangepas en verander word na aanleiding van omstandighede en situasies waarin 'n individu of groep hul bevind: “Just as gender and sexual identity are performative – constituted by individuals’ continually repeated enactment of sets of gestures, styles, habits, phrases, and looks – so are cultural, racial, and national identity performative rather than foundational or fixed”. Groepsidentiteit hou veral verband met ruimte. Daar kan byvoorbeeld beweer word dat 'n individu gemakliker sal wees om 'n spesifieke aspek van sy/haar identiteit uit te leef of op te voer, wanneer hy/sy deur ander individue omring word wat tot dieselfde groep behoort. Net so kan aspekte van identiteit onderdruk word wanneer 'n individu fisies verwyder word vanuit 'n groep (soos in die geval van migrasie), maar steeds tot so 'n groep behoort (byvoorbeeld Islam). Roald (2005:184) werp lig op die unieke dilemma waarin Moslemvroue in Europa hul bevind:

On the one hand, there is the traditional identity of being a Muslim woman. This traditional identity is linked to both the home country and to the sacred text conveyed through the mediators of the text (the interpreters of the Koran and the hadiths³⁰, and the Islamic scholars). On the other hand, the Muslim woman is faced with a modern construction of female individuality that is independent of traditional biological and social roles. This process requires the individual to define her values and to choose the social model, whether Islamic or Western or a blend of the two, that she wishes to conform to according to her needs and priorities.

³⁰ Die *Oxford advanced learner's dictionary of current English* (2005:667) definieer die term *hadith* as “a text containing things said by Mohammed and descriptions of his daily life, used by Muslims as a spiritual guide”.

Twee aspekte wat na aanleiding van hierdie aanhaling op die voorgrond van Moslemvroue in Europa se identiteitsvorming staan, is geloof (Islam) en migrasie. Geloof word beskou as deel van groepsidentiteit, maar volgens Roald (2005:184) kan geloof ook op individuele identiteit van toepassing wees: “Religious identity can therefore be said to manifest itself in different ways – at the level of group identity, individual identity or both – depending on how religious sentiments are defined”. Hierdie stelling sluit aan by die unieke dilemma waarin Moslemvroue in Europa hul bevind. Vir hierdie Moslemvroue vorm geloof nie net deel van ’n groepsidentiteit of ’n groep waartoe hul hoort nie, maar vanweë die feit dat hul migrante in ’n vreemde land is, berus hul individuele identiteit ook sterk op die kwessie van geloof. Hul individuele oortuigings moet nou in ’n Westerse gemeenskap uitgeleef word, ver verwyderd van hul Mekka.

5.7 Verlies, verlieshantering en die rol van herinnering

Verskeie vorms van verlies word in *Idil, een meisje* aangetref. Die eerste vorm van verlies, is Idil se emosionele verwydering van haar ouers en veral haar vader: “Ik wilde papa graag als papa zien [...]” (Allas, 1998:13) Idil beskryf onder meer haar vader se kamer as ’n heterotopiese ruimte – ’n hospitaal: “De deuren waren crèmekleurig en de muren wit. Ook al zijn beddegoed was wit. Vaak zat ik op papa’s kamer als hij niet thuis was. Dan had ik het gevoel alsof ik een ziekenhuis bezocht.” (Allas, 1998:12) Die kliniese omgewing van haar vader se kamer dui op die afwesigheid van sy emosionele betrokkenheid. Verder kom die verlies van lewe (in die vorm van simboliese dood) ook ter sprake. Idil se moeder ervaar so ’n simboliese dood wanneer sy besef dat sy ’n dogter in die wêreld gebring het en nie ’n seun nie: “Ze wilde geen licht meer zien. Ze wilde geen buitenlucht. De ramen, de gordijnen en de deuren, alles dicht. We leefden in een graf [...]” (Allas, 1998:24) Haar lewe soos sy dit geken het en daarvan gedroom het eindig daardie dag waarop Idil gebore word. Hierdie simboliese dood is ook verteenwoordigend van Idil se moeder wat haar nou in ’n magtelose posisie bevind.

Verlies figureer sterk in die roman ten opsigte van die liggaamlike. Idil word as jong meisie besny volgens kulturele en geloofsgebruike: “Mijn schaamlippen zijn weggesneden, mijn clitoris is weggehaald. Alles is daarna dichtgenaaid, er werd een piepklein tunneltje opengelaten. Overal kleefde mijn bloed.” (Allas, 1998:38) Vroulike besnydenis word volgens Louw & Edwards (2003:478) ook vroulike genitale verminking genoem en verwys na praktyke wat, onder andere, die chirurgiese verwydering van die klitoris (klitoridektomie) insluit. Drie tipes vroulike genitale verminking kan geïdentifiseer word: eerstens sunna, wat ’n gedeeltelike klitoridektomie behels. Tweedens uitsnyding, wat verwys na ’n klidektomie en gedeeltelike verwydering van die labia minora, en laastens infabulasie, wat verwys na die verwydering van die klitoris, labia minora en labia majora. Die twee gedeeltes van die vulva word dan aanmekaar gewerk met sy of snare en dikwels aan mekaar gehou met dorings. Slegs ’n klein opening word gelaat vir menstruele bloed en urine. Laasgenoemde infabulasie is dan ook die vorm van besnydenis waaraan Idil onderwerp word.

Die oorsprong van vroulike genitale verminking is volgens Bartels (2004:396) moeilik om vas te stel. Hy meld dat talle gemeenskappe waar die praktyk toegepas word Islamities is, en dat vroulike genitale verminking geregverdig word op die grond van geloofsoortuigings. Vroulike genitale verminking word ook telkemale as argument teen Islam voorgehou deur die Westerse beskawing. Dit is egter nie die geval dat alle lande waar Islam beoefen word, vroulike genitale verminking implementeer nie.

On the contrary, the research of Hoffer into Muslim immigrants and their attitudes towards physical integrity shows that the more orthodox Muslim immigrants are, the more they are against the circumcision of females in whatever form. Christians in areas where the circumcision of females occurs also practise the custom. In view of this, we must ask ourselves “where does this custom come from?” (Bartels, 2004:396)

Terwyl daar baie inligting beskikbaar is oor manlike besnydenis en die oorsprong daarvan, is daar min kennis oor die oorsprong van vroulike genitale verminking. Bartels

(2004:397) is van mening dat besnydenis lank voor die koms van beide Islam en Christenskap reeds beoefen is:

Most researchers assume that the custom began in Egypt. In pointing to Egypt as the country where circumcision began, reference is made to archaeological data and written history. On reliefs found there, dating from the time around 2200 BC, male circumcision is depicted. These sources for other parts of Africa do not go back as far in time. It can therefore not be excluded that circumcision developed in other areas of Africa 'independently', perhaps even earlier than in Egypt. Theoretically it is even possible that circumcision began elsewhere in Africa and was adopted by the ancient Egyptians. Historical evidence about the practice of circumcision of women is even harder to come by. The oldest indications of its occurrence are from the fourth century BC. Research conducted on a female mummy from the sixteenth century BC established that an excision had taken place. The popular view that the pharaohs or kings in ancient Egypt had their women infibulated in order to prevent them from committing adultery when they were away was not confirmed by these findings. This single discovery revealed only excision. The relationship between excision and the attempt to keep a rein on female sexuality is different from the relationship between infibulation, or pharaonic circumcision, and the attempt to keep a rein on female sexuality. Infibulation makes it impossible for intercourse to take place. Excision probably prevents women from reaching sexual orgasm, but it does not remove their feelings of sexual arousal. In any case, it is clear that the circumcision of girls has been practised for more than 3,000 years in some form or other mainly in Africa. During these 3,000 years, enormous social and cultural changes have occurred. Nevertheless, this custom has not disappeared. It is clear that the custom was practised long before the arrival of Christianity and Islam.

Volgens Waines (2003:30) kan vyf pilare geïdentifiseer word, wat teenwoordig moet wees in die lewe van 'n Moslem. Hierdie vyf pilare sluit die proses van vas (sawm/siyam), die lewering van getuienis (kalima) die onderneming van 'n pelgrimstog

(hajj) na Mecca, die gee van aalmoese (zakat) en toewyding aan gebed (salat) in. Dit is duidelik dat die proses van besnydenis nie opgeneem is in die fundamentele oortuigings van Islam nie. Die tendens kan daarom eerder 'n kulturele verskynsel as 'n geloofsverskynsel genoem word.

Vroulike genitale verminking word toenemend as tema in die literatuur aangewend. Elizabeth Bekers (2003:50) onderskei, op grond van Lloyd Brown se teorie, drie generasies of kategorieë van skrywe wat handel oor vroulike genitale verminking. Die eerste generasie verwys indirek na vroulike genitale verminking en is huiwerig om kritiese uitlatings oor die praktyk te maak. Post-onafhanklike Afrika skrywers van die 1970's en 1980's hoort tot die tweede generasie skrywers wat gekenmerk word deur direkte protes:

[...] they do not consider the excised woman's suffering an essential part of her rite of passage, nor do they politicize it into a catalytic factor in the colonial conflict [...]. Instead, they sharply condemn the practice from a feminist perspective. Writing in the context of the UN women's decade, they take direct issue with the negative consequences of the practice, as well as the phallographic gender politics of the excision-practicing societies [...]. Unlike their predecessors, the second generation of authors does not pass over the surgical procedures in silence but unambiguously constructs the practice as a lasting corporeal and psychological mutilation. (Bekers, 2003:50)

Die derde en laaste generasie bestaan hoofsaaklik uit vroue wat in die Afrika diaspora leef en deur hul ervaring rakende vroulike genitale verminking, getuig van die groeiende internasionale besorgdheid vir vroueregte oor die algemeen:

The cultural significance of excision is clearly subsidiary to the feminist or human rights agenda of the third-generation writers [...]. Still, by introducing the West as a point of comparison and presenting exile (to the West) as a solution, these and other third-generation authors complicate their rejection of excision and risk

alienating African audiences [...]. Although the writers do not necessarily describe excision in more negative terms than their immediate predecessors, by formulating their comments on excision in an inter-cultural context, they can more readily be accused of racism or neo-colonialism. (Bekers, 2003:53)

Allas se skrywe behoort by uitstek tot die derde generasie skrywers. Alhoewel sy steeds Moslem is, lê sy vroulike genitale verminking bloot in die hoop om ander daarvan bewus te maak, en sodoende ander Moslemdogters op die lange duur te beskerm teen hierdie gebruik.

Vroulike besnydenis gaan meestal gepaard met rituele as deel van die toetredingsproses tot die volwasse lewe. Die inkorporering van die beskrywing van die vroulike besnydenis in *Idil, een meisje* sluit dus aan by die tema van verplasing (inlywing) en identiteit. Grosz (1995:34) verduidelik dit soos volg: "Ritualistically inscribed scars and incisions become the marks of one's social location and position, creating a (provisional) fixity from the flux of the body's experiential intensities". Idil dra die fisiese letsels wat deur ander aan haar toegedien is met haar saam en dit word 'n bevestiging van wie sy is en wat sy moes verduur om daar te kom. Die oorsaak van Idil se skending verskil van die van Hanna in *Anderkant die stilte* ten opsigte van die feit dat Hanna uit blote wreedheid geskend word, terwyl Idil volgens geloofsoortuigings besny word. Louw & Edwards (2003:479) meld dat redes wat deur gemeenskappe aangevoer word vir die uitvoer van die prosedure, verband hou met religieuse, kulturele, mediese en morele argumente en kom dan tot die volgende gevolgtrekking:

Dit is egter duidelik dat die hoofrede vir vroulike genitale verminking is om meisies van seksuele genot te weerhou en sodoende die kans vir geslagsgemeenskap te verminder. Dit beskerm die familie-afkoms deurdat daar sodoende gesorg word dat die meisie 'n maagd is wanneer sy trou en dat haar kinders ook die van haar man is. Feministe beskou die prosedure en opvattinge wat dit omring as net nog een van die talle maniere wat mans gebruik om vroue

se vryheid in te perk en hulle te beheer. Feministe voer aan dat talle opvattinge verkondig word ten einde die vrou onder die man se beheer te hou [...].

Bekers (2003:45) verduidelik dat die gebruik van die vroulike besnydenis in literatuur, nooit slegs na die gebruik as blote aksie verwys nie, maar dat dit altyd wyer kwessies aanraak: “They never simply deal with the practice in its own right but use it to explore broader social-cultural issues, such as (de)colonization, national repression, misogyny, feminism, human rights, globalization”. In hierdie geval word dit aangewend om die wrede onderdrukking van vroue binne Islam te beklemtoon en sterk klem word gelê op magsverhoudings. Idil ervaar hierdeur ook ’n verlies aan eie wil. Sy het geen keuse of sy die besnydenis wil ondergaan nie en die blote feit dat sy as meisie binne die Moslemgeloof gebore is, ontnem haar die vryheid om oor die lot van haar eie liggaam te besluit. Idil word besny om te verseker dat sy eendag haar rol as onderdanige en gehoorsame vrou binne die Moslemgemeenskap kan verrig. Indien sy nie besny is nie, sal sy nie as ’n geskikte huweliksmaat beskou word nie en dus nie haar funksie om onderdanig aan ’n man te wees en vir hom kinders te baar, verrig nie: “Dit is leed waar iedere vrou doorheen moet. Nu zul je het niet begrijpen, maar je zult ons later dankbaar zijn. Dit is de wens van iedere man.” (Allas, 1998:39) Vroue in die Moslemgemeenskap word tradisioneel eers na besnydenis as ’n volwaardige vrou gesien. Hierdie insident word dus vir Idil (net soos ander Moslemvroue) ’n inisiasieproses. Bekers (2003:47) sluit aan by hierdie drempelervaring: “The discursive point of departure of these literary explorations is the traditional function of female genital excision as a rite of passage, or, as a ‘life-crises ritual (marking) the transition from one phase of life or social status to another’”. Besnydenis word dus ’n liminale ervaring vir die individu wat deur die proses gaan, soos deur Mbiti (1999:132) beskryf:

That these initiation rites are extremely important in traditional life needs no further emphasis. If they are to die out, they will die a long and painful death. They are at the middle of life for the individual concerned, not only because they coincide often with puberty changes, but because they close a whole phase of life, childhood in the broad sense of the word, and open up a new and whole

phase of life, adulthood with all its implications. Because of this radical change, many African societies mark the occasion with a dramatization and physical/psychological experiences that are hard for the individual to forget.

Idil se besnydenis word ook 'n fisiese simbool van die trauma wat sy in haar lewe ervaar het. Bekers (2003:51) noem dat skrywers dikwels die fisiese letsels aanwend as simbool van die psigiese letsels wat die karakter dra: "In fact, the authors of this generation present their characters' life-stories as endless concatenations of pain, in which the excision knife or the bleeding excision wound appear as harrowing motifs illustrating the women's deep traumatization". Die teenwoordigheid van die spieël as sirkulerende motief in die roman dui op 'n simbool van selferkenning, opregtheid en verheldering. Idil wil graag na haar besnydenis haarself in die spieël aanskou: "Ik zou graag voor de spiegel willen staan om mezelf helemaal te bekijken. Zou ik mezelf wel herkennen? Ik zou mezelf graag willen voelen." (Allas, 1998:39) Hierdie behoefte om haarself in die spieël te bekyk, word ook by Hanna gevind (Brink, 2002:29):

Dit is toe sy voor die lang spieël op die tweede verdieping verbykom dat sy haar weerkaatsing gewaar. Sy gaan haal 'n kers in haar kamer en kom terug om te kyk, vir die eerste keer in drie jaar, sewe maande en dertien dae. Na haar gesig. Daarna die res van haar lyf, helpad tot onder. Alles waarna hulle ooit gekyk het en wat sy nou moet waag om ook te beskou. Wat gebeur het, het haar uiteindelik vrygestel om te kyk.

Nadat die onderskeie karakters hulle eie liggame in die spieël aanskou het, verdiep hul selfondersoek en kan die aanvaardingsproses begin. Die spieël dien dus as katalisator van die verwerking van liggaamlike verlies en trauma. Idil word nie net deur die insident getraumatiseer nie, maar dit dra by tot die feit dat sy haarself en haar rol in haar samelewing bevraagteken en of sy enigsins deel wil hê daaraan. Hierna stel sy 'n string vrae aan Mimay (Allas, 1998:39) waarin haar vertwyfeling en bevraagtekening duidelik word:

Hoe voelt het om een mens te zijn? Hoe voelt het om een vrouw te zijn?
Zou God dat zo gewild hebben? Zou ik gelukkig zijn als ik een man was?
Waarom is een islamitiese meisie minder dan een man? Is het waar dat
een vrouwe gemaak is uit die rib van een man? Bestaan vrouwe alleen
maar voor die genot van die man en die voortplanting?

Hierdie string vrae lei ook dan na die volgende punt onder bespreking, naamlik genderbeleding.

5.8 Genderbeleding

“Deze wereld is een mannenwereld.” (Allas, 1998:68)

Die kwessie van gender word vroeg reeds in *Idil, een meisie* geopper, wanneer Idil se tante Mimay aan haar die geskiedenis van haar oupa vertel. Sy lê veral klem op die feit dat hy die enigste seun van sy vader was en hoe vroue binne die Moslemgeloof gemarginaliseer word bloot vanweë die feit dat hul vroulik is: “Ze dachten te weten hoe ze jongens konden maken, maar de teleurstelling was enorm toen ze na hem vier meisjes kregen. Een jongen was niet genoeg voor je opa. Er moest er nog een komen.” (Allas, 1998:9) Binne die Moslemgeloof is dit uiters belangrik dat daar ’n seun in die gesin gebore word sodat die nalatenskap van die vader kan voortbestaan. Net soos in *De reis van de lege flessen* word die verskillende vorme van genderbeleding binne die Moslemgeloof duidelik uitgelig. In *De reis van de lege flessen* word dit beklemtoon dat Bolfazl nie saam met die vroue hoort nie, terwyl daar in *Idil, een meisie* beklemtoon word dat Idil tussen die vroue hoort: “Gaan maar naar je moeder, meisjes horen bij hun moeder.” (Allas, 1998:13) Dit word ook duidelik dat die vrou se rol slegs is om onderdanig aan haar man te wees en hom te dien: “Want deze wereld is voor God en voor de mannen. Mijn geloof heeft mij geleerd dat ik mezelf niet gelijk kan stellen aan een man. Vrouwen bestaan alleen maar voor het genot.” (Allas, 1998:13) Genderstereotipering kom dus ook hier ter sprake, aangesien dit die vrou se plig is om die huishouding te onderhou: “Ze was de hele dag bezig met het huishouden. En ’s

avonds viel ze uitgeput op bed. Mama had een aparte slaapkamer. Ze zag mijn ouders nooit bij elkaar zitten, nooit met elkaar praten, behalven als papa iets nodig had.” (Allas, 1998:12) Weereens word daar deur hierdie aanhaling klem gelê op die behoeftes van die man en die vrou se plig binne Islam om haar man te bevredig. Hierdeur word die man ook 'n simbool van onderdrukking en baie klem word gelê op die fisiese krag wat 'n magsfiguur kenmerk: “Papa was nooit thuis en als hij thuis was, was iedereen bang voor hem. Ik ook. Ik was bang voor zijn harde stem[...]” (Allas, 1998:12) Terselfdertyd word baie klem geplaas op die vrou se fisiese tekortkominge wat haar dikwels die slagoffer maak van die manlike karakter en sy fisiese krag. Mans gebruik hul fisiese krag om gesag af te dwing wat hul andersins nie sou toekom nie: “Hij pakte haar bij de haren vast gooide haar op de grond. Ik was machteloos.” (Allas, 1998:15) In beide *Anderkant die stilte* en *Idil, een meisje* is spesifieke genderbeleving dus aan die orde van die dag.

Dit is ironies dat Idil se vader juis opmerk dat almal gelyk behandel behoort te word, terwyl hy self teen vroue diskrimineer op grond van hul gender:

Iedereen is gelijk, je mag niemand onderdrukken voor je eigen behoefte. Ik vergeet nooit wat de blanken ons hebben aangedaan. God zal hen straffen en alles wat niet eerlijk is uit de weg ruimen. Hoorde hij niet wat hij zei. Eerlijkheid begint bij jezelf. Kijk naar hoe hij met zijn eigen gezin omgaat. (Allas, 1998:41)

Idil se vader maak hierdie stelling op grond van sy ervaring ten opsigte van koloniale onderdrukking. Hierdeur word die kwessie van kolonisasie en onderdrukking aangeraak: “Behalve voor het nieuws had hij alleen aandacht voor programma's over kolonialisme, de onderdrukking door het kolonialisme, de martelingen.” (Allas, 1998:16) Die moontlike funksie hiervan kan wees om die leser in staat te stel om ooreenkomste te sien en verbande te trek tussen die wyse waarop koloniseerders die onderdrukte behandel het, en die wyse waarop die manlike karakter die vroue ter sprake behandel. Kolonisasie word dan 'n simbool van magteloosheid. Dit is egter ironies dat Idil se vader

dubbele standarde handhaaf aangesien hy hierdie onregte as gevolg van kolonisasie kan identifiseer, maar steeds vroue as minderwaardig behandel. Dieselfde ironie word aangetref wanneer Idil haar eie kind vermoor. Idil neem die besluit om haar kind te vermoor om haar sodoende te beskerm teen die magismisbruik waarvan sy 'n slagoffer was, tog perpetueer sy dit in 'n sekere sin omdat sy mag in haar eie hande neem en haar eie wil afdwing op iemand wat weerloos is.

5.9 Samevatting

In *Idil, een meisje* dra die biografiese agtergrond van die skrywer en 'n oorsig van Islam by tot 'n meer akkurate weergawe van die behandeling van Moslemvroue binne spesifieke kultuurgroepe. Hierdie behandeling van vroue is nie soseer net geloofsgebonde nie, maar ook kultuurgebonde. Daar is vasgestel dat die oorsteek van fisiese, psigologiese, geloof- en kultuurgrense bydra tot Idil se konstruksie van identiteit. Deur ondersoek in te stel na verlies en verlieshantering is daar bepaal dat die rol van herinnering verder 'n belangrike rol in die vorming van identiteit speel. Daar word in die roman omgegaan met genderkwessies, aangesien sterk klem gelê word op die onderdanige posisie van die vroue binne spesifieke Islamkulture en die mans se magposisies. Die aanwending van migrasie as tema in die roman kan toegeskryf word aan die skrywer se realistiese perspektief op die migrasieproses, te danke aan haar biografiese agtergrond en persoonlike ervarings binne die Moslemgeloof. Die gekose tekste het dus nie slegs geslaagd met die kwessie van migrasie en verplasing omgegaan nie, maar het elk ook 'n unieke blik gewerp op die ervaring van migrasie en verplasing vanuit 'n genderperspektief.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking

Mobiliteit, as 'n moderne tendens het tot gevolg dat migrasie en verplasing meer algemeen aangetref word. Hierdie tendens, en die uitvloeisels daarvan, manifesteer op verskeie wyses en word ook toenemend in letterkundige tekste aangetref. Mobiliteit is die oorkoepelende konsep vir ruimtelike en geografiese verplasing soos migrasie, diaspora en reis, maar kan ook op 'n abstrakte wyse manifesteer deur die verplasing van idees en inligting. Daar is vasgestel dat daar tans geen definitiewe teoretiese raamwerk bestaan waarbinne literatuur ontleed kan word ten opsigte van migrasie en verplasing nie. Derhalwe is 'n teoretiese raamwerk geskep deur uitvloeisels en aspekte van migrasie te ondersoek. Teoretiese konsepte wat verband hou met die oorsteek van grense is geïdentifiseer en omskryf, en die rol van die skrywer as migrant en migranteliteratuur is ook hierby betrek. Verskillende uitvloeisels van migrasie wat bespreek is, sluit *transnasionanisme*, *diaspora*, *ballingskap*, *nomadiese lewe*, *reis*, *kolonialisme* en *postkolonialisme* in. 'n Ondersoek na die term *gender* het 'n raamwerk geskep waarvolgens literêre tekste en die wyse waarop die skrywers met genderkwessie omgaan, ondersoek kan word. *Liminaliteit* en *verlies* is verdere konsepte wat in verband gebring is met die proses van migrasie en verplasing. Ondersoek het getoon dat mobiliteit op verskeie maniere in die literatuur manifesteer, onder andere deur vertalings, transnasionalistiese skrywe, die tematiese aanwending van migrasie en die gebruik van intertekste. Intertekstualiteit impliseer beweging oor en tussen tekste en verteenwoordig sodoende een uitvloeisel van mobiliteit in die literatuur. Spesifieke grense (simbolies sowel as fisies) is geïdentifiseer wat tydens die proses van migrasie en verplasing oorgesteek word. Hierdie grense sluit in: fisiese (geografiese), taal-, kultuur- en geloofsgrense. Selfs die geheue kan as 'n grens geïdentifiseer word aangesien die oorgang tussen die hede en verlede, deur middel van die oproep van herinneringe, as 'n migrasieproses beskou word.

Twee romans wat as migranteliteratuur geklassifiseer is, *De reis van de lege flessen* (Kader Abdolah) en *Idil, een meisje* (Yasmine Allas), en een roman wat tematies met die kwessie van migrasie en verplasing omgaan, *Anderkant die stilte* (André P. Brink), is

as voorbeeldtekste geïdentifiseer wat aan die hand van die teoretiese raamwerk ontleed is om te bepaal tot welke mate uitvloeisels van migrasie en verplasing in hierdie tekste manifesteer.

Ondersoek het getoon dat Kader Abdolah en Yasmine Allas se biografiese agtergrond en persoonlike ervarings as migrante, bydra tot die realistiese perspektief en wyse waarop die romans met die kwessie van migrasie omgaan. Migrasie manifesteer op verskillende wyses in die onderskeie romans. Die gebruik van verskeie intertekste in *Anderkant die stilte* kan gelees word as 'n vorm van verplasing binne die teks. Die gebruik van hierdie intertekste dra direk by tot die beklemtoning van ander temas in die roman, soos die rol van die vrou, identiteitsvorming en verlieshantering. Migrasie word ook tematies aangewend deur die oorsteek van talle geografiese en simboliese grense deur die hoofkarakter Hanna. Die oorsteek van grense in die gekose roman verrig twee funksies: eerstens word die tema van verplasing beklemtoon en tweedens dra dit by tot die vorming van die karakter Hanna se identiteit. Daar is ook vasgestel dat identiteit 'n veranderlike konstruk is wat beïnvloed word deur omstandighede en ruimtes waarin die karakter/s hulle bevind.

Liminale ruimtes en heterotopias gee werklike ruimtelike dimensie aan die onderskeie romans en hierdie vreemde ruimtes word aangewend om die karakters se identiteitsproblematiek te beklemtoon. Identiteitskonstruksie is oor die algemeen nie 'n eenvoudige proses nie, maar wanneer migrasie ter sprake kom, word nuwe uitdagings en probleme ervaar ten opsigte van die migrant se identiteitsvorming. Ondersoek het verder getoon dat migrante dikwels identiteitsproblematiek meer intens ervaar, juis as gevolg van die omstandighede of omgewing waaraan hulle blootgestel word. Die karakters word gekonfronteer met transformasie en staan onder groot druk om by hulle nuwe omgewing in te pas. Daar is ook vasgestel dat die oorsteek van grense in die onderskeie romans gepaardgaan met 'n ervaring van verlies. Die onderskeie soorte verlies wat in die romans geïdentifiseer is, sluit in: liggaamlike verlies (fisiese verlies wat ook skending, trauma en dood insluit), verlies van identiteit en emosionele verlies (emosionele verwydering van geliefdes en kollektiewe identiteit). Daar word op

verskillende wyses deur die onderskeie karakters gepoog om die eiesoortige verlies te verwerk: die rol van die migrant se herinneringe, tesame met die terapeutiese waarde van skryf en stories is in hierdie verband beklemtoon. Die karakters heg enorme waarde aan hulle persoonlike herinneringe en die behoud daarvan. In 'n poging om hierdie herinneringe te behou, wend die karakters hul dikwels tot die skryfproses op dieselfde wyse waarop migrante deur middel van migranteliteratuur hul ervarings neerpen. Die skryfproses word nou vir die migrant terapeuties om sy traumatiese ervarings te verwerk. Migranteliteratuur skep ook vir die voorheen gemarginaliseerde vrou 'n stem of platform vanwaar daar oor die ervaring van migrasie en die gepaardgaande verlies geskryf kan word. Die terapeutiese waarde wat letterkunde vir slagoffers van verlies kan inhou, is ook beklemtoon deur Hanna en Idil se voorliefde vir lees en die rol van sprokies in *Anderkant die stilte*. Daar is ook aangetoon dat die verwerking van verlies en trauma direk verband hou met die definiëring en herdefiniëring van die karakters se identiteit, aangesien emosionele, geestelike en psigiese groei dikwels hiermee gepaardgaan. Die karakter Bolfazl voorkom 'n drempelfiksasie deur sy bereidwilligheid om aan te pas en sy sterk oorlewingsdrang. Idil en Hanna voorkom op hulle beurt so 'n drempelfiksasie deurdat hulle weier om te konformeer ten opsigte van die norme en verwagtinge van die samelewing waarin hulle hul bevind. Bolfazl se vermoë om aan te pas, Hanna se besluit om nie wraak te neem teen Hauptmann Heinrich Böhlke nie, en Idil se besluit om liever haar baba self te vermoor as om haar bloot te stel aan die gebruike binne Islam, dui op die ontwikkeling en uiteindelijke herdefiniëring van die karakters se identiteit. Hanna en Idil bevind hul gelyktydig in 'n mags- en onderdrukte posisie. Hulle word onderdruk (deur die samelewing, mans, hul kultuur en geloof), maar uiteindelik het hulle steeds die mag om 'n besluit te neem oor eie lot. Hierdeur is bewys dat daar altyd 'n element van mag betrokke is waar mobiliteit ter sprake kom: om te reis kan 'n mens bemagtig, maar hy/sy kan ook terselfdertyd ontmagtig word.

Die ervaring van migrasie is vanuit 'n genderperspektief ondersoek, en daar is vasgestel dat dit wel insiggewend is om die ervaring van migrasie vanuit hiërdie fokuspunt te bestudeer, aangesien dit blyk dat daar 'n kombinasie van ooreenstemming én verskil in die genderbeleving van migrante bestaan. In bepaalde opsigte deel die

genders sekere ervaringe en stem hul reaksies ooreen, in ander opsigte is daar ooglopende verskille. Hierdie verskille hang af van die spesifieke geval en konteks. Die deurslaggewende faktor is dus nie altyd gender nie, maar kan ook 'n aspek van geloof of kulturele identiteit wees. Buiten genderverskille wat betref aanpasbaarheid, dra ander faktore ook by tot die genderervaring tydens migrasie. Hierdie faktore sluit onder meer vroue se weerloosheid, liggaamlikheid en geloof in. Genderkwessies word in *Idil, een meisje* op die voorgrond gestel deur die sterk klem wat daar geplaas word op die onderdanige posisie van die vrou binne spesifieke Islamkulture. Die manlike genderbeleving in *De reis van de lege flessen* plaas klem op die rol van herinnering en die verlies aan status wat die manlike migrant ervaar, terwyl genderkwessies in *Anderkant die stilte* en *Idil, een meisje* (waar die hoofkarakters vroulik is) veral aan die hand van liggaamlikheid uitgelig is. Die fokus op vrouekarakters se hantering van verlies het klem geplaas op 'n bykomende dimensie van verlies, omdat die vroulike liggaam dikwels in die proses uitgebuit en selfs geskend word. Die liggaam is ook geïdentifiseer as 'n grens aangesien die liggaam enersyds as 'n tuiste gesien kan word en andersyds selfs 'n tronk wat die individu inhibeer en toegang tot die wêreld daarbuite bemoeilik. Die traumatiese ervarings waaraan Hanna en Idil blootgestel word, laat hulle met fisiese letsels wat veroorsaak dat hulle vreemdelinge of migrante in hulle eie liggame word. Die liggaamlike verliese waaraan Hanna en Idil onderwerp word, dra by tot 'n unieke genderbeleving van migrasie en verplasing. Hierdie stelling baan die weg vir moontlike verdere ontleding van enige vorm van migranteliteratuur of traumanarratiewe vanuit spesifiek 'n genderperspektief. Daar kan ondersoek ingestel word om te bepaal of migrasie wél altyd verlies of trauma veronderstel – soos in die romans wat vir hierdie studie gebruik is – en of dit nie ook soms 'n oorwegend positiewe ervaring kan wees nie. Ook kan gekyk word na gender en magsverhoudings ten opsigte van migrasie.

Bronnelys

Abdolah, K. 1997. De reis van de lege flessen. Amsterdam: De Geus.

Adey, P. 2010. Mobility. London & New York: Routledge.

Ali, A.H. 2010. Nomade. Amsterdam: Augustus.

Allas, Y. 1998. Idil, een meisje. Breda: De Geus.

Allen, G. 2000. Intertextuality: the new critical idiom. London: Routledge.

Allen, T. 2005. Hans Woermann Ocean Liner 1900-1914.

<http://www.wrecksite.eu/wreck.aspx?149715> Date of access: 4 Apr. 2012.

Anoniem. 2001. Soveel tale as wat ek kán. *Die Burger*:6, 22 Maart.

Armstrong, K. 2000. Islam: a short history. London: Weidenfeld and Nicolson.

Atwood, M. 2002. Negotiating with the dead: a writer on writing. Cambridge: Cambridge University Press.

Aucamp, H. 2004. Die beperkte boog van bestaan: gedagtes oor herinneringliteratuur. *Stilet*, 15(2):20-26.

Bachelard, G. 1994. The poetics of space. Translated from the French by Maria Jolas. Boston: Beacon Press.

Baker, A. 2010. Afghan women and the return of the Taliban. *Time*, 9 Aug. p.12-20.

Bal, M., Crewe, J. & Spitzer, L. 1999. Acts of memory: cultural recall in the present. Hanover: Dartmouth College.

Bal, M. 2001. Looking in the art of viewing. International: G+B Arts.

Barry, P. 1995. Beginning theory. Manchester: University Press.

Bartels, E. 2004. Female circumcision among immigrant Muslim communities: public debate in the Netherlands. *Journal of Muslim minority affairs*, 24(2):394-398.

Bauman, Z. 1996. A short history of identity. (In Hall, S. & Du Gay, P., eds. Questions of cultural identity. London: Sage. p. 18-36).

Bekers, E. 2003. Painful entanglements: the international debate on female genital excision in African and African-American literature. *Thamyris/Intersecting*, 11:45-57.

Bell, R. 2005. The murder of Theo van Gogh.

http://www.trutv.com/library/crime/notorius_murders/famous/theo_van_gogh/index.html

Date of access: 8 Aug. 2012.

Bernet, R. 2005. Heimwee en nostalgie. *Tijdschrift voor filosofie*, 67:635-654.

Beukes, M. 1998. André P. Brink – 'n Profiel. (In Van Coller, H.P. Perspektief en profiel. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik. p. 294-328).

Botha, E. 2000. Kenmerke van Brink skrywerskap verkry nuwe lewe. *Beeld*: 23, 29 Aug.

Bothma, M. & Roos, H. 2006. Intertekstuele skakels: die terugreik na 'n Westerse wêreld vanuit 'n Afrika-sentiment in enkele romans van André P. Brink. *Stilet*, 18(1):145-164.

- Brah, A. 1996. *Cartographies of diaspora: contesting identities*. London: Routledge.
- Brand, G. 2007. *Die Afrikaner op soek na 'n diaspora*.
<http://www.oulitnet.co.za/taaldebat/diaspora.asp> Datum van gebruik: 20 Okt. 2007.
- Brink, A.P. 1987. *Vertelkunde: 'n inleiding tot die lees van verhalende tekste*. Pretoria: Academica.
- Brink, A.P. 2002. *Anderkant die stilte*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Brink, A.P. 2008. *Op soek na veronregte vroue*. *Die Burger*: 14, 26 April.
- Brison, S.J. 1999. Trauma narratives and the remaking of the self. (*In* Bal, M., Crewe, J. & Spitzer, L. *Acts of memory: cultural recall in the present*. Hanover: Dartmouth College. p.39-54).
- Brouwers, T. 2007. Kader Abdolah. *Kritischlit.lex*. November.
- Buijs, G. 1993. *Migrant women: crossing boundaries and changing identities*. Oxford: Berg.
- Buijs, A. 2008. Recensie: *Ontheemd en toch thuis*.
<http://www.cos,ox.nl/bestel/ontheemd-en-toch-thuis-yasmine-allas-978902349204> Date of access: 11 Nov. 2008.
- Buikema, R. & Meijer, M. 2006. *Cultuur en migratie in Nederland: kunsten in beweging (II) 1980-2000*. Den Haag: SDU.
- Burger, W. 2004. *Fiksie en identiteitskonstruksie: 'n beskouing van selfnarratiewe*. Ongepubliseerde verhandeling. Randse Universiteit. Johannesburg.

- Butler, J. 2011. *Bodies that matter: on the discursive limits of "sex"*. London: Routledge.
- Carter, P. 1992. *Living in a new country: history, travelling and language*. London: Faber & Faber.
- Chailand, G. & Rageau, J. 1997. *The penguin atlas of diasporas*. New York: Penguin.
- Chambers, R. 1991. (In Worton, M & Still, J., eds. *Intertextuality: theories and practices*. Manchester: Manchester University Press. p. 143-158).
- Chow, R. 2000. Conclusion: memory, location and the body motions of duration. (In Fortier, A. *Migrant belongings: memory, space, identity*. Oxford: Berg. p.157).
- Cirlot, J.E. 1981. *A dictionary of symbols*. 2nd ed. Londen: Routledge & Kegan Paul.
- Clifford, J. 1997. *Routes: travel and translation in the late twentieth century*. Cambridge: Harvard University Press.
- Coetzee, A. 2000. *'n Hele os vir 'n ou broodmes: grond en die plaasnarratief sedert 1595*. Pretoria: Van Schaik.
- De Vries, A.H. 2003. *Die mond is nie geheim nie: Abraham H de Vries en Herman Wasserman in gesprek oor kortverhale, verwondering en skrywerskap*. <http://www.litnet.co.za/mond/gesprek.asp> Datum van gebruik: 10 Apr. 2012.
- Duby, G. 1991. *France in the middle ages: 987 – 1460*. Oxford: Blackwell.
- Durham Peters, J. 1999. Exile, nomadism and diaspora. (In Naficy, H. *Home, exile, homeland: film, media and the politics of place*. New York: Routledge. p.17-41).

Eliot, G. 1973. *Middlemarch/George Eliot: introduction and notes by Robert Speaight*. London: Pan Books.

Els, F. 2000. Bittereinder Brink. *Rooi Rose*, 30 Aug. p.12-17.

Ester, H., Van der Merwe, C.N. & Mulder, E. 2012. *Woordeloos tot verhaal: trauma en narratief in Nederlands en Afrikaans*. Stellenbosch: Sun Media.

Fearon, J.D. 1999. *What is Identity: as we now use the word?* Stanford: Stanford University.

Fletcher, E. 1997. *Clever queen, foolish king*.

<http://www.womeninthebible.net/1.14.Esther.htm> Date of access: 10 Apr. 2012.

Fortier, A. 2000. *Migrant belongings: memory, space, identity*. Oxford: Berg.

Foster, R. & Viljoen, L. 1997. *Poskaarte. Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Foster, R. 2008. Migrante of verplasingspoësie in Nederlands en Afrikaans, met spesifieke verwysing na gedigte van Mustafa Stitou en Sydda Essop. *Tydskrif vir Nederlands & Afrikaans*, 14(2):57-86.

Foucault, M. 1967. *Of other spaces, heterotopias*.

<http://www.foucault.info/documents/heteroTopia/foucault.heteroTopia.en.html> Date of access: 10 May 2012.

Fowler, C., Hall, W. & Weber, L. 2006. *Sosiale wetenskappe deur kwessies*. Pretoria: Clever Books.

Gauntlett, D. 2008. *Media, gender and identity*. London: Routledge.

Genette, G. 1987. *Paratexts*. Cambridge: Cambridge University Press.

Gilroy, P. 1997. Diaspora and the detours of identity. (*In* Woodward, K. *Identity and difference*. London: Sage. p.301-340).

Grosz, E. 1994. *Volatile bodies: toward corporeal feminism*. Indianapolis: University Press.

Grosz, E. 1995. *Space, time and perversion: essays on the politics of bodies*. New York: Routledge.

Gupta, A. & Ferguson, J. 1992. Beyond culture: space identity and the politics of difference. *Cultural Anthropology*, 7(1):6-23.

Hall, S. & Du Gay, P. 1996. *Questions of cultural identity*. London: Sage.

Hambidge, J. 2002. Anderkant die stilte praat ons gelukkig weer. *Rapport*: 28, 13 Okt.

Hannam, K., Shelley, M. & Urry, J. 2006. Editorial: mobilities, immobilities and moorings. *Mobilities*, 1(1):1-22.

Hashim, R.S. & Manaf, N.F.A. 2009. Notions of home for diasporic Muslim women writers. *European journal of social sciences*, 9(4):545-556.

HAT: Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. 2004. 4de uitg. Johannesburg: Perskor.

Hellemans, F. 2000. Op adem komen dankzij Kader Abdolah: De naïeve vertelkracht van een Nieuwe Nederlander. *Ons Erfdeel*, 43:752-753.

http://www.dbnl.org/tekst/_ons003200001_01/_ons003200001_01_0168.php Datum van gebruik: 8 Aug. 2012.

Hilditch, A.N. 1915. *Battle sketches:1914-1915*. Oxford: Clarendon Press.

Hoving, I. 2002. Remaining where you are: Kinciad and Glissant on space and knowledge. *Thamyris/Intersecting*, 9:125-140.

Hubbard, P. 2006. *City*. Routledge: London & New York.

Israel, N. 2000. *Outlandish: writing between exile and diaspora*. California: Stanford University Press.

Kannemeyer, J.C. 2005. *Die Afrikaanse literatuur: 1652-2005*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Kaplan, C. 2003. Transporting the subject: technologies of mobility and location in an era of globalization. (In Ahmed, S., Casranede, C., Fortier, A. & Sheller, M., eds. *Uprootings/Regroundings: questions of home and migration*. Oxford: Berg. p.207-223).

Karam, B. 2004. *A short course in film theory, criticism and appreciation*. Pretoria: Unisa.

King, R., Conell, J. & White, P. 1995. *Writing across worlds: literature and migration*. Routledge: New York.

Knight, D. 1997. *Bathes and utopia. Space, travel, writing*. Oxford: Clarendon Press.

Kübler-Ross, E. 1997. *On death and dying*. New York:Scribner.

Lambrechts, S.M. & Van Coller, H. 2010. 'n Intertekstuele gesprek tussen Paravion van Hafid Bouazz, 'n Duisend-en-een-nagteen idilles 2, 14 en 15 van Theokritos. *Stilet*, 31(1):113-129.

Levinson, O. 1961. *The ageless land*. Cape Town: Tafelberg.

Lindenberg, A. 1998. (In Van Coller, H.P. 1998. *Perspektief en profiel*. Deel 1. Pretoria: J.L. van Schaik. p.294-328).

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 2003. *Sielkunde: 'n Inleiding vir studente in Suider-Afrika*. Johannesburg: Heinemann.

Luckhurst, R. 2008. *The trauma question*. London: Routledge.

Maaïke, M. 2003. Boekverslag Yasmine Allas: Idil, een meisje.
<http://www.scholieren.com/boekverslagen/12673> Datum van gebruik: 4 Nov. 2008.

Malan, R. 1992. Intertekstualiteit. (In Cloete, T.T., red. *Literêre terme en teorieë*. Pretoria: HAUM Literêr. p.187-189).

Malan, M. 2012. Brink se antwoord op kritiek: 'Philida'. *Rapport*: 14, 28 Jul.

Mbiti, J.S. 1999. *African religions and philosophy*. Nairobi: East African Educational Publishers.

Mitchell, J. 2002. Painful parable of a powerless woman. *Star*: 17, 12 Sep.

Mulder, J. 2006. De wereld is voor Allah en de meisjes.
<http://www.recensieweb.nl/recensie/1805/De+wereld+is+voor+Allah+en+de+meisjes.html> Datum van gebruik: 10 Jul. 2012.

Naficy, H. 1999. Home, exile, homeland: film, media and the politics of place. New York: Routledge.

Nel, A. 2007. Spore van migrasie en verlies in Krzysztof Kieślowski se *Three colours trilogy*. *Literator*, 28(2):1-20.

Nel, A. 2009. Sewe *M-bleme* vir Marlene (van Niekerk) en Marlene (Dumas): 'n metatekstuele lesing van *Memorandum: 'n verhaal met skilderye*. *Litnet Akademies*, 6(3):110-132.

Niewoudt, S. 2002. Hanna maak dié boek anders. *Naweek-Beeld Plus*: 4, 19 Okt.

Oxford advanced learner's dictionary of current English. 2005. 7th ed. Oxford: Oxford University Press.

Pallasmaa, J. 2008. Existential homelessness – placelessness and nostalgia in the age of mobility. (In Bergmann, S. & Sager, T., eds. *The ethnics of mobilities: rethinking place, exclusion, freedom and environment*. Hampshire: Ashgate. p.143-156).

Pinkola Estés, C. 1988. *Women who run with the wolves: myths and stories of the wild woman archetype*. London: Rider.

Polk, W.R. 2009. *Understanding Iran: everything you need to know, from Persia to the Islamic Republic, from Cyrus to Ahmandinejad*. New York: Palgrave Macmillan.

Ponzanesi, S. & Merolla, D. 2005. *Migrant cartographies: New cultural and literary spaces in Post-colonial Europe*. New York: Lexington Books.

Prono, L. 2009. *Contemporary writers: André Brink*.
www.contemporarywriters.com/authorsDate of access: 12 Aug. 2010.

Roald, A.S. 2005. Who are the Muslims? Questions of identity, gender and vulture in research methodologies. (In King, U. & Beattie, T. 2005. Gender, religion and diversity: Cross cultural perspectives. London: Continuum. p.179-189).

Roodt, D. 2002. Brink dit stink! Ons moes eerder dié kant van die stilte gebly het. *Naweek-Beeld*: 5, 5 Okt.

Roodt, D. 2004. Brink se hatige strydskrifte. <http://www.praag.org/opstelle69.html>
Datum van gebruik: 12 Aug. 2010.

Roos, H. 2006. Die Afrikaanse prosa 1997 tot 2002. (In Van Coller, H.C., red. Perspektief en profiel. Deel 3. Kaapstad: J.L. van Schaik. p.43-103).

Rushdie, S. 1991. Imaginary homelands. London: Granta Books.

Said, E.W. 2002. Reflections on exile and other essays. Cambridge: Harvard University Press.

Samers, M. 2010. Migration. London: Routledge.

Sarkin, J. 2010. Germany's genocide of the Herero. Cape Town: UCT Press.

Schimanski, J. 2006. Crossing and reading: notes towards a theory and a method. *Norlit*, 19:41-63.

Schimanski, J. & Wolfe, S. 2007. Border poetics de-limited. Hannover: Wehrhahn Verlag.

Schwartz-Salant, N. & Stein, M., eds. 1991. Liminality and transnational phenomena. Wilmette: Chiron.

Sedgwick, A.G. 1873. Middlemarch, by George Eliot: a review by Arthur George Sedgwick. <http://www.theatlantic.com/past/docs/unbound/classrev/middlema.htm> Date of access: 5 Apr. 2012.

Seyffert, M.C.A. 1992. Reisverhaal. (*In* Cloete, T.T., *red.* Literêre terme & teorieë. Bloemfontein: Haum Literêr. p.421-423).

Seyhan, A. 2001. Writing outside the nation. Princeton: Princeton University Press.

Shabot, S. 2007. The grotesque body: fleshing out the subject. *Thamyris/Intersecting*, 15:57-68.

Sheller, M. 2008. Mobility, freedom and place. (*In* Bergmann, S. & Sager, T., *eds.* The ethnics of mobilities: rethinking place, exclusion, freedom and environment. Hampshire: Ashgate. p.25-28).

Short, J.R. 2001. The urban order: an introduction to cities, culture, and power. Oxford: Blackwell Publishers.

Smith, K. 2004. The emptiness of zero: representations of loss, absence, anxiety and desire in the late twentieth century. *Critical Quarterly*, 46(1):40-59.

Snyman, J. 1999. N.P. van Wyk Louw, die projek van die moderne en kuns. *Fragmente: Tydskrif vir filosofie en kultuurkritiek*, 4:54.

Sobchack, V. 1999. Is any body home? Embodied imagination and visible evictions. (*In* Naficy, H., *ed.* Home, exile, homeland: film, media and the politics of place. New York: Routledge. p.45-61).

- Sobchack, V. 2004. *Carnal thoughts: embodiment and moving image culture*. Berkeley: University of California Press.
- Stanford Friedman, S. 1996. Beyond gynocriticism and gynesis: the geographics of identity in the future of feminist criticism. *Tulsa studies in women's literature*, 15(1). <http://www.jstor.org/stable/463970> Date of access: 31 Jan. 2011.
- Steenberg, E. 1987. *Fantasie en die kinderboek: 'n kernhandleiding*. Pretoria: HAUM Literêr.
- Sweetman, C. 1998. *Gender and migration*. Oxford: Oxfam.
- Taljord, M.E. 2002. Herkoms en identiteit in *Die swye van Mario Salviati* en *De naam van de vader*. Potchefstroom: NWU. (Verhandeling–M.A.).
- Tawardros, G. 2004. *Changing states: contemporary art and ideas in an era of globalisation*. London: Institute of international visual arts.
- Tresidder, J. 2008. *The Watkins dictionary of symbols*. London: Watkins Publishing.
- Urry, J. 2007. *Mobilities*. Cambridge: Polity Press.
- Valocci, S. 2005. Not yet queer enough: the lessons of queer theory for the Sociology of gender and sexuality. *Gender and Society*, 19(6):750-770.
- Van Alphen, E. 1999. Symptoms of discursivity: experience, memory and trauma. (In Bal, M., Crewe, J. & Spitzer, L., eds. *Acts of memory: cultural recall in the present*. Hanover: Dartmouth College. p.24-52).
- Van Alphen, E. 2002. Imagined homelands: remapping cultural identity. *Thamyris/Intersecting*, 9:53-70.

Van Alphen, E. 2007. *Art in mind: how contemporary images shape thought*. Chicago: The University of Chicago Press.

Van Bork, G.J. 2001. Abdolah, Kader. *Schrijvers en dichters*.
http://www.dbnl.org/tekst/bork001schr01_01?bork001schr01_01_0004.php Datum van gebruik: 8 Aug. 2012.

Van Coller, H.P. 2005. Anderkant die stilte (André P. Brink) en die verwerking van trauma. *Tydskrif vir die Letterkunde*, 42(1):117-133.

Van den Berg, F. 2006. Recensie: De derde feministiese golf (Dirk Verhofstadt).
<http://www.liberales.be/be/boeken/derdegolf> Datum van gebruik: 10 Jul. 2012.

Van der Merwe, C.N. & Viljoen, H. 1998. *Alkant Olifant*. Pretoria: Van Schaik.

Van der Merwe, C. 2007. 'n Terapeutiese perspektief op Etienne van Heerden se *In stede van die liefde*(2005). *Stilet*, 14(1):103-114.

Van Heerden, E. 1994. *Vanuit eie werk: die skrywer as historiograaf*. Pretoria: V & R Drukkery.

Van Niekerk, A. 2012. Om tot verhaal te kom. *Rapport*: 5, 5 Aug.

Van Rensburg, C. 2012. Pik-pik rondom ons 'pakhuis vol trauma'. *Beeld*: 9, 27 Aug.

Van Zyl, D. 2010. Identiteit en landskap in Raka die roman (Koos Kombuis) en Asbesmiddag (Etienne van Heerden). *Stilet*, 21(1):43-61.

Venter, L.S. 1992. Ruimte. (In Cloete, T.T., red. *Literêre terme & teorieë*. Bloemfontein: Haum Literêr. p.453-455).

Viljoen, H. & Du Pisani, K. 1999. Trauma en identiteit. *Literator*, 20(3):1-8.

Viljoen, H. & Van der Merwe, C.H. 2007. Beyond the threshold: explorations of liminality in literature. New York: Peter Lang.

Viljoen, L. 1996. Postcolonialism and recent women's writing in Afrikaans. *World Literature Today*, 70(1):63-72.

Viljoen, L. 1998. Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans. *Stilet*, 5(1):73-80.

Viljoen, L. 2003. Die digter as reisiger: twee gedigsiklusse van Leipoldt en Krog. *Stilet*, 15(1):80-100.

Waines, D. 2003. An introduction to Islam. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

Warhol-Down, R. 2008. Jasmine reconsidered: Narrative discourse and multicultural subjectivity. *Contemporary women's writing*, 2(1):1-16.

Waskul, D. & Vannin, P. 2006. Body/Embodiment: symbolic Interaction and the Sociology of the body. Hampshire: Ashgate.

Wasserman, H. 2001. Bevryding en beklemming: Postkoloniale distopie en identiteit in enkele resente Afrikaanse tekste. *Stilet*, 8(1):69-87.

Wasserman, H. 2006. Om hergeboorte te verbeeld: 'n Postkoloniale beskouing van migrasie, kultuur en identiteit. <http://www.litnet.co.za/seminaar/40wasserman.asp>
Datum van gebruik: 24 Mei 2008.

WAT: Woordeboek van die Afrikaanse taal. 1996. 10de deel. Stellenbosch: Buro van die WAT.

Wenzel, M. 2008. Transformation of ordinary places into imaginative spaces in Zakes Mda's writing. (In De Lange, A., Fincham, G., Hawthorne, J. & Lothe, A., eds. *Literary landscapes: from Modernism to Postcolonialism*. New York: Palgrave Macmillan. p.143-160).

White, P. 1995. Geography, literature and migrations. (In King, R., Connell, J. & White, P., eds. *Writing across worlds: literature and migration*. London: Routledge. p.1-19).

Woodward, K. 1997. *Identity and difference*. London: Sage.

World Health Organization. 2012. Gender, women and health.
<http://www.who.int/gender/whatisgender/en/> Date of access: 15 Oct. 2012.

Zabus, C. 2003. Acquiring body: Waris Dirie, infibulation, and new African female self-writing. (In *Africa and its significant others. Thamyris/Intersecting*, 11:61-76).